




1977012850 01



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

197701285001220000018



197701285001220000018

AFWYKENDE GEDRAG BINNE DIE TEORETIESE
RAAMWERK VAN SIMBOLIESE INTERAKSIONISME.
'N KRITIESE EVALUERING

GERHARDT WILLEM DE KLERK

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir
die graad Magister Artium in die Fakulteit
Lettere en Wysbegeerte, departement
Sosiologie, aan die Universiteit van die
Oranje-Vrystaat

Januarie 1977

STUDIELEIER:

Dr. H.C.J. van Rensburg

IN GEWAARDEERDE ERKENTLIKHEID OPGEDRA AAN MY OUIERS

VOORWOORD

By voltooiing van hierdie verhandeling betuig ek graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone:

My kollegas in die departement Sosiologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir hul bydrae tot my intellektuele ontwikkeling

My skoonmoeder, mev. O. van Schalkwyk, vir die netjiese wyse waarop sy die tikwerk gedoen het

Mev. G.J.C. du Toit, vir die taalkundige versorging van die verhandeling

In besonder my opregte dank aan my studieleier Dr. H.C.J. van Rensburg, vir die voorbeeld wat hy stel as toegewyde akademikus asook vir gewaardeerde aanmoediging en bekwame leiding

Aan my vrou, Maxie, wat besonder geduldig was, altyd bereid was om op te offer en my deurgaans bemoedig het - baie dankie

In nederige erkentlikheid bring ek aan God die dank en eer vir alles aan my verleen ter voltooiing van hierdie studie

Die Skrywer

I N H O U D S O P G A W E

VOORWOORD

INLEIDING

Terreinafbakening	ix
Keuse van die Onderwerp	ix
Doel van die Studie	x
Metode van Navorsing	xi
Probleme ten opsigte van die Verwerking, Aanbieding en Interpretasie van die Stof	xi
Aanbieding en Indeling van die Stof	xii

HOOFSTUK I - DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME AS
TEORETIESE RAAMWERK VIR DIE ETIKET-
TERINGSBENADERING

PERSPEKTIEF OP DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME	1
Die Basiese Uitgangspunt van die Simboliese Interaksionisme	1
Die Breë Konsepsuele Raamwerk van die Simboliese Interaksionisme	3
ORIËNTASIE TOT DIE ETIKETTERINGSBENADERING	12

HOOFSTUK II - DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE
GEDRAG: Edwin M. Lemert

BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG	21
Die Algemene Aard van Afwykende Gedrag	21
Die Verskillende Aspekte van Afwykende Gedrag	23
Tipes Afwykende Gedrag	25
Primêre en Sekondêre Afwyking	27

DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD	29
Reaksies van Ander	30
Sosioptiese Individueasie	32
Sosiale Kontrole	42
SAMEVATTING EN KOMMENTAAR	44
Begrip - Afwykende Gedrag	44
Die Proses van Afwykend-word	47
Lemert as Simboliese Interaksionis	48
HOOFSTUK III - DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AF- WYKENDE GEDRAG: Howard S. Becker	
BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG	53
Die Algemene Aard van Afwykende Gedrag	53
Tipologie van Afwykende Gedrag	55
DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD	57
Afwykende Loopbane	58
SAMEVATTING EN KOMMENTAAR	64
Begrip - Afwykende Gedrag	64
Die Proses van Afwykend-word	70
Becker as Simboliese Interaksionis	71
HOOFSTUK IV - DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AF- WYKENDE GEDRAG: David Matza	
BEGRIP AFWYKENDE GEDRAG	75

DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD	75
Aanduiding	76
Verbanning	78
Apprehensie	83
SAMEVATTING EN KOMMENTAAR	91
Begrip - Afwykende Gedrag	91
Die Proses van Afwykend-word	94
Matza as Simboliese Interaksionis	95
HOOFSTUK V - DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AF- WYKENDE GEDRAG: Edwin M. Schur, Kai T. Erikson en John I. Kitsuse	
EDWIN M. SCHUR	98
KAI T. ERIKSON	101
JOHN I. KITSUSE	104
KOMMENTAAR	105
Begrip - Afwykende Gedrag	105
Schur, Erikson en Kitsuse as Simboliese Interaksioniste	107
HOOFSTUK VI - 'N GLOBALE EVALUERING VAN DIE ETIKET- TERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE GEDRAG	
ABSTRAKSIE VAN OOREENKOMSTE EN VERSKILLE	110
KRITIEK	115

BYDRAES 129

GEVOLGTREKKING 133

GERAADPLEEGDE BRONNE

INLEIDING

Alhoewel klassieke werke in die Sosiologie, soos Durkheim se studie van selfmoord en Thomas se studie van ongehude moeders, basies afwykende gedrag as tema gehad het, en inderdaad 'n veelbelowende aanloop tot die sosiologiese bestudering van afwykende gedrag was, is die Sosiologie van Afwykende Gedrag 'n relatiewe jong toevoeging tot die studieterrein van die Sosiologie. Die belowende oorsprong wat die Sosiologie van Afwykende Gedrag in die werke van hierdie klassieke denkers gehad het, het grotendeels verlore geraak as gevolg van latere denkers se oorkonsentrasie op die bestudering van kriminele oortreders en jeugmisdadigers - wat die terrein van die Kriminologie geword het - ook as gevolg van die hervormingsinslag wat hul werke gekenmerk het. Gedurende die afgelope aantal jare het die situasie egter baie verander deurdat sosioloë in toenemende mate ook aan ander tipes afwykende gedrag aandag bestee het, en in hul bestudering daarvan 'n meer objektief-wetenskaplike werkswyse en oriëntasie geopenbaar het. Deesdae staan die Sosiologie van Afwykende Gedrag midde in die Sosiologie, en word dit algemeen as 'n gevestigde spesialiseringsterrein in die Sosiologie erken, soos die oorweldigende toestroming van literatuur en die insluiting daarvan in universiteits-leerplanne getuig. Kenmerkend van die oorgrote meerderheid van verskynsels wat deur sosioloë bestudeer word, word ook ten opsigte van die verskynsels van sosiale afwyking verskeie teoretiese benaderings of raamwerke aangewend in 'n poging om die verskynsel beter te kan begryp en ook te kan verklaar. Te midde van die meer bekende teoretiese raamwerke, het die simbolies-interaksionistiese benadering in die jongste tyd prominent as sodanige pogings tot begrip en verklaring na vore getree. Hierdie besondere benadering, wat algemeen as die etiketteringsbenadering ("labeling approach") bekend staan, verkry tans nie alleen die aandag van entoesiastiese voorstanders nie, maar ook van meer versigtige ondersoekers en selfs van heftige kritici.

Terreinafbakening

Die uitsluitlike fokuspunt van hierdie verhandeling is dan ook om die etiketteringsbenadering aan sistematiese analise en evaluering te onderwerp om langs hierdie weg die benadering se siening aangaande afwykende gedrag duidelik na vore te bring. In 'n poging hiertoe word 'n paar denkers se gedagtes te wete die van Edwin M. Lemert, Howard S. Becker, David Matza, Edwin M. Schur, Kai T. Erikson en John I. Kitsuse bespreek en ontleed. Die betrokke denkers is vir die doel uitgesonder vanweë die feit dat hulle in vakliteratuur die mees prominente denkers in die simbolies-interaksionistiese tradisie van afwykende gedrag blyk te wees. Nie alleen sou veral Lemert en Becker as die grondleggers van die benadering beskou kon word nie, maar gee hulle, tesame met die ander denkers wat bespreek word, die gedagtes van die etiketteringsbenadering ten volle weer. Alhoewel al hierdie denkers se sienswyse aangaande afwykende gedrag ontleed word, word slegs gedetailleerde aandag verleen aan Lemert, Becker en Matza se uiteensettings van die proses van afwykend-word, aangesien hulle eksplisiet en redelik in detail aandag gee aan hierdie proses terwyl die ander onderhawige denkers hierdie proses nie in die besonder bespreek nie. Die skrywer is dus van mening dat die ontleding en evaluering van hierdie betrokke denkers 'n globale en voldoende beeld van die simbolies-interaksionistiese sienswyse aangaande afwykende gedrag gee.

Keuse van die Onderwerp

Heelwat faktore het meegewerk tot die keuse van hierdie betrokke onderwerp: Die feit dat afwykende gedrag as onderwerp gekies is, spruit enersyds uit die skrywer se belangstelling in en vorige beroepservaring met "afwykende" persone en 'n wetenskaplike nuuskierigheid na die komplekse verskynsel van menslike afwyking. Die skrywer se belangstelling in en liefde vir die sosiologiese teorie is die rede waarom die keuse op die teoretiese hantering van afwykende gedrag geval het.

Die simbolies-interaksionistiese benadering is vir aandag uitgesonder vanweë die uitdaging wat dit as relatief jong benadering ten opsigte van die verklaring van sosiale, afwyking bied. Terselfdertyd het die inhoudelike aard van die Simboliese Interaksionisme in die algemeen en die moontlikhede wat dit na die skrywer se mening vir die verklaring van menslike gedrag inhou, as verdere stimulus in hierdie verband gedien. Dit beteken egter nie dat die skrywer noodwendig 'n "aanhanger" van die Simboliese Interaksionisme is nie. Slegs dat daar 'n begeerte is om die moontlikhede van die benadering uit te lig en self te eksploiteer.

Doel van die Studie

Behalwe die meer persoonlike doel, naamlik die verkryging van 'n verdere akademiese kwalifikasie en die bevrediging van 'n studiebehoefte en -aspirasie, sou die volgende meer algemene doelstelling onderskei kon word: Om 'n bydrae te lewer tot die Sosiologie van Afwykende Gedrag deur die sistematiese ontleding, evaluering en gepaardgaande toeligting van 'n besondere benadering - in hierdie geval die etiketteringsbenadering - tot afwykende gedrag. Hieruit spruit ook meer gedifferensieerde doelstellings. Naamlik om sekere sentrale gedagtes van die etiketteringsbenadering te sistematiseer en sodoende orde te bring in 'n betreklik fragmentariese en ongesistematiseerde benadering. Ook om die kritiek teen en bydrae van die benadering te sistematiseer en in een geskrif bymekaar te bring ten einde ook evaluerende kommentaar daarop te lewer. Op hierdie wyse word dan gepoog om die benadering globaal en as eenheid aan te bied sodat nie alleen die perspektief en inhoud daarvan toegelig word nie, maar ook die moontlikhede en tekortkominge daarvan.

Metode van Navorsing

As wetenskaplike studie in teoreties-analitiese en teoreties-sistematiese sin, is voortdurend gepoog om die hoogs moontlike wetenskaplikheid in die studie na te streef. Sodoende is ten opsigte van beide die keuse van die denkers wat behandel word sowel as ten opsigte van die hantering van die inhoud van hulle werke gestreef na optimale objektiwiteit. Vir die doel van hierdie studie is van bestaande en beskikbare literatuur gebruik gemaak. As teoretiese studie is die werkswyse wat in hierdie verhandeling gevolg is dus beperk tot intensiewe teoretiese en dokumentêre studie, beredenering en evaluering.

Probleme ten opsigte van die Verwerking, Aanbieding en Interpretasie van die Stof.

In 'n studie van hierdie aard, waar 'n bepaalde sosiologies-teoretiese raamwerk op 'n spesifieke verskynsel van toepassing gemaak word, ondervind die navorser gewoonlik die probleem om die teoretiese raamwerk as sodanig bondig en tersaaklike aan te bied en terselfdertyd bedag daarop te wees om nie die kerngedagtes te laat verlore raak nie. Dié probleem is dan ook ten opsigte van hierdie studie ondervind. Wat dit egter hier vererger het, is die feit dat die Simboliese Interaksionisme nie so 'n eenvormige en duidelik-geformuleerde teoretiese raamwerk is nie. In 'n poging om hierdie probleem te oorkom, is slegs aandag verleen aan die basiese grondbeginsels en breë konsepsuele raamwerk van die Simboliese Interaksionisme soos dit in die belang van hierdie studie beskou is, en soos verkry uit 'n literatuurstudie van belangrike eksponente en ander skrywers. Die eerste hoofstuk van die verhandeling kan dus nie as 'n volledige uiteensetting van die Simboliese Interaksionisme beskou word nie, maar is slegs 'n breë en tersaaklike uiteensetting van hierdie teoretiese benadering.

Die relatiewe gebrek aan duidelike en suiwere konsepte by die etiketteringsbenadering, asook die feit dat daar geen eenvormigheid in konsepte voorkom nie, het die begrip van veral sekere raamwerke wat aangebied word onnodig bemoeilik en ook die sistematiese aanbieding daarvan en die uitlig van belangrike en kerngedagtes problematies gemaak.

Die Aanbieding en Indeling van die Stof

Soos reeds gestel beoog hierdie studie om 'n sistematiese, analitiese en evaluerende soeklig op die simbolies-interaksionistiese benadering tot afwykende gedrag te laat val. Ten einde reg aan hierdie doel te laat geskied, is die stof in hoofstukke ingedeel en op die volgende wyse aangebied:

Hoofstuk I: Hierdie hoofstuk word in twee gedeeltes aangebied en bied 'n breë teoretiese agtergrond vir die daaropvolgende hoofstukke. In die eerste gedeelte word die Simboliese Interaksionisme as 'n teoretiese raamwerk vir die ontleding van menslike gedrag op bondige wyse gestel met die uitsluitlike doel om as agtergrond vir latere bespreking en ontleding van die etiketteringsbenadering te dien. Deurdat so 'n beperkte doel vir hierdie gedeelte van die hoofstuk gestel word, is slegs enkele breë grondbeginsels van die benadering uitgelig en ook tersaaklike gedagtes in die vorm van 'n kortlikse konsepsuele raamwerk weergegee. In die tweede gedeelte van die hoofstuk word, met die voorafgaande gedeelte in gedagte, 'n breë oriëntasie tot die etiketteringsbenadering gegee deur die belangrikste beginsels van die benadering aan te dui.

Hoofstukke II, III en IV: In hierdie drie hoofstukke word onderskeidelik die sienswyse van E. Lemert, H.S. Becker en D. Matza aangaande afwykende gedrag aangebied, ontleed en ge-evalueer. Elk van die hoofstukke, dit wil sê die werk van elke eksponent, word weer in drie gedeeltes aangebied. In die eerste gedeelte word die spesifieke denker se begrip van afwykende gedrag aangetoon. In die tweede gedeelte word hul sienswyse aangaande die proses van afwykend-word bespreek,

en, laastens is daar 'n kort samevatting van die eerste twee gedeeltes asook 'n evaluering van die betrokke denkers se opvatting. Ook word in hierdie laaste gedeelte die simbolies-interaksionistiese momente in denkers se werke pertinent uitgewys.

Hoofstuk V: In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk word drie verdere eksponente van die etiketteringsbenadering, naamlik E. Schur, K. Erikson en J.Kitsuse se begrippe van afwykende gedrag gestel en ontleed. Die tweede gedeelte word gewy aan 'n samevatting en vergelyking van hul sienswyse. Geen pertinente aandag word egter aan hul beskouings oor die proses van afwykend-word bestee nie omdat hulle self geen pertinente raamwerk daaromtrent gee nie.

Hoofstuk VI: Die laaste hoofstuk word gewy aan 'n globale evaluering van die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag. Dit word gedoen deur eerstens die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie denkers se beskouinge aan te toon; tweedens, die kritiek teen die benadering in die geheel in detail te behandel; derdens, die bydrae van die etiketteringsbenadering weer te gee en vierdens, die moontlikhede van die benadering van afwykende gedrag aan te dui.

HOOFSTUK I

DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME AS TEORETIESE RAAMWERK VIR DIE ETIKETTERINGSBENADERING

Die doel van hierdie eerste hoofstuk is van tweërlei aard:

- (i) Om die algemene aard en breë konsepsuele raamwerk van die Simboliese Interaksionisme bondig weer te gee met klem op daardie momente wat volgens literatuurstudie vir die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag relevant blyk te wees.
- (ii) Om meer spesifiek die verwantskap van die etiketteringsbenadering met die Simboliese Interaksionisme aan te toon deur veral klem te lê op die wyse waarop en die wêre waarlangs hierdie simbolies-interaksionistiese perspektief as voedingsbron en ook as breë teoretiese hinterland vir die etiketteringsbenadering dien.

Dit op sigself dien dan as agtergrond en aanloop tot die vollediger behandeling van afwykende gedrag binne die raamwerk van hierdie simbolies-interaksionistiese-verwante etiketteringsbenadering.

A. PERSPEKTIEF OP DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME

1. DIE BASIESE UITGANGSPUNT VAN DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME

As eertste belangrike en grondliggende uitgangspunt van die Simboliese Interaksionisme dien die beginsel dat die individu en die samelewing nie onafhaklik van mekaar begryp kan word nie. Vir die volkome begrip van die samelewing is die volkome begrip van die individu of mens noodsaaklik, terwyl die omgekeerde in dieselfde mate geld. Hierdie noue verbintenis tussen die samelewing en individu is nie 'n eensydige deterministiese verbintenis nie. Die samelewing kan alleen begryp word in terme van die individue

waaruit dit bestaan, en individue kan weer slegs begryp word in terme van die samelewing waarvan hulle lede is.¹⁾ Ten opsigte van die individu-samelewingsverhouding sê Meltzer op insiggewende wyse die volgende: "Humans are both determined and determiners. Thus, there is a tendency in interactionism to relegate the role of the social order to that of co-determination, i.e. the social order is considered no more important than the individual, who often creates the influences that are felt within the context of his/her social environment. Since much of the environment's influence is experienced in the form of social meanings, and meanings are learned by individuals in social interaction, behavior is constructed and circular, not predetermined and released".²⁾

Volgens die Simboliese Interaksionisme geniet nóg die samelewing nóg die individu prioriteit in die verhouding tussen hierdie twee komponente. Individue word gevorm in en deur die samelewing, maar aan die anderkant speel die individue ook 'n noodsaaklik rol om die samelewing te maak wat dit is. Dit is juis skeppende, menslike, individuele handeling wat aan die samelewing 'n besondere aard en karakter gee. Soos Roca³⁾ tereg opmerk, verbind die Simboliese Interaksionisme die samelewing en individu en menslike verhoudings op so 'n wyse dat die Sosiologie nie van die Sosiale Psigologie geskei kan word nie.

'n Verdere basiese uitgangspunt wat deur simboliese interaksioniste onderskryf word, raak die aard van die mens of dan die menslike natuur. Volgens hulle is die menslike aard 'n groepsaard; dit wil sê die menslike aard of natuur ontstaan sosiaal of in interaksie. Hierdie standpunt spruit voort uit die sienswyse van die pragmatiese filosofie dat die menslike mentaliteit nie 'n sinistêre struktuur of orgaan is wat verantwoordelik is vir menslike handeling nie. Die teenoorgestelde is eerder waar, naamlik dat die menslike mentaliteit ontstaan uit of as gevolg van menslike handeling. Handeling is dus nie die gevolg van mentaliteit by die mens nie, maar die oorsaak daarvan.

Volgens simboliese interaksionisme is die mens se natuur dan in wese 'n groepsnatuur omdat dit voortspruit uit simboliese interaksie met ander mense. Daar word dus aangeneem dat die grootste deel van die volwasse persoon se optrede deur middel van simboliese kommunikasie aangeleer is, eerder, as byvoorbeeld, deur kondisionering of probeer-en-tref. Hierdie uitgangspunt en grondbeginsel van die Simboliese Interaksionisme aangaande die menslike aard word baie eksplisiet die uitstaande kenmerk van self- of persoonlikheidsontwikkeling by die mens en derhalwe ook die kerngedagte van die simbolies-interaksionistiese sienswyse van die proses van sosialisering.

Die derde basiese uitgangspunt van die Simboliese Interaksionisme staan in verband met die aard van menslike handeling en hou noue verband met die voorgaande. Hierdie uitgangspunt is naamlik dat menslike handeling nie slegs deur eksterne of interne faktore, hetsy biologies, psigies of sosiaal-kultureel, gemotiveer word nie. Eerder word menslike gedrag gesien as gemotiveer deur 'n refleksiewe, betekenisvolle interaksieproses tussen individue.⁴⁾

2. DIE BREË KONSEPSUELE RAAMWERK VAN DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME

- (i) Die Individu se Omgewing: Soos in die geval van die meeste teoretiese raamwerke wat die lig op menslike handeling laat val, speel die akteur se omgewing ook in die geval van die Simboliese Interaksionisme 'n rol by die verklaring van hierdie handeling. Die Simboliese Interaksionisme se sienswyse en opvatting omtrent hierdie omgewing is egter tot 'n groot mate uniek en hou in ooreenstemming met die unieke aard daarvan ook besondere implikasies in vir dié benadering se sienswyse aangaande die persoonlikheid, menslike handeling, sosiale interaksie en die samelewing. Anders as in die

geval van die meeste ander teoretiese oriëntasies word daar nie in die geval van Simboliese Interaksionisme 'n direkte verband tussen die omgewing en die individu se handeling aangetoon nie. Dit is volgens hierdie benadering se siening dus nie slegs 'n geval van impuls of prikke en respons nie. Die omgewing kan nie direk, sonder die tussenkoms van simboliese prosesse, vir die handeling verantwoordelik gehou word nie.

Eers word dan aandag geskenk aan die elemente van die individu se omgewing:

Die akteur se omgewing bestaan in die eerste plek uit sy eie self. Die sleutelement in Mead se denke is die gedagte dat die mens oor 'n "self" beskik. Dit beteken in der waarheid niks anders as dat die mens vir homself objek kan wees nie, dit wil sê dat hy teenoor homself kan optree of handel soos wat hy teenoor ander optree of handel. Die Individu kan dus die objek van sy eie handeling wees en kan derhalwe ook met homself in interaksie verkeer. Die individu kan egter slegs 'n objek vir homself word deur die houding van ander jeens hom binne 'n sosiale omgewing of binne 'n konteks van ondervindinge oor te neem. Selfobjektivering kan dus slegs binne sosiale konteks plaasvind. In die proses van self objektivering maak die persoon homself as 't ware los van homself, neem die rol van 'n ander aan en beskou homself vanuit die ander persoon se perspektief.⁵⁾ Die self ontstaan as gevolg van simboliese interaksie met ander persone wat op 'n bepaalde tyd en plek by die akteur se handeling betrokke is. Hieruit kan afgelei word dat die akteur nie slegs een self het nie, maar verskeie selwe, aangesien hy met verskeie persone en groepe persone in interaksie verkeer en elk van hierdie

persone en groepe deel het in die totstandkoming van 'n bepaalde self. Net soveel groepe as wat daar in die individu se omgewing is, net soveel selwe sal daar dus ook wees. Omdat die akteur voortdurend bewus is van hierdie ander selwe waaroor hy beskik, speel hulle 'n belangrike rol as omgewingselement in die akteur se handeling. Wanneer 'n akteur dus handel hou hy nie slegs rekening met daardie betrokke self wat in 'n bepaalde situasie geld nie, maar ook met sy ander selwe wat ontwikkel het vanweë ander assosiasies en wat in ander situasies geld.

Ander persone se selwe is, afgesien van die akteur se eie selwe, ook as omgewingselement vir die akteur 'n aanduiding vir sy handeling.

Die handeling van ander persone is verder ook 'n wesenlike deel van die akteur se omgewing. Handeling verkry vanuit simbolies-interaksionistiese perspektief besondere betekenis vanweë die feit dat dit, van self-interaksie ontstaan en gevorm word.⁶⁾ "Action is built up in coping with the world instead of being merely released from a pre-existing psychological structure or factors playing on that structure. By making indications to himself and by interpreting what he indicates, the human being has to forge or piece together a line of action".⁷⁾

Afgesien van omgewingselemente hierbo genoem, sou die individu se behoeftes, doelstellings, die verwagtings van ander, die reëls wat geld vir 'n besondere situasie of vir 'n betrokke groep, die individu se herinneringe, sy beeld of siening van toekomstige dinge en enige "iets anders" wat hy vir homself kan aandui ook omgewingselemente wees.⁸⁾

Hierdie "aanduiding van dinge" stel juis die aard en inhoud van die omgewing in beter perspektief. In hierdie verband onderskei Blumer dan tussen stimulus en objek. 'n Objek verwys na enigiets wat 'n persoon vir homself aandui; dit wil sê enigiets waaraan die persoon 'n bepaalde betekenis heg en dan reageer of optrede in ooreenstemming met die betekenis. Die stimulus, aan die anderkant, is slegs 'n prikkel waarop gereageer word sonder dat enige betekenis daaraan geheg word. Die stimulus het dus, anders as die objek, 'n intrinsieke aard waarop gereageer word, en is dus nie in werklikheid deel van die omgewing nie.⁹⁾

Die onderskeid wat hierbo tussen die verskillende elemente van die akteur se omgewing getref is, is slegs 'n analitiese onderskeiding. Soos reeds duidelik behoort te wees, word al hierdie elemente eers deel van die omgewing wanneer die akteur 'n bepaalde betekenis daaraan heg. Die omgewing bestaan dus in terme van Blumer slegs uit objekte - nie stimuli nie. Die omgewing van die akteur impliseer in terme hiervan dus altyd 'n proses van betekenishegting. Hierdie proses word allerweë deur simboliese kommunikasie onderlê.

- (ii) Die Proses van Betekenishegting: Tussen die akteur en die omgewingselement is daar 'n noodsaaklike "tussenganger", naamlik 'n proses van betekenishegting. Wanneer die akteur betekenis heg aan 'n element word dit 'n objek en aldus deel van die akteur se omgewing wat sy handeling bepaal. In 'n betekenisvolle situasie, wat bestaan uit talle objekte (a) neem die individu 'n bepaalde element van sy omgewing waar, (b) interpreteer die element, dit wil sê heg 'n bepaalde betekenis daaraan in terme van verskeie oorweginge en (c) reageer dan op die objek (element waaraan betekenis geheg is).

Die feit dat betekenis aan elemente geheg word, beteken dat die elemente sekere aanduidings van hoe hy behoort te handel aan die akteur gee. Die proses van betekenishegting omsluit dus twee fasette. Eensyds, die oordra van aanduidings van die omgewingselement aan die akteur en, andersyds, die interpretasie van hierdie aanduidings deur die akteur. Die implikasies van hierdie hele proses vir 'n begrip van sosiale interaksie is duidelik: In so 'n interaksieproses gee alter deur sy handeling aan ego 'n aanduiding van hoe ego behoort te handel. Ego interpreteer alter se handeling in terme van hierdie indikasie en handel dan self in ooreenstemming met die aanduiding en interpretasie daarvan. Blumer sê in verband hiermee die volgende: "Human association consists of a process of such interpretation and definition. Through this process the participants fit their own acts to the ongoing acts of one another and guide others in doing so".¹⁰⁾

Individuele sowel as groepsgedrag is onderworpe aan interpretasie en betekenishegting. Selfs vasgestelde en herhalende patrone van groepslewe is daaraan onderhewig. In sodanige gevalle bly die gedragpatrone vasgestel of onveranderd omdat daar voortdurende bevestiging vir die gedrag is. Word dié gedragpatrone nie bevestig nie, sal dit tot niet gaan. Die vasgestelde gedragpatrone word dus ook deur interpretasie in stand gehou.¹¹⁾

Die feit dat die mens betekenis heg aan objekte voordat dit werklik deel van sy ervaringswêreld of omgewing word, gee 'n nuwe en interessante betekenis aan menslike handeling. Dit beteken dat mense in 'n wêreld van betekenisvolle objekte lewe en nie slegs in 'n omgewing van prikkels of stimuli nie.

Blumer wys op sekere belangrike eienskappe van objekte wat nou verband hou met die proses van betekenishegting:¹²⁾

- (a) Die aard van die objek bestaan uit die betekenis wat dit het vir die persoon vir wie dit 'n objek is.
- (b) Die betekenis van die objek is nie in die objek self geleë nie, maar spruit voort uit die akteur se aanvanklike optrede daarteenoor. 'n Objek kan dus vir verskillende persone verskillende betekenis hê, afhangende van hul reaksie daarop. So het 'n ster byvoorbeeld nie dieselfde betekenis vir die astronoom as vir die verliefde paartjie nie!
- (c) Alle objekte is sosiale produkte deurdat hulle gevorm en hervorm word in 'n proses van sosiale definiëring wat weer binne sosiale interaksie geskied.
- (d) Persone handel teenoor objekte volgens die betekenis wat die objekte vir hulle het.
- (e) Omdat aan alle objekte in die akteur se omgewing eers betekenis geheg word, repondeer die akteur nie onmiddellik daarop nie. Na die waarneming van die objek, word eers verdere ondersoek ingestel, daaroor nagedink en 'n plan van aksie uitgewerk; eers dan word teenoor die objek gehandel in terme van die oorewegings, beplanning en betekenis daarvan. Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat die akteur se omgewing sosiaal tot stand kom deurdat betekenishegting alleenlik deur middel van 'n proses van sosiale interaksie kan plaasvind.
- (f) Die hele kwessie van "handeling op betekenis" meen Blumer,¹³⁾ bied voorts ook ruimte vir die verantwoording van sosiale verandering: Nie alleen kan 'n akteur die betekenis wat aan 'n bepaalde objek geheg word heroorweeg, wysig

of staak nie, maar ook handeling in terme van die betekenis kan op een of ander manier gewysig word. Volgens hierdie beskouing is verandering in der waarheid inherent in groepslewe

- (iii) Die Aard en Ontwikkeling van die Menslike Persoonlikheid: G.H. Mead tref 'n duidelike onderskeid tussen die organisme en die self. Die organisme wat verwys na die aangebore of oorgeërfde eienskappe van die individu, is verantwoordelik vir bioties gedetermineerde gedrag. Die self, daarenteen, is nie by geboorte aanwesig nie, maar ontwikkel eers daarna en wel binne die sosiale konteks. Dit wil sê die self ontstaan en ontwikkel by wyse van betekenisvolle, simboliese kommunikasie en in verhouding met ander persone se selwe. Waar die organisme tot bioties gedetermineerde gedrag aanleiding gee, is die self verantwoordelik vir "mentale gedrag", dit wil sê gedrag wat ontstaan as gevolg van "kognisie en refleksie".¹⁴⁾ Die aard van die menslike persoonlikheid is dus 'n weerspieëling van diegene met wie hy in interaksie is. Vanweë die feit dat die individu met verskillende groepe van mense in aanraking is, en hierdie groepe elk 'n bydrae tot die vorming van die self lewer, sal daar - soos reeds gemeld - verskeie selwe wees. Die proses van selfontwikkeling is dus niks anders as 'n sosialiseringproses nie. Deur sosialisering ontwikkel die individu 'n self wat in der waarheid 'n refleksie van sy sosiale omgewing is.

Sover dit die sosialiseringproses aangaan, maak die Simboliese Interaksionisme wel implisiet voorsiening vir wat genoem kan word algemene en spesifieke sosialisering. Eersgenoemde duidend op die

selfontwikkelingsproses wat geskied binne die algemene samelewingstruktuur -konteks; en laasgenoemde verwysend na die ontwikkeling van die self binne kleinere sub-groepe of -kulture. Hierdie onderskeiding is vanselfsprekend aangesien die individu ook binne kleiner sub-groepe, elk met 'n eie kultuur, lewe. 'n Volwasse persoon is normaalweg voldoende ten opsigte van die algemene kultuur gesosialiseer, terwyl spesifieke sosialisering voortdurend plaasvind vanweë die moontlikheid van verandering en groepsaffiliasie.¹⁵⁾

Vanweë die feit dat die samelewing en sub-groepe daarbinne voortdurend nuwe betekenis skep, leer die individu deurgaans nuwe betekenis aan.¹⁶⁾ Dit beteken egter nie dat "ou" of vorige betekenis verlore gaan of vergeet word nie. "Symbolic interaction theory shares with psychoanalytic theory the assumption that man never forgets anything".¹⁷⁾ In sy handeling bring die akteur hierdie "ou" betekenis voortdurend in berekening. Dit word voortdurend in verband gebring en geïntegreer met nuwe betekenis. In hierdie sin is die mens se gedrag die produk van sy historiese ondervinding deur middel van simboliese interaksie met ander.¹⁸⁾ Die feit dat die mens vorige betekenis altyd onthou, impliseer dat 'n bepaalde selfbeeld 'n persoon ook altyd bybly. Dit beteken weer dat 'n bepaalde selfbeeld, alhoewel "verouderd" steeds 'n invloed op die individuele gedrag sal uitoefen.

Na die voorgaande sou die indruk maklik kon ontstaan dat daar volkome ooreenstemming tussen die kultuur van 'n samelewing en die persoonlikhede daarbinne is. Hier moet egter vermeld word dat die Simboliese Interaksionisme - en oorspronklik

by skrywe van Mead - pertinent voorsiening maak vir beide 'n universele en unieke aard van persoonlikheid. Dit is veral die "I"-komponent van die self wat vir dié unieke karakter van die mens verantwoordelik is. Waar die "Me"-komponent die geïnternaliseerde veralgemeende ander is, en dus die komponent van die persoonlikheid is wat sosiaal tot stand kom, is die "I" daardie komponent wat repondeer op die "Me" en sodoende verantwoordelik is vir impulsiwiteit, spontaniteit en nuwigheid in menslike handeling.¹⁹⁾

- (iv) Menslike handeling en interaksie: Wat die Simboliese Interaksionisme se sienswyse oor menslike handeling betref, word van die basiese beginsel uitgegaan dat menslike handeling nie maar net die resultaat van vooraf bestaande psigiese, biotiese of sosiaal-kulturele strukture is nie. Handeling word, soos Blumer dit uitdruk, opgebou soos wat die individu sy wêreld hanteer.²⁰⁾ Menslike handeling word in die laaste instansie slegs moontlik deur die heg van betekenis deur die akteur aan alle objekte in sy situasie. Deur rasonale beplanning in terme van die bepaalde situasie en omstandighede is menslike handeling moontlik en vind dit ook inderdaad plaas.

Net soos menslike handeling het die interaksie tussen mense ook 'n sosiaalsimboliese aard. Hierdie besondere aard word juis daaraan toegeskryf dat die handeling van ander in 'n interaksie-situasie deel van 'n akteur se omgewing is en sodoende aan 'n proses van betekenishegting onderworpe is. Dit kom daarop neer dat die mens reageer op die betekenis wat ander se handeling vir hom inhou eerder as op die handeling self.²¹⁾

Die interaksieproses tussen mense bestaan dus uit wedersydse betekenishegting aan onderlinge handeling. Die feit dat handeling eers plaasvind nadat die akteur die objekte in sy omgewing gedefinieer en geïnterpreteer het, impliseer dat die individu 'n keuse tussen alternatiewe optredes het. Volgens Turner behels die keuse om op 'n spesifieke manier op te tree komplekse simboliese prosesse; die akteur moet naamlik die volgende evalueer wanneer keuses gemaak word: (a) Die eise van ander in die onmiddellike omgewing; (b) die selfbeeld wat andere van die akteur gevorm het; (c) die normatiewe verwagtings wat in die situasie as geldig beskou word; (d) die disposisie om teenoor enige addisionele objekte wat simbolies in die situasie ingevoeg word, te handel.²²⁾

Nadat aanvanklik in die situasie gehandel is, word die situasie deur die betrokke akteurs herdefinieer in die lig van die interpretasies van die reaksies van ander persone op die aanvanklike handeling en ook met inagneming van nuwe objekte wat tot die situasie toegevoeg word of vorige objekte wat weggelaat word. Verdere handeling vind dan ná hierdie herinterpretasie en herdefiniëring plaas.

B. ORIËNTASIE TOT DIE ETIKETTERINGSBENADERING

Alhoewel die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag in die jongste tyd, veral na die publikasie van Lemert se "Social Pathology" in 1951²³⁾ en Becker se "Outsiders" in 1963²⁴⁾ baie aandag van sowel optimistiese eksponente en skeptiese kritici geniet het, is die benadering tog nie so "nuut" as wat dikwels voorgehou word nie. Trouens, sekere aspekte van die benadering word alreeds deur Durkheim aangedui: "We must not say that an action

shocks the common conscience because it is criminal, but rather that it is criminal because it shocks the common conscience. We do not reprove it because it is a crime, but it is a crime because we reprove it".²⁵⁾

Ook in 1938 het Frank Tannenbaum in sy werk aangaande jeugoortreders eweneens eksplisiet van die etiketteringsgedagte gebruik gemaak: "The process of making the criminal, therefore, is a process of tagging, defining, identifying, segregating, describing, emphasizing, making conscious and selfconscious; it becomes a way of stimulating, suggesting, emphasizing and evoking the very traits that are complained of ... the person becomes the thing he is described as being".²⁶⁾

Die etiketteringsbenadering tot sosiale afwyking staan sterk in die tradisie van G.H. Mead, W.I. Thomas, H. Blumer en andere wat as die grondleggers van die Simboliese Interaksionisme beskou word. Thomas se welbekende stelling "if men define situations as real they are real in their consequences"²⁷⁾ vorm vir Schur²⁸⁾ die kerngedagte van die etiketteringsbenadering. Dit is dus inderdaad so dat die etiketteringsbenadering stewig gefundeer is in algemeen aanvaarde sosiologiese en sosiaal-psigologiese formulerings en derhalwe ook in terme van teoretiese verwysings nie "nuut" is nie. As gevolg van hierdie teoretiese fundering van die etiketteringsbenadering is Schur van mening dat 'n redelike toepassing van dié benadering essensieel is vir die begrip van verskynsels van afwyking.²⁹⁾

Die eksponente van die etiketteringsbenadering gaan van die standpunt uit dat menslike handeling kollektief van aard is. Wat met die "kollektiewe aard" van menslike handeling of menslike gedrag³⁰⁾ bedoel word, blyk duidelik uit Howard S. Becker se uiteensetting:³¹⁾ Met kollektiewe gedrag bedoel Becker gedrag wat geskied met inagneming van ander mense. Hy sê in hierdie verband: "People act, as Mead and Blumer have made clearest, together. They do what they do with an eye on what others

have done, are doing now, and may do in the future. One tries to fit his own line of action into the actions of others, just as each of them likewise adjusts his own developing actions to what he sees and expects others to do. The result of all this adjusting and fitting in can be called a collective action, especially if it is kept in mind that the term covers more than a conscious collective agreement to, let us say, go on strike, but also extends to having a school class, having a meal together or crossing the street, each of these seen as being done by a lot of people together".³²⁾

Die gebruik van die konsepte "adjusting" en "fitting in" beteken nie dat Becker menslike gedrag as altyd geïntegreer, rustig en vreedsaam beskou nie. Hiermee bedoel hy slegs om die noodwendige interafhanklikheid wat daar in menslike gedrag is, aan te toon.

Die implikasies van hierdie bepaalde sienswyse van menslike gedrag is dat daar by die bestudering van relevante gedrag alle betrokke persone betrek moet word, vir 'n getroue en betekenisvolle ontleding van die gedrag; voorts, ook dat menslike gedrag nie in klinkklare, netjies-afgebakende kategorieë ingedeel kan word nie. Hierdie sienswyse van menslike gedrag, met die besondere betekenis-implikasies daarvan, soos hierbo gestel, het die gevolg dat die etiketterings-eksponente afwykende gedrag as studie-objek van die Sosiologie altyd binne 'n breëre sosiale raamwerk of konteks sien. Bedoelende daarmee dat alle persone betrokke by die afwykende gedrag by die studie daarvan betrek moet word en nie slegs die persoon/persone wat 'n bepaalde afwykende handeling begaan nie.

'n Verdere tipiese kenmerk van die etiketteringsbenadering van menslike gedrag, en derhalwe ook van afwykende gedrag is dat gedrag vir hierdie denkstroom dinamies en prosesueel van aard is. Aldus word afwykende gedrag beskou

as die resultaat van voortdurende dinamiese prosesse van sosiale interaksie. Hierdie prosesuele siening van afwyking vind weerspieëling in die beklemtoning van afwykende rolle en die ontwikkeling van afwykende self-konsepsies en ook in die gebruik van begrippe soos "career" en "signification" om die aard van afwykend-word aan te toon. Die prosesuele beskouing van afwykende gedrag vind natuurlik noue aansluiting by die Simboliese Interaksionisme. So sien Mead menslike gedrag nie as 'n produk van determineringsfaktore wat inwerk op die individu nie, maar "the human being is seen as an active organism in his own right, facing, dealing with, and acting toward the objects he indicates".³³⁾ Sosiale patrone word gesien as 'n voortdurende proses "of fitting developing lines of conduct to one another".³⁴⁾ Die kerngedagtes van die etiketteringsbenadering tot die bestudering van afwykende gedrag is dus dat afwykende gedrag, soos alle vorme van menslike gedrag, kollektief en prosesueel is en dat afwyking ontstaan as gevolg van en binne 'n proses van sosiale interaksie. Hierdie beklemtoning van die kollektiewe aard van sosiale handeling, die dinamika van interaksie tussen die self en ander, die prosesuele aard van menslike interaksie en die beklemtoning daarvan dat die werklikheid vanuit die oogpunt van al diegene daarby betrokke gesien moet word, is almal onmiskenbare aanduidings van die etiketteringsbenadering se worteling in die Simboliese Interaksionisme.

Die interaksionistiese beginsels hierbo genoem, vind duidelike weerspieëling in die kerngedagtes ten opsigte van afwykende gedrag wat deur die etiketteringsbenadering beklemtoon word. Hierdie gedagtes word vervolgens oorsigtelik weergegee:

- (i) Afwykende gedrag en afwykende persone is nie inherent afwykend nie. Afwyking is dus nie 'n

kwaliteit van die gedrag of persoon as sodanig nie, maar eerder die gevolg van die toepassing van reëls en sanksies ten opsigte van die sogenaamde afwykende deur ander persone. Afwykende gedrag is dus gedrag wat ander mense as sodanig definieer en die afwykende persoon is daardie persoon wat deur ander as sodanig geëtiketteer word. Die bewustheid van afwyking ontstaan as gevolg van ander se reaksies op bepaalde gedrag. Volgens hierdie sienswyse van afwykende gedrag word die afwykende gedrag in 'n raamwerk buite die akteur of afwykende gebeurtenis geplaas, en word dit aan 'n proses van identifikasie en reaksie deur ander onderworpe gemaak.

- (ii) Waar die tradisionele bestudering van afwykende gedrag hoofsaaklik rondom die afwykende persoon en die afwykende gedrag as sodanig sentreer, in die sin dat dit merendeels aandag skenk aan die persoonlike en soisaal-situasionele faktore wat aanleiding gee tot die afwykende gedrag, stel die etiketteringsbenadering die fokus ook, en in der waarheid in 'n groot mate, op die "sosiale gehoor". Hierdie "sosiale gehoor", of dan diegene wat etiketteer, is dus vir die etiketterings-eksponente 'n sentrale veranderlike by die bestudering van sosiale afwyking. Erikson stel dit dan ook baie pertinent as hy sê: "Deviance is not a property inherent in certain forms of behavior; it is a property conferred upon these forms by the audiences which directly or indirectly witness them. Sociologically, then, the critical variable is the social audience To me it is the social audience which eventually decides whether or not any given action or actions will become a visible case of deviation".³⁵⁾

Die sosiale gehoor kan wees (a) die breë samelewing, wat verwys na daardie ineengestremde groepe en belange van wie daar algemene reaksie (en dus ook etikette) ten opsigte van verskillende vorme gedrag uitgaan; (b) daardie persone met wie 'n individu daaglik in interaksie is en wat hom op verskeie maniere etiketteer, en (c) amptelike agense van sosiale kontrole. Aan laasgenoemde soort sosiale gehoor verleen die etiketteringsbenadering besondere aandag aangesien sosiale kontrole-agense van die mees betekenisvolle etiketteerders is. Dit is by uitstek die agense van sosiale kontrole wat die samelewingsdefinisies deur georganiseerde strukture en geïnstitusionaliseerde prosedures implimenteer.

- (iii) Afwykende gedrag word egter nie slegs vanuit die perspektief van die konformeerders bestudeer nie. Ook die individue wat afwyk, word intensief bestudeer, maar dan vanuit 'n ander oogpunt as wat tradisioneel die geval is. In die geval van die etiketteringsbenadering word die betekenis wat die individu se gedrag en ook dié van ander vir homself het, onder oë geneem. Relevante vrae is: Hoe reageer 'n persoon wat as afwykend geoordeel is op hierdie toeskrywing? Hoe aanvaar hy die afwykende rol? Watter verandering vind daar in sy groeplidmaatskap plaas? In watter mate bring hysyselfbegrip in ooreenstemming met die afwykende rol wat aan hom toegeskryf is?³⁷⁾ Bogenoemde kom daarop neer dat mense 'n bepaalde rol aan 'n persoon toeskryf. Hierdie toegeskrewe rol het dan 'n uitwerking op die selfbeeld en verdere optrede van die persoon aan wie dit toegeskryf is.

Die etiketteringsbenadering beskou dus die afwykende status - soos Schur³⁸⁾ tereg opmerk - as toegeskrewe status waar dit tradisioneel as verworwe aanvaar is. Dit vind plaas deurdat afwykende gedrag nie slegs gedefinieer word as die resultaat van 'n persoon se daade nie, maar ook as resultaat van dit wat andere doen. Dit is gevolglik nie slegs afwykende handeling wat 'n persoon afwykend maak nie, maar meganismes van sosiale etikettering is ewe ter sake.

VERWYSINGS

1. Mehzer, Bernard M., Petras, John W.S. & Reynolds, Larry T: Symbolic Interactionism. Genesis, Varieties and Criticism, p. 2.
2. Ibid., pp. 2-3.
3. Rose, Arnold M. (Ed.). Human Behavior and Social Processes: An Interactionist Approach, p. 179.
4. Vergelyk p. 11 van hierdie verhandeling vir die simbolies-interaksionistiese siening van menslike handeling.
5. Mead, George Herbert. Mind, Self and Society, pp. 135-140.
6. Blumer, Herbert. "Sociological Implications of the Thought of George Herbert Mead", in Wallace, Walter L. Sociological Theory, pp. 235-236.
7. Ibid., p. 236.
8. Ibid., p. 236.
9. Ibid., p. 236.
10. Ibid., p. 237.
11. Ibid., p. 237.
12. Ibid., p. 239.
13. Ibid., p. 239.
14. Van Rensburg, H.C.J. Die Persoonlikheidskonsep in die Sosiologiese Teorie, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Bloemfontein, 1972.
15. Rose, Arnold M. op. cit., p. 16.
16. Ibid., p. 16.
17. Ibid., pp. 16-17.
18. Ibid., p. 17.
19. Van Rensburg, H.C.J. op. cit., p. 229.
20. Blumer, Herbert. "Sociological Implications of the Thought of George Herbert Mead," in Wallace, Walter L. op. cit. p. 236.
21. Die handeling van ander is natuurlik nie al omgewings-objek wat in 'n interaksie-situasie ter sake is nie. Alle ander stimuli waaraan 'n akteur betekenis heg speel in menslike interaksie 'n rol. Die handeling van ander persone is egter heelwaarskynlik die belangrikste omgewingselement in die interaksie-situasie.

22. Turner, Jonathan H. The structure of Sociological Theory, p. 179.
23. Lemert, Edwin M. Social Pathology, 1951.
24. Becker, Howard S. Outsiders: Studies in the Sociology of Deviance, 1963.
25. Durkheim, Emile. The Division of Labor in Society, p. 81.
26. Tannenbaum, Frank. Crime and the Community, pp. 19-20.
27. Thomas, W.I. & Thomas, D.S. The Child in America: Behavior Problems and Programs, p. 572.
28. Schur, Edwin M. Labeling Deviant Behavior: Its Sociological Implications, p. 8.
28. Ibid., p. ix
30. Die term "handeling" en "gedrag" word deurgaans in hierdie verhandeling as sinoniem gebruik.
31. Becker, Howard S. "Labeling Theory Reconsidered" in Rock, Paul & McIntosh, Mary. Deviance and Social Control, p. 44.
32. Ibid., p. 44.
33. Blumer, Herbert. Symbolic Interactionism, p. 62.
34. Ibid., p. 66.
35. Erikson, Kai. T. "Notes on the Sociology of Deviance", Social Problems, Vol 9, 1962, p. 308.
36. Schur, E.M. op. cit., p. 13.
37. Rubington, Earl & Weinberg, Martin S. Deviance: The Interactionist Perspective, p. 4.
38. Schur, E.M., op. cit., p. 38.

HOOFSTUK II

DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE GEDRAG:

Edwin M. Lemert

A BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG

1. DIE ALGEMENE AARD VAN AFWYKENDE GEDRAG

Edwin Lemert is verantwoordelik vir een van die vroegste en mees gesofistikeerde weergawes van die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag. In sy reeds genoemde werk "Social Pathology" het hy onder andere die aard van die proses waarvolgens persone as afwykendes uitgesonder word en waarvolgens die lewe van baie van hulle rondom afwykende rolle georganiseerd raak, bespreek en ontleed.

As uitgangspunt vir die formulering van 'n teorie aangaande afwykende gedrag, stel Lemert sewe postulate¹⁾ waaruit sy beskouing aangaande afwykende gedrag reeds duidelik na vore kom:²⁾

- (i) Daar is modaliteite in menslike gedrag asook verskeie groeperings van afwykings van hierdie modaliteite. Hierdie modale gedrag en die afwykings daarvan kan vir situasies volgens tyd en ruimte geïdentifiseer en beskryf word.
- (ii) Gedragsafwykings is 'n funksie van kulturele konflik wat uitdrukking vind in sosiale disorganisasie.
- (iii) Daar is samelewingsreaksies op afwyking wat wissel van sterk goedkeuring tot sterk afkeuring. Tussen hierdie twee uiterstes en op 'n kontinuum van reaksies is daar ook dië van onverskilligheid.
- (iv) Daardie afwyking van die modale gedrag wat effektief afgekeur word, is sosiopatiese gedrag.

- (v) Die afwykende persoon is daardie persoon wie se rol, status, funksie en selfdefinisie op effektiewe wyse deur die volgende faktore gevorm word:
- (a) die hoeveelheid afwyking waarby die persoon betrokke is,
 - (b) die graad van die sosiale sigbaarheid van die afwyking,
 - (c) die besondere mate waartoe die persoon blootgestel is aan die samelewingsreaksie, en
 - (d) die aard en intensiteit van die reaksie.
- (vi) Daar is beperkings en vryhede ten opsigte van die sosiale deelname van afwykendes wat direk verband hou met hul status, rol en selfdefinisies. Die biotiese beperkings op sosiale deelname van afwykendes is in relatief min gevalle betekenisvol.
- (vii) Verskillende afwykendes is op verskillende maniere kwesbaar ten opsigte van samelewingsreaksies omdat:
- (a) die individu 'n dinamiese agent is, en
 - (b) persoonlikheidsstrukturering as beperkings ten opsigte van samelewingsreaksies dien.

Vir Lemert is afwykende gedrag dus 'n statistiese en terselfdertyd 'n omvattende begrip deurdat dit alle vorme van gedrag wat van die standaardgedrag van die populasie afwyk, insluit. Die begrip "afwykende gedrag" het dus vir Lemert nie die gewone "negatiewe" betekenis nie aangesien gedrag wat "positief" of gunstig afwyk van die modale ook afwykend is. Die gedrag van die genie en die befaamde atleet word deur Lemert as voorbeeld van hierdie afwyking genoem. Of die gedrag positief of negatief afwykend is, hang af van die reaksie wat die gedrag uitlok van die samelewing of groep waarbinne dit voorkom. Word dit afgekeur, is die gedrag negatief afwykend of sosiopaties.³⁾ Volgens

Lemert word gedrag dus in terme van modale gedrag gedifferensieer deur middel van ander mense se reaksie, en is afwykende gedrag derhalwe die resultaat van 'n spesifieke proses van sosiale en kulturele differensiasie wat op 'n bepaalde tyd of plek plaasvind.

Veral die sentrale rol - en dit is tipies van die Simboliese Interaksionisme - wat ander se reaksies in die bepaling van gedrag as afwykend speel, is uit voorgaande duidelik: Dit is uiteindelik die reaksies van ander mense wat die gedrag asook die persoon afwykend maak. Ander persone vir wie die gedrag sigbaar en afkeurenswaardig is, skryf op grond van die afkeurenswaardige kwaliteit en deur hul reaksie 'n bepaalde rol en status toe aan die persoon wat die daad begaan het, en hierdie nuwe status vorm en beïnvloed die persoon se selfsiening. Of die geëtiketteerde persoon sy afwykende rol sal aanvaar en of sy selfbeeld beïnvloed sal word, hang af van verskeie faktore, waarvan sy persoonlikheidsstruktuur een is.

2. DIE VERSKILLENDE ASPEKTE VAN AFWYKENDE GEDRAG

By die daarstelling van 'n teorie aangaande afwykende gedrag is dit vir Lemert noodsaaklik dat sekere aspekte van die gedrag aangedui sal word. So is dit belangrik om aan te toon dat bepaalde gedrag vir 'n gegewe plek en tyd asook vir 'n bepaalde geslag, vir sekere ouderdomsgroepe en vir persone van 'n besondere sosio-ekonomiese status afwykend is.⁴⁾ Voorts, en afgesien van die aspekte hierbo genoem, is dit ook noodsaaklik dat die besondere faset van die persoon se gedrag wat afwyk, gespesifiseer sal word, aangesien nie alle fasette van 'n mens se gedrag afwykend is nie. Dit beteken dat selfs 'n sosiopatiese persoon hoofsaaklik konformeer en slegs ten opsigte van 'n bepaalde aspek van sy gedrag oortree of afwyk. Ander persone se reaksies is gerig op daardie faset van die totale gedrag wat oortree en wat dus as afwykend beskou word.

Verdere belangrike aspekte van afwykende gedrag wat Lemert aantoon en wat in der waarheid in verband staan met die tipering van afwykende gedrag is openlike en verborge simboliese aspekte: 5)

- (i) Openlike aspekte: Hierdie kenmerke van afwyking klassifiseer Lemert verder in verbale en nie-verbale aspekte. Met openlike verbale afwyking bedoel hy dan daardie afwyking wat waargeneem kan word deur te let op 'n persoon se taal of spraak en sluit aldus chroniese vloektaal en hakkels in. Openlike nie-verbale afwyking verwys na "deviation in all gross bodily behavior except vocal responses".⁶⁾ Dit sluit in gedrag soos chroniese alkoholisme, prostitusie, misdade ensovoorts, wat gewoonlik deur sosioleë as "patologies" beskou word.
- (ii) Verborge simboliese aspekte: In hierdie aspek van afwykings daarenteen, kom Lemert se verbondenheid aan die Simboliese Interaksionisme duidelik na vore. Hy definieer bedekte of verborge simboliese afwyking as afwykende houdings en emosies, met spesifieke verwysing na die betekenis wat dit inhou vir die persoon wat dit ondervind.⁷⁾ Daar kan geen twyfel bestaan dat mense in hul interaksie met mekaar onderskeid tref tussen bedekte gedrag en gedrag wat eksplisiet waargeneem kan word nie; dit wil sê tussen die bedoeling agter die handeling en die handeling self. Hiermee bedoel Lemert nie dat menslike gedrag 'n duale verskynsel is nie, ook nie dat 'n subjektiewe metodologie juis nodig is om die bedektelike aspek van gedrag te bestudeer nie. Intendeel, die bedekte simboliese prosesse wat in hierdie tipe afwykende gedrag prominent staan, kan waargeneem word deur taal, en dan veral soos dit tot uiting kom in taal - "gedrag" - te onderskei van openlike verbale gedrag. "This means that we pay

heed not so much to what people say or to the formal meaning of their words as we do to the function of their language in a total configuration of personal and social behaviour. Taken in this way, their language symbolizes many things which are never said".⁸⁾
 (Verborgte simboliese afwyking is dus wel sigbaar en dus nie gelyk aan Howard Becker se geheime afwyking wat later ter sprake kom nie).

3. Tipes Afwykende Gedrag

In terme van die konteks waarbinne die gedrag voorkom, of anders gestel, in terme van etiologiese faktore, onderskei Lemert ook nog tussen individuele, situasionele en sistematiese afwyking. So 'n kriterium vir die tipering van afwykende gedrag is volgens hom noodsaaklik aangesien afwykende gedrag, soos alle vorme van menslike gedrag, nie geïsoleerd voorkom nie, maar altyd in 'n bepaalde konteks. So kan dieselfde tipe afwyking in verskillende persone geheel en al verskillende kwaliteite toon wanneer die konteks waarbinne dit voorkom in ag geneem word.⁹⁾ Hierdie sienswyse van menslike gedrag is natuurlik in lyn met dié van die Simboliese Interaksionisme.

- (i) Individuele afwyking: Hierdie afwyking staan in verband met die unieke eienskappe van 'n persoon en het dus oorsprong in die persoon self. "It emanates from 'within the skin' of the person, so to speak. It is related to biological variations and anomalies which are due to heredity, disease, or accident."¹⁰⁾ Die feit dat individuele afwyking binne persoonlike konteks ontstaan, beteken nie dat daar geen sosiale elemente ter sake is nie, of dat dit losstaande van groepe en sosiale situasies voorkom nie. Die sosiale faktore figureer egter hier nie sentraal nie en is slegs ter sake in sover dit as prikkel vir psigiese of persoonlike stremminge dien. Volgens Lemert is dit in hierdie geval nodig "to study

human behaviour in its distributive and personally delimited context rather than as the direct and immediate reciprocal of social and cultural stimuli".¹¹⁾

- o
- (ii) Situasionele afwyking: Hierdie afwyking, aan die anderkant, is 'n funksie van die situasie waarvan die individu doel is eerder as van fisiese en psigiese stremminge. Die oorsake van situasionele afwyking lê dus in veranderlikes buite die individu. In hierdie verband sê Lemert: "Situations have a compelling force and may cause persons to transgress rules of conduct to which they have rigidly adhered in the past and which presumably have been incorporated as part of their personality structures".¹²⁾ In gevalle van situasionele afwyking kan dus verwag word dat verandering in die situasie verandering in gedrag tot gevolg sal hê. In hierdie tipe afwyking negeer Lemert weer eens nie die persoonlike faktore nie. Stimuli buite die individu is egter hier oorheersend en "meer dinamies" as interne faktore ten opsigte van die ontstaan van die afwykende gedrag.¹³⁾
- (iii) Met sistematiese afwyking bedoel Lemert patrone van afwykende gedrag wat die vorm van sub-kulture aanneem. Hierdie afwykende gedrag ontstaan as gevolg van die kommunikasie en interaksie tussen persone met dieselfde individuele of situasionele afwyking. Deur middel van hierdie kommunikasie en interaksie en 'n bewustheid van eendersheid ten opsigte van 'n afwyking word die individu se afwyking omvorm tot 'n gedragsstelsel gepaardgaande met 'n spesifieke sosiale organisasie en geformaliseerde status, rolle, en moreel, 'n moreel te onderskei van dié van die groter kultuur.¹⁴⁾

Lemert is die mening toegedaan dat sub-kultuurgroepe spontaan of deur bemiddeling van innovateurs kan

ontstaan. In eersgenoemde geval identifiseer afwykende persone hulself as afwykend en "eenders", kommunikeer as gevolg hiervan met mekaar en raak sodoende bewus van hul eenderse belange. Dikwels sien hulle ook die noodsaaklikheid van defensiewe of aggressiewe organisasie in. Volgens Lemert is hierdie spontane sub-kultuurgroepe "in the air" en is slegs 'n aktiverende faktor nodig om die nodige georganiseerdheid daar te stel.¹⁵⁾ Sub-kultuurgroepe kan egter ook deur die toedoen van innovateurs - dus nie spontaan nie - tot stand kom. Gewoonlik is hierdie innovateurs vir 'n tydperk geïsoleerd as gevolg van hul afwyking en in der waarheid in afwagting op 'n simpatieke gehoor. Deur oorreding, propaganda, beloning ensovoorts verkry hulle 'n aanvanklike groep volgelinge wat die voorloper is van 'n georganiseerde sub-kultuurgroep. Die totstandkoming van religieuse sektes dien as goeie voorbeeld van so 'n sub-kultuurgroep en die ontstaanswyse daarvan.

Sub-kultuurgroepe vorm weliswaar "klein sosiale wêreldjies" vir hulle lede in wie se lewe hierdie "wêreldjie" sentraal staan. Aangesien individue met verskillende motiverings en idees by hierdie groep aansluit, is die groepe nie altyd goed geïntegreerd nie, en is dit dikwels nodig dat integrasie deur konflik met buite-groepe en deur eksterne bedreigings gehandhaaf word.

4. PRIMÊRE EN SEKONDÊRE AFWYKING:

Lemert se belangrike onderskeiding tussen primêre en sekondêre afwyking toon sy simbolies - interaksionistiese affiliasie waarskynlik die sterkste aan. Dit is ook hierdie onderskeiding, veral sy beklemtoning van sekondêre afwyking, wat as stimulus vir die gedagtes en werke van latere etiketteringseksponente gedien het. Soos reeds aangetoon, verleen Lemert besondere aandag aan die rol

wat ander se reaksies ten opsigte van afwykende gedrag speel. Dit is dan ook in terme van hierdie spesifieke beginsel - naamlik die rol van ander - dat hy differensieer tussen primêre en sekondêre afwyking.

- (i). Wat primêre afwyking betref, verwys Lemert na daardie afwyking wat uit 'n verskeidenheid bronne ontstaan en wat eintlik nie indringende verandering ten opsigte van die afwykende persoon self tot gevolg het nie. Alhoewel primêre afwyking sosiaal as ongewens waargeneem word, het dit slegs marginale implikasies vir die status en psigiese struktuur van die betrokke persoon.¹⁶⁾ Primêre afwyking is dus daardie afwykende gedrag wat 'n persoon toon wat nie so 'n totale deel van sy lewenswyse en -patroon word nie. Dit het weinig implikasies vir die selfsiening van die afwykende en dus ook geen of baie min invloed op sy status en rol. Vir die primêr-afwykende is sy konformerende gedrag oorheersend en bepalend vir sy selfsiening. In hierdie verband stel Lemert dit so: "Under such conditions normal and pathological behaviors remain strange and somewhat tensional bedfellows in the same person".¹⁷⁾
- (ii) In teenstelling met primêre afwyking, verwys sekondêre afwyking vir Lemert na daardie afwyking wat 'n persoon se lewenspatroon oorheers. As gevolg van ander se reaksie teenoor hom en sy optrede aanvaar hy homself as afwykend en rasionaliseer hy sy gedrag en posisie nie meer nie. Lemert definieer sekondêre afwyking soos volg: "Secondary deviance refers to a special class of socially defined responses which people make to problems created by the societal reactions to their deviance".¹⁸⁾

Afwykende sub-kulture is een vorm wat sekondêre afwyking kan aanneem. In hierdie verband lewer

Akers die volgende kommentaar: "Societal reactions may motivate an individual to participate in deviant sub-cultures. Therefore, rather than reducing deviant behavior, social control often helps erect new social forms, such as a deviant group with a full-blown deviant ideology and set of values from which they judge and condemn the condemners, reject the rejectors, and receive others who have been branded by society. Whether or not one becomes part of a deviant group, the fact that he has been apprehended and labelled may be a major, if not the most important, element leading to the subsequent construction of a deviant identity and pursuit of a deviant role or career".¹⁹⁾

Vir Lemert is primêre afwyking sosiologies nie van veel betekenis nie omdat dit in der waarheid weinig implikasies vir beide die individu en die samelewing het. Primêre afwyking, wat ookal die oorsaak daarvan, is slegs belangrik vir navorsingsdoeleindes, soos byvoorbeeld vir die bepaling van die omvang van 'n sosiale probleem op 'n bepaalde plek en tyd.²⁰⁾ Vanuit 'n enger sosiologiese oogpunt is afwyking nie betekenisvol voordat dit nie subjektief georganiseer in aktiewe rolle omskep en dit die sosiale kriterium word waarvolgens status toegekryf word nie.²¹⁾

B. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

Aangesien Lemert die mening toegedaan is dat samelewingsreaksies die afwykende persoon op die weg na sosiopatiese afwyking stuur, is dit noodsaaklik dat ter aanvang kortliks enkele tersaaklike gedagtes aangaande hierdie reaksies aangestip word, wat nie hierbo reeds aangeraak is nie:

1. REAKSIES VAN ANDER

(i) Vorme van reaksies:

Ander persone se reaksies op afwykende gedrag kan volgens Lemert 'n verskeidenheid van vorme aanneem, soos byvoorbeeld die van bewondering, simpatie, vrees, verontregting, weersin, afkeer, haat en toorn.²²⁾ Die kwaliteit van hierdie reaksies staan dikwels, veral in informeel-georganiseerde groepe, in direkte verband met die graad, intensiteit en sosiale sigbaarheid van die afwyking. Ewe dikwels is daar egter tussenkomende faktore wat die aard van die reaksie sodanig beïnvloed, dat die verband tussen afwyking en reaksie meer kompleks word en tot gevolg het dat hierdie samelewingsreaksies op tweërlei wyse onegte kwaliteit verkry:

- (a) Eerstens kan die reaksies deur tussenkomende faktore verswak word, wat beteken dat die aard en die intensiteit van die reaksies nie in ooreenstemming is met die aard van die afwyking nie.
- (b) Tweedens kan die faktore tot gevolg hê dat die reaksie hewiger is as wat die afwyking regverdig. In hierdie geval het die afwyking in werklikheid geen objektiewe gronde nie, maar word 'n groot deel daarvan veronderstel.

Daar is natuurlik 'n menigte faktore wat hierdie onegte kwaliteite aan die samelewingsreaksie kan toevoeg. Lemert noem in hierdie verband as voorbeelde onder andere tegniese eise en formele prosedure, gebrek aan bronne en agense van sosiale kontrole en persoonlike idiosinkrasieë van die magsbesitters. 'n Faktor wat ook dikwels 'n belangrike rol in hierdie verband speel, is die konflik tussen groepe wat

in 'n magstryd betrokke is. Konflik van hierdie aard lei dikwels daartoe dat die samelewingsreaksie hewiger is as wat die oortreding regverdig, aangesien die oortreding deur 'n groep of lid van 'n groep deur 'n ander groep as geleentheid gesien word om die opponerende groep af te takel. In sodanige gevalle word die situasie waarin die afwyking voorkom in konflikterme en -waardes gestruktureer.²³⁾

Samelewingsreaksies op afwykende gedrag kan voorts ook formeel sowel as informeel van aard wees.

- (a) Formele reaksie vind gewoonlik plaas ten opsigte van afwykende gedragsvorme wat by herhaling voorkom. Geïnstitutionaliseerde wette en amptelike instansies van sosiale kontrole speel hier 'n belangrike rol.
- (b) Informele samelewingsreaksies, daarenteen, kan ook ten opsigte van minder ernstige afwykings en afwykings in informele groeperinge voorkom.

(ii) Die gevolge van reaksies:

Noodwendigerwys sal die reaksie van die konformerende ander 'n uitwerking hê op sowel (a) die afwykende gedrag as sodanig; dit wil sê die voorkoms daarvan in 'n bepaalde groep, gemeenskap of samelewing en (b) die afwykende persoon of persone. Aan laasgenoemde uitwerking word later in meer besonderhede aandag geskenk.²⁴⁾ Ten opsigte van die resultaat van ander se reaksie op die afwykende gedrag self, wys Lemert op drie gevolge:

- (a) Die uiteindelik aanvaarding van die gedrag en integrering daarvan in die algemene kultuur. In hierdie geval word die gedrag dus na 'n tydperk aanvaar.
- (b) 'n Onstabiele ekwilibrium tussen die afwykende organisasie en die normale word gehandhaaf.

Dit gebeur dikwels dat die samelewingsreaksie met betrekking tot sekere vorme van afwykende gedrag 'n samestelling is van aanvaarding en verwerping wat gemanifesteer word in 'n stilswyende verdraagsaamheid van die variante gedragspatrone, tesame met 'n nominale afkeer en verwerping.²⁵⁾ In hierdie gevalle kom dit voor of die toenemende afwyking op 'n sekere stadium stopgesit word sodat dit aanleiding gee tot 'n swakkerige integrasie tussen die afwyking en die aanvaarde sosiale organisasie. 'n Situasië ontstaan dus waarin algehele verdraagsaamheid op onsekere wyse gestabiliseer word net voor die kritieke punt in die toleransie-kwasiënt²⁶⁾ bereik word, waarby kollektiewe aksie geneem word.²⁷⁾ Die dooiepunt wat op hierdie manier bereik word, is gewoonlik die gevolg van algemene kulturele konflik wat 'n groot deel van die bevolking raak en optrede onmoontlik maak. Dobbelaar is vir Lemert 'n goeie voorbeeld van so 'n dooiepunt-situasië.

- (c) Die derde resultaat van samelewingsreaksie lei tot die algehele verwerping en uitwissing, of dan ten minste die daadwerklike poging tot verwerping en uitwissing van die afwyking. Dit gebeur veral in gevalle waar die norme wat oortree word universeel en kompulsief van aard is.

2. SOSIOPATIESE INDIVIDUASIE

(i) Sekondêre afwyking:

Lemert gebruik die begrip sosiopatiese individuasië as aanduiding vir die proses van afwykend-word, en illustrasië van hierdie prosesuele aard van

afwykende gedrag is by uitstek te vinde in terme van sy konsep "sekondêre afwyking". Die volgende stadia in hierdie proses van afwyking kan vir analitiese doeleindes in sy definisie van sekondêre afwyking onderskei word:²⁸⁾

- (a) 'n Persoon tree afwykend op; dit wil sê hy handel teenstrydig met die standaardverwagtings van die samelewing of gemeenskap.
- (b) Ander persone reageer afkeurend teenoor hierdie gedrag. Hierdie reaksies is gewoonlik in die vorm van stigmatisering, straf, segregasie en ander vorme van sosiale kontrole.²⁹⁾
- (c) Die ander se reaksies skep vir die afwykende persoon probleme, soos byvoorbeeld formele of informele segregasie van die res van die gemeenskap of die toesegging van 'n bepaalde rol en status wat nie met die aanvaarde ooreenstem nie.
- (d) Die afwykende persoon respondeer weer teenoor die probleem wat deur die ander se reaksies veroorsaak is. Hy kan dan byvoorbeeld 'n selfbeeld in ooreenstemming met die ander se siening van hom ontwikkel.

Gewoonlik gaan primêre afwyking hierdie sekondêre afwyking vooraf en is daar in die reël 'n geleidelike oorgang vanaf die een na die ander. Hierdie oorgang vind volgens Lemert normaalweg in 'n bepaalde volgorde plaas: (a) Primêre afwyking, (b) Sosiale straf, (c) verdere primêre afwyking, (d) sterker strafmaatreëls, (e) verdere afwyking (hier kan sprake wees van 'n vyandigheid teenoor diegene wat die strafmaatreëls toepas), (f) 'n krisis word in die toleransie-kwasiënt bereik wat gemanifesteer word deur formele optrede deur die gemeenskap, (g) versterking van afwykende gedrag as respons op die stigmatisering en straf, (h) finale aanvaarding van 'n afwykende status en pogings om daarby aan te pas.³⁰⁾

Volgens Lemert is dit dus onwaarskynlik dat 'n enkele afwykende handeling so 'n sterk samelewings-reaksie sal uitlok dat sekondêre afwyking daarop sal volg. Dit kan wel in uitsonderlike gevalle gebeur waar die afwykende handeling vir die akteur so 'n traumatiese betekenis het dat hy inhoude in ander se gedrag teenoor hom lees wat in der waarheid nie korrek is nie. Die afwykende heg dus in hierdie geval 'n bepaalde betekenis aan andere se gedrag wat nie getrou is aan die betekenis wat ander aan hom oordra nie.³¹⁾ Op hierdie wyse word die onegte betekenis van ander se gedrag in die vorm van die "Me" deel van die afwykende se persoonlikheid, oefen dit in daardie vorm 'n invloed op sy gedrag uit en word sy gedrag sekondêr afwykend. Die vraag ontstaan hier of dit slegs in dergelyke gevalle van traumatiese betekenis moontlik is dat 'n enkele handeling tot sekondêre afwyking aanleiding kan gee. Die moontlikheid bestaan natuurlik ook - hoewel Lemert nie daarvan melding maak nie - dat enkele handeling tot sekondêre afwyking aanleiding kan gee in gevalle waar die aanvanklike afwyking 'n reël waaraan 'n sterk kompulsiewe betekenis geheg word, oortree, soos in die geval van moord en sekere seksuele misdade. Die mening word dus gehuldig dat die onmiddellike oorgang van primêre na sekondêre afwyking ook verband hou met beide die aard van die norm wat oortree word sowel as met die houding van die konformerende deel van die gemeenskap teenoor die betrokke norm.

(ii) Simboliese prosesse, Selfdefinisie en Sosiopatiese rolle:

Die probleme wat ander se reaksies vir die afwykende persoon skep, word so 'n integrale deel van sy psigiese en sosiale samestelling dat die

afwykende persoon se respons op hierdie reaksie dikwels die vorm van persoonlikheids-, status- en rolverandering aanneem. Die samelewingsdefinisie en -reaksie is dus bepalend vir die individuele selfdefinisie; terwyl die selfdefinisie op sy beurt weer die afwykende persoon se rolkeuse en -aspirasie beïnvloed. Dit geskied deur die proses van simboliese interaksie waardeur die reaksies van ander in die vorm van "Me"-komponente van die afwykende se self geïnkorporeer word. In die proses van oorgang van "normale" na afwykende rolle speel die individuele simboliese reaksies ten opsigte van sy eie gedrag, sy eie selfkonsepsie en die gedrag van ander 'n deurslaggewende rol. Die simboliese prosesse van interpretasie en betekenishegting ten opsigte van die akteur se omgewing is dus 'n noodsaaklikheid in gevalle waar gedragsafwyking gesistematiseer word in patologiese rolle.

(a) Rolkeuse:

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat sosio-patiese of afwykende rolle vir Lemert inderdaad geïntegreerd en gestabiliseerd kan wees, soos byvoorbeeld in die geval van die professionele dief of prostituut. Daar is egter ook dié gevalle waar die gedragsafwykings nie dermate geïntegreerd en stabiel is nie, byvoorbeeld in gevalle van diegene wat "persoonlik gedisorganiseerd" is en slegs om genotvolle redes afwykend optree en ook diegene wat wel af en toe skuldig is aan afwykende gedrag, maar waar daar tog 'n "verdraagsame hoewel neurotiese ewilibrum" gchandhaaf word. Vir Lemert is slegs die geïntegreerde en stabiele afwykende rol - dit wil sê die sekondêre afwyking - van sosiologiese belang en derhalwe word oorwegend hieraan aandag bestee.

Omdat die menslike persoonlikheid volgens Lemert, dinamies, skeppend en keuse-uitoefenend is, en ook voortdurend in strukturele konteks funksioneer, is menslike gedrag - en so ook afwykende gedrag eweneens - ook dinamies en sal die keuse ten opsigte van afwykende rolle nie willekeurig en wispelturig wees nie.³²⁾

"These dynamic explorations of the human being function in a structural context in all cases; they operate within sets of external and internal limits".³³⁾ Daar is dus sekere beperkings in die afwykende persoon self, of in sy sosiale omgewing, geleë wat sy keuse tussen normale en afwykende rolle, asook sy keuse ten opsigte van sekere tipes afwykende rolle sal beïnvloed:

Beperkings van die Samelewing:

Daar is verskeie eksterne beperkings wat in die eksterne strukturele konteks voorkom wat die keuse van sekere rolle en die sosiale deelname van afwykende persone beperk. Hierdie beperkings sluit nie allleen die afwykende uit van deelname aan algemene ekonomiese en sosiale rolle nie, maar isoleer hom ook pertinent van geleenthede om aan sekere sosiopatiese rolle deel te neem. Voorbeelde van hierdie eksterne beperkings is ekonomiese, demografiese en fisiese beperkings, waar laasgenoemde verwys na eienskappe soos krag, vaardigheid en uithouvermoë.

Beperkings van die Persoonlikheid:

Afgesien van die eksterne beperkings, onderskei Lemert ook daardie beperkings gebaseer op die interne strukturering van die afwykende persoonlikheid. In hierdie geval gaan

dit dus om persoonlikheidsfaktore wat die rolkeuse van die afwykende persoon beperk met die meegaande implikasie dat persoonlikheidsfaktore eweneens die tipe afwykende gedrag kan bepaal. Houdings, kennis en ander persoonlikheidseienskappe is hier van belang. Verder, volgens Lemert, is daar egter duidelik voortdurende wisselwerking tussen hierdie eksterne en interne beperkings, hy sê: "Narrowing of the range of the internal limits of choice goes along with the constrictions externally imposed upon social participation".³⁴⁾

(b) Die Integrasie van Rolle:

Nadat 'n persoon 'n afwykende rol aanvaar het - of hy nou daarin gedwing is en of hy dit vrywillig aanvaar het deurdat hy besef dat dit ook vir hom voordele kan inhou - vind daar 'n herintegrasieproses plaas waardeur al die ander rolle wat hy beklee ondergeskik gemaak word aan die hoofrol, in hierdie geval dan die afwykende rol. In die oorgang van een rol na 'n ander is die individu se gedrag betreklik ongeorganiseerd, maar deur hierdie integrasieproses ontstaan egter uiteindelik 'n nuwe status-persoonlikheid.³⁵⁾ Dit wil sê die individu se persoonlikheid ondergaan 'n transformasie wat sy persoonlikheidsamestelling in lyn met sy nuwe afwykende status en rol plaas. Daar kan dus gesê word dat die nou afwykende hoofrol self 'n stel van nuwe eksterne en interne beperkings word wat die tyd, belange, aandag, lojaliteit en energie van die individu eis. Nuwe eise word dus nou deur die sentrale funksie van hierdie hoofrol, asook deur die lojaliteite aan die nuwe groepe waaraan voortaan deelgeneem word, gestel. Ten einde sy rolle op hierdie wyse suksesvol te integreer, moet die afwykende die beperkings op so 'n wyse hanteer dat spanning tot die minimum beperk word of andersins die beperkings beheer word dat die nuwe konfigurasie nie ontwrig word nie. Ten einde dus die nuwe

integrasie van rolle te versterk, soek die afwykende dan voortaan na areas van deelname en bykomende rolle waardeur die sigbaarheid van sy afwyking en straf daarop verminder kan word en die moontlik gepaardgaande beloning sal vermeerde.³⁶⁾

'n Spesifieke en opvallende fase in hierdie rol-integrasieproses is natuurlik die samelewingsreaksie wat geassosieer word met die afwykende rol wat die individu aanvaar het. Soos reeds gemeld is die samelewingsreaksie aldus bepalend vir die selfdefinisie en dit op sy beurt weer bepalend vir die individu se aspirasie na ander rolle sowel as vir die individu se keuse van bykomende rolle wat na sy mening versoenbaar is met sy nuwe status.³⁷⁾

(iii) Aanpassing en Wanaanpassing

Lemert maak pertinent beswaar teen die algemene idee dat afwykende persone altyd ongelukkig, gedemoraliseer en emosioneel wanaangepas is. Volgens sy besondere sienswyse van afwykende gedrag as proses waarin ander se reaksies en gepaardgaande selfdefinisies 'n sentrale rol vervul, is nóg aanpassing nóg wanaanpassing die noodwendige gevolg van oortreding van die samelewing se reëls. Vir Lemert hou die mate van aanpassing van 'n individu verband met die mate waartoe daar kongruensie bestaan tussen die samelewingsdefinisie van die individu en sy eie definisie van homself; dit wil sê sy selfdefinisie. Lemert stel: "A person is well adjusted in the covert symbolic sense to the extent that there is a consistent societal definition of what he is and which he accepts, taking it over and introjecting it as his selfdefinition and playing the associated role".³⁸⁾ Hy erken egter dat daar nooit volkome kongruensie tussen samelewingsdefinisie en selfdefinisie is

nie vanweë die feit dat volkome kommunikasie tussen die individu en die samelewing onmoontlik is. Afgesien hiervan voer Lemert ook aan dat 'n algehele aanvaarding van die samelewing se evaluering van persone vir baie tè pynlik is. Vandaar dan die verskynsel dat daar altyd 'n mate van doelbewuste misinterpretasie van die samelewingsdefinisie en psigiese ontvlugting van die werklike samelewings-evaluasie selfs by goed aangepaste persone teenwoordig sal wees.

Of 'n afwykende persoon dus in sy rol aanpas, hang vir Lemert aldus af van die mate waartoe daar - en dan in tipies Meadiaanse terme gestel - ooreenstemming tussen die "I" en die "Me" is. Logies kan egter ook verwag word dat daar meganismes in werking is wat voortdurend poog om 'n werkende balans tussen die "I" en die "Me" daar te stel.

(a) Die Wanaangepaste Afwykende:

Uit bogenoemde volg dit dus dat 'n afwykende persoon vir Lemert wanaangepas is, indien daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die samelewing se siening van die persoon en sy rol, enersyds, en die persoon se eie siening van homself en sy rol andersyds. Hierdie inkongruensie tussen die "I" en die "Me" is die resultaat van die onvermoë van individue om sekere rolle wat op hulle afgedwing word en waarvoor hulle nie aspireer nie, te vervul. Hierdie rolle stel eise aan die persone wat onversoenbaar is met die interne beperkinge van hul persoonlikhede en is gevolglik ook draers van onbevredigende selfdefinisies. Die gevolg is dat die akteur die aangepaste selfdefinisie wat inherent in hierdie afgedwingde of nie-na-geaspireerde rol opgesluit

lê, verwerp en 'n stryd met homself aanknoop om die self anders te definieer.³⁹⁾

In ekstreme gevalle van persoonlike wanaanpassing is daar 'n totale gebrek aan sosiale kommunikasie tussen samelewing en self; gevolglik is daar geen ooreenkoms tussen die samelewingsdefinisie en die individu se eie definisie van die self nie. Lemert sê in hierdie verband: "When this happens, massive conflicts over roles shatter the personality, the self may disintegrate, breaking down into several or many selves, or it may become rigidly integrated upon a delusional basis, producing bizarre or dangerous overt behavior".⁴⁰⁾

Daar dien egter op gelet te word dat die samelewingsdefinisie van die individu en sy rol nie noodwendig altyd eg is nie. Al sou hierdie definisie egter oneg of verkeerd wees, bly dit steeds die sosiale werklikheid waarteenoor die individu moet respondeer. Trouens, vir Lemert dra die betekenisvolle ander se definisie van die individu en sy rol beslis die grootste gewig, en is dit ook by uitstek belangrik in die vorming van die individu se eie definisie van sy self en sy rol.

Voorts gebeur dit dikwels dat 'n persoon se rolkeuse tot so 'n mate beperk word dat daar weinig indien enige alternatiewe rolle vir hom oop is. Volgens Lemert kan die konsep "marginale mens" in hierdie gevalle op die afwykende van toepassing gemaak word. Hy wys daarop dat afwykendes dikwels in opstand kom teen daardie rolle wat nog vir hulle

"oop" is; terwyl diè waarna hulle aspireer en wat hulle graag sou aanvaar as gevolg van hul afwyking of gebrek vir hul "geslote" is. In sommige gevalle vind 'n totale versperring van keuses plaas sodat daar absoluut geen alternatiewe rolle vir die afwykende oop is nie, en elk van sy pogings om aanpassings te maak ontwrigtende spanning tot gevolg het. In hierdie gevalle, wat veral by sekere tipes afwykende gedrag voorkom, neem die sosiopatiese aktiwiteit dan 'n kompulsiewe aard aan en is die afwykende rol en meegaande selfdefinisie eerder ongewenste neweprodukte van die aktiwiteit as die resultaat van doelbewuste aspirasies en keuses. Die afwykende het derhalwe geen ander keuse as om voort te gaan met sy afwykende gedrag nie, aangesien toegang tot enige ander rol juis deur sy afwykende gedrag onmoontlik gemaak word. Soms kan dit selfs gebeur dat afwykende persone vervalste rolle aanvaar in 'n poging om die afwykende selfdefinisie en rol vry te spring en om konflik en algehele isolasie teen te werk. 'n Voorbeeld van hierdie poging tot die oplossing van die probleem van die beperking of algehele versperring van rolkeuses, is die misdadiger wat voorgee om geestelik versteurd te wees en so-doende "terugtrek" in die veiligheid van 'n inrigting.

(b) Die Aangepaste Afwykende

Die aangepaste afwykende is daardie persoon wat sy afwykende status, rol en selfdefinisie aanvaar. Volgens Lemert is daar hoofsaaklik twee redes waarom hierdie aanvaarding die persoon help om aan te pas. Die aanvaarding van die afwykende rol spaar energie wat voor aanvaarding in die voortdurende stryd om die

samelewingsreaksie as verkeerd te bewys, verbruik is. Hierdie energie wat in die stryd tussen die "I" en die "Me" verbruik is, kan na aanvaarding voortaan deur die afwykende aangewend word ten opsigte van sy aanpassing by die afwykende rol. "If society has institutionalized some sort of role for the particular deviant, he can now avail himself to the special skills and habits of the role and enjoy the reward pertaining to it."⁴¹⁾

In gevalle waar die samelewingsdefinisie nie konsekwent en ondubbelsinnig is nie en daar derhalwe nie 'n tradisionele geïnstitusioneerde rol vir die afwykende bestaan nie, is die situasie inderdaad meer kompleks. So 'n afwykende is tot 'n groot mate geïsoleerd en daar bestaan ook geen aanpassingstegnieke en vaardighede wat hy van ander kan aanleer nie. Hierdie afwykende is dus op homself aangewese om die nodige tegnieke en vaardighede uit te werk. Hierdie uitwerk en beplanning verg nou van sy gespaarde energie wat normaalweg in die stryd tussen die "I" en die "Me" aangewend is.

3. SOSIALE KONTROLE

Lemert se standpunt dat samelewingsreaksies as die "Me" - komponent van die afwykende se selfgeïnkorporeer word en sodoende aanleiding gee tot sekondêre afwyking beteken - ten minste by implikasie - dat afwykende gedrag noue verband hou met die probleme van sosiale kontrole, hoewel dan op nie-tradisionele of omgekeerde wyse. Sosiale kontrole is vir Lemert in hierdie samehang tussen afwykende gedrag en sosiale kontrole die onafhanklike veranderlike; dit wil sê sosiale kontrole is die oorsaak eerder as die

gevolg van afwykende gedrag. Volgens Lemert hou hierdie nie-tradisionele beskouing aangaande sosiale kontrole groter moontlikhede in vir die bestudering van afwykende gedrag in moderne samelewings. As gevolg van afwykendes se simboliese reaksie jeens sosiale kontrole word dikwels effektiewe, (dit wil sê 'n stimulus tot verdere afwyking) eerder as die bedoelde (dit wil sê die rehabilitasie of herstel) resultate bereik. Gevolglik kan versorging van die afwykende in 'n inrigting of terapeutiese behandeling aan hom eerder aanleiding gee tot verdere afwyking (as effektiewe resultaat) as wat dit die bedoelde rehabilitasie-funksie vervul.

Alhoewel Lemert nie sistematies in detail die omstandighede en wyse waarop sosiale kontrole die teenoorgestelde uitwerking het, bespreek nie, kan uit sy skrywe oor hierdie onderwerp nogtans 'n taamlik duidelike idee van sy gedagtegang in hierdie verband gevorm word.⁴²⁾ Dit dien egter vermeld te word dat hierdie idee, naamlik dat formele instansies van sosiale kontrole afwyking eerder bevorder as verhoed beslis nie by Lemert die oorsprong het nie. Denkers soos Mead,⁴³⁾ Durkheim⁴⁴⁾ en Marx⁴⁵⁾ het lank tevore reeds hierdie gedagte geopper.

Die stabilisering van afwykende gedrag, as gevolg van die werking van formele kontrole - agense vind vir Lemert op die volgende wyses plaas:

Alhoewel die regverdiging vir die werking van die betrokke kontrole-instansies - soos rehabilitasiesentra, welsyns-, straf-, en verbeteringsinrigtings - in die breë in morele ideologieë gesetel is, is die meer onmiddellike rationale vir hul kontroleoptrede in wette, beleidsrigtings en administratiewe reëlings te vinde. Juis dit gee aanleiding tot 'n potensiële konfliktsituasie, aangesien daar in weinig gevalle algehele eenstemmigheid in 'n samelewing of gemeenskap ten opsigte van die rationale vir kontroleoptrede bestaan. Daar bestaan altyd die moontlikheid dat

die situasie kan ontwikkel waar een groep oor die mag mag beskik om sekere waardes en gedrag van andere te vermag, en selfs af te dwing, waarmee hierdie groep glad nie saamstem nie. Hierdie sosiaal-psigiese opset vorm dan ook dikwels die agtergrond waarteen afwykendes frustrasie en weerstand opbou en waarteen afwykende gedrag inderdaad gestabiliseer kan word. Lemert gee egter geredelik toe dat daar nie summier aanvaar kan word dat frustrasie en gevoelens van verontregting op sigself noodwendig tot sekondêre afwyking sal lei nie. So 'n standpunt sal, volgens hom, te veel aannames verg wat min sosioloë bereid sal wees om te maak.⁴⁶⁾ Daarom bly hy eerder 'n voorstander van die meer gematigde siening dat frustrasie en gevoelens van verontregting in sommige gevalle 'n aanleidende faktor tot sekondêre afwyking kan wees.⁴⁷⁾

Uit Lemert se besondere siening van die verband tussen afwykende gedrag en sosiale kontrole, kan daar, benewens die voorgaande ook verdere wyses waarop sosiale kontrole afwykende gedrag stimuleer, afgelei word: Vanweë die simboliese betekenis wat afwykendes aan die kontroleagente se optrede heg, sou in baie gevalle selfkonsepsies gevorm word wat meewerk tot 'n afwykende individu en afwykende gedrag. Voorts, vanweë die noue kontak en interaksie tussen die verskillende afwykendes binne byvoorbeeld 'n inrigting, is hierdie afwykendes in 'n posisie waar hulle verdere tegnieke van afwyking by mekaar kan aanleer. Juis om bogenoemde redes pleit Lemert daarvoor dat sosioloë moet poog om die simboliese en subjektiewe simbole van sosiale kontrole te begryp eerder as die bedoelde uitwerking daarvan.⁴⁸⁾

C. SAMEVATTING EN KOMMENTAAR

1. BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG

Vir Lemert het afwykende gedrag 'n meer omvattende betekenis as wat die geval algemeen in die Sosiologie is, deurdat hy

afwykende gedrag definieer as gedrag wat op betekenisvolle wyse van modale gedrag verskil. Hierdie statistiese definisie stel hom in staat om tussen gedrag wat positief en gedrag wat negatief afwyk, te onderskei. Vir gedrag wat op laasgenoemde wyse afwyk, ontwikkel hy die konsep sosiopatiese gedrag en is sy primêre werk dan ingestel op die daarstelling van 'n teorie oor sosiopatiese gedrag. Aangesien Lemert van mening is dat die Sosiologie sigself ten opsigte van die bestudering van afwykende gedrag primêr moet besig hou met daardie gedrag wat stabiliseer in afwykende statusse en rolle, gee hy hoofsaaklik aandag aan sekondêre afwyking as daardie afwykende gedrag wat met hierdie sienswyse van hom in ooreenstemming is. Die reaksies van andere op die afwykende en sy gedrag speel 'n sentrale rol in Lemert se siening van afwykende gedrag, aangesien hy aanvaar dat hierdie reaksies nie alleen nodig is vir 'n definisie van afwyking nie, maar ook vir die proses waarvolgens 'n persoon afwykend word. Alhoewel die onderskeiding tussen primêre en sekondêre afwyking hoofsaak in Lemert se teorie is, en dit beslis ook sy grootste enkele bydrae tot die Sosiologie van Afwykende Gedrag is, maak hy ook 'n verdere klassifikasie van afwykende gedrag in terme van die oorsake daarvan. Sodoende onderskei hy tussen individuele, situasionele en sistematiese afwyking waar eersgenoemde twee tipes verwys na afwykende gedrag wat onderskeidelik in die persoon self en in sy situasie ontstaan, terwyl sistematiese afwyking verwys na afwykende gedrag wat die vorm van sub-kulture aanneem en derhalwe oorsprong het in interaksie met ander.

Alhoewel Lemert se teorie toegespits is op sosiopatiese gedrag, hou sy identifisering van positiewe afwykende gedrag die moontlikheid in dat sy teoretiese raamwerk en uitgangpunt ook op hierdie vorm van afwyking van toepassing gemaak kan word. Dit sou byvoorbeeld sosiologies sinvol en ook interessant wees om te probeer vasstel op watter wyse ander se reaksies 'n invloed op die selfbeeld en verdere optrede van die befaamde atleet uitoefen.

Ten opsigte van sy verskillende klassifikasies van afwykende gedrag dien op gewys te word dat hulle nie onderling uitsluitend is nie. So sou individuele sowel as situasionele afwyking óf bedektelik óf openlik kon wees en sekondêre sowel as primêre afwyking óf individueel óf situasioneel. Alhoewel Lemert dit nie pertinent noem nie sou die afleiding voorts ook gemaak kon word dat sistematiese afwyking in die meeste gevalle slegs sekondêr van aard sal wees, aangesien 'n persoon betrokke by hierdie afwyking se lewe tot 'n groot mate deur sy afwyking beheers moet word om by 'n afwykende sub-kultuurgroep betrek te word.

'n Belangrike aspek ten opsigte van Lemert se verklaring van die oorsake van afwykende gedrag wat deur baie sosioloë óf geïgnoreer óf verkeerdelik geïnterpreteer word, is juis die kwessie van ander se reaksies as bron van afwyking. Alhoewel hy klem lê op ander se reaksies ten opsigte van afwykende gedrag, as die oorsake van die gedrag, is hierdie reaksies nie vir Lemert die enigste of aanvanklike oorsaak van afwykende gedrag nie. Primêre afwyking gaan volgens hom sekondêre afwyking vooraf; dit wil sê, daar was alreeds 'n afwyking van modale gedrag voordat enige betekenisvolle reaksie kon plaasvind. Lemert bied dus geen verklaring vir die oorspronklike afwyking nie - en as sosioloog stel hy dan ook nie in so 'n modus operandi belang nie - alhoewel hy tog noem dat dit uit die persoon self (individuele afwyking) of uit die situasie (situasionele afwyking) kan ontstaan. Waar hy van mening is dat 'n negatiewe evaluering van bepaalde gedrag sosiopatiese gedrag tot gevolg het, is hierdie reaksie hoogstens 'n sekondêre bron van afwyking. Sy konsep van afwykende gedrag as afwyking van modale gedrag impliseer 'n standaard of normatiewe element en die primêre verklaring van afwyking moet dus hierin geleë wees.

Lemert se hele beskouing en hantering van sekondêre afwyking het, globaal beskou, egter nie soseer ten doel om

die oorsake van afwykende gedrag te verklaar nie, maar is veeleer 'n poging tot die opheldering van die proses en wyses waarop ander se reaksies bydra tot die stabilisering van 'n afwykende gedragspatroon en, in 'n sekere mate, tot die vorming van 'n afwykende selfbeeld.

Verder het die sewende postulaat van Lemert se teorie, naamlik dat verskillende afwykendes op verskillende maniere kwesbaar is ten opsigte van samelewingsreaksies omdat die individu 'n dinamiese agens is en omdat sy persoonlikheidsstruktuur beperkend ten opsigte van samelewingsreaksies kan wees - die implikasie dat samelewingsreaksies nie noodwendig of alleen deurslaggewend is vir die ontwikkeling van sekondêre afwyking nie. 'n Persoon se persoonlikheidsstruktuur sou ook in hierdie verband 'n rol speel. Die verklaring van hierdie persoonlikheidsveranderlikes lê egter vir hom buite die terrein van die sosioloog.

2. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

Die prosesuele aard van afwykende gedrag is - soos reeds gesê - sentraal in Lemert se sosiologiese sienswyse van en teorie aangaande afwykende gedrag. Binne hierdie proses speel die samelewingsreaksie al deur 'n sentrale rol. Deur die tussenkoms van subjektiewe simboliese prosesse en definisies het die reaksie van ander mense 'n bepaalde afwykende selfsiening by die afwykende persoon tot gevolg met die verdere resultaat dat die persoon se gedrag in ooreenstemming met dié selfsiening gebring word en sodoende stabiliseer in afwykende gedragspatrone.

Lemert se teorie aangaande sosiopatiese individuasie (Lemert se konsep vir die proses van afwykend-word) is besonder indringend, logies uiteengesit en ook sistematies aangebied. Vandaar dan ook dat weinig kritiek teen sy sienswyse in hierdie verband ingebring kan word. Weer eens moet egter benadruk word dat nie alle afwyking en

afwykendes aan die hele proses onderworpe is nie, en voorts ook dat nie alle afwykendes gevolglik sekondêre afwykendes sal word nie. Slegs sekere soorte afwykings sal onder sekere omstandighede en by sekere persone die volle proses deurloop. Vanweë sy konsentrasie op die werklike proses van afwyking, gee Lemert nie genoegsaam aandag aan watter omstandighede, watter persone en watter soorte afwykings die proses ten volle sal deurmaak nie. Voor dat die proses van sosiopatiese individuasie ten volle verklaar kan word, sal ook hierdie leemte dus aangevul moet word.

3. LEMERT AS SIMBOLIESE INTERAKSIONIS

Lemert se simboliese-interaksionistiese oriëntasie is dwarsdeur sy skema duidelik en maklik te identifiseer. Sy hele teoretiese raamwerk het deurgaans 'n sterk simboliese-interaksionistiese ondertoon; nie alleen verkry afwykende gedrag as sodanig nie, maar ook sosiopatiese individuasie, slegs werklik betekenis wanneer die omgewing of situasie, interaksie tussen self en ander en sekere subjektiewe simboliese prosesse ter sprake kom. So lê Lemert veral in sy uiteensetting van verborge simboliese afwyking klem op hierdie simboliese prosesse. Sy onderskeid tussen individuele, situasionele en sistematiese afwyking is, soos reeds gemeld, ook in lyn met die Simboliese Interaksionisme veral daarin dat hy by uitstek in die geval van laasgenoemde twee tipes aantoon dat afwykende gedrag alleenlik binne 'n bepaalde sosiale of dan interaksie-konteks moontlik is.

Alhoewel Lemert deurgaans die rol wat ander nie-afwykendes in die proses van afwyking speel, beklemtoon, is dit eweneens belangrik dat daar tog ook daarop gelet word dat interaksie met nie-afwykendes ook in hierdie verband van belang is en dat dit inderdaad 'n rol speel. Hierdie soort interaksie word verreken in sy bespreking van sis-

tematiese afwyking en die rol van sub-kultuurgroepe ten opsigte van afwyking.

Sosiale interaksie sowel as die meegaande simboliese prosesse van betekenishegting en definisies van situasies speel ook 'n onvervangbare rol in Lemert se gedagtegang aangaande die oorgangsproses van primêre na sekondêre afwyking. Trouens, dit is juis deur middel van hierdie simboliese prosesse wat die individu 'n selfbeeld ontwikkel en ook tot 'n stabiele patroon van afwykende gedrag gevoer word; aangesien die betekenisvolle ander se definisie van die individu en sy rol vir Lemert beslis die grootste gewig dra in die individu se eie definisie van die self en sy rol.

In sy hantering van die samelewings- en persoonlikheidsfaktore wat ten opsigte van die individu beperkend op sy keuse tussen verskillende afwykings inwerk, beklemtoon Lemert eweneens die algemene beginsel van die Simboliese Interaksionisme, naamlik die voortdurende wisselwerking tussen self en situasie, baie pertinent.

VERWYSINGS

1. Volgens Lemert is postulate "simple statements of fact for which the writer finds no obligation to supply proof" (Lemert, Edwin M: Social Pathology, p.22)
2. Lemert, Edwin M: Social Pathology, pp. 22-23.
3. Volgens Lemert is sosiopatiese gedrag dus wat algemeen in sosiologiese literatuur as "afwykende gedrag" bestempel word.
4. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p.34.
5. Ibid., p. 34.
6. Ibid., p. 34-35.
7. Ibid., p. 35.
8. Ibid., p. 35.
9. Ibid., pp. 36-37.
10. Ibid., p. 37.
11. Ibid., p.37.
12. Ibid., pp. 37-38.
13. Ibid., p.38.
14. Ibid., p.44.
15. Ibid., p. 45.
16. Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, p. 40.
17. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p. 75.
18. Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, p.40.
19. Akers, Ronald L: Deviant Behavior: A Social Learning Approach, p.23.
20. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p.75.
21. Ibid., p.75.
22. Ibid., p. 50.
23. Ibid., p. 56.

24. Sekondêre afwyking is natuurlik die direkte resultaat van samelewingsreaksies.
25. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p. 60.
26. In navolging van Van Vechten gebruik Lemert die konsep "toleransie-kwosiënt" om die mate van afwyking en die reaksie daarop as 'n breuk uit te druk. Die teller (of boonste gedeelte van die breuk) is dan 'n meting van die hoeveelheid afwyking in 'n bepaalde gebied en die noemer (onderste gedeelte van die breuk) 'n meting van die graad van toleransie wat die ander persone in die gebied ten opsigte van die bepaalde gedrag openbaar. Beide teller en noemer kan varieer, hetsy afhanklik of onafhanklik van mekaar. Indien 'n sekere punt (die kritieke punt) bereik word, byvoorbeeld 2 tot 2, sal die ander persone in die gebied waarin die afwyking voorkom iets aan die afwyking begin doen, soos byvoorbeeld openbare vergaderings hou, die owerheid versoek om op te tree of self 'n aksiegroep organiseer. (Vergelyk Van Vechten, C: "The Tolerance Quotient as a Device for Defining Certain Social Concepts", American Journal of Sociology, Vol. 46, 1946, pp. 35-42).
27. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p.60 .
28. Kyk pp. van hierdie verhandeling.
29. Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, p.40.
30. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p. 77.
31. Ibid., p. 80.
32. Ibid., p. 78.
33. Ibid., p. 81.
34. Ibid., p. 89.
35. Die konsep "status-persoonlikheid" het Lemert van Ralph Linton oorgeneem. Laasgenoemde omskryf die konsep soos volg: "The status personality does not correspond to the total personality but simply to certain aspects of the content and more superficial orientations of the latter, i.e., to those elements of the total personality which are immediately concerned with the successful performance of the individual's roles". (Linton, Ralph; The Study of Man, p.477.).
36. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p. 90.
37. Ibid., p. 90.



38. Ibid., p. 91.
39. Ibid., p. 92.
40. Ibid., p. 93.
41. Ibid., p. 97.
42. Vergelyk: Lemert, Edwin M: "Beyond Mead: The Societal Reaction to Deviance", Social Problems, Vol. 21, 1974, pp. 457-467, asook Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, pp. 67-86.
43. Mead, George Herbert: "The Psychology of Punitive Justice," American Journal of Sociology, Vol. 25, 1928, pp. 577-602.
44. Durkheim, Emile: The Division of Labor in Society, pp. 99-103.
45. Vergelyk Coser, Lewis A: "Some Functions of Deviant Behavior and Normative Flexibility," American Journal of Sociology, Vol.68, 1962, pp. 172-181.
46. Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, p. 44.
47. Ibid., p. 44.
48. Lemert, Edwin M: Social Pathology, p. 70.

HOOFSTUK III

DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE GEDRAG:
Howard S. Becker.

A. BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG. ..

1. DIE ALGEMENE AARD VAN AFWYKENDE GEDRAG

Tesame met Edwin Lemert is Howard S. Becker sonder twyfel een van die mees prominente eksponente van die interaksionistiese benadering tot afwykende gedrag. Veral na die publikasie van sy "Outsiders" in 1963 het die etiketteringsbenadering besondere momentum verkry.

Soos alle vorme van menslike gedrag is ook afwykende gedrag vir Becker kollektiewe gedrag.¹⁾ Dit beteken dat afwykende gedrag deel is van 'n komplekse netwerk van handeling wat meer as net die sogenaamde afwykende persoon betrek, Becker se kollektiewe siening van afwykende gedrag het dus as noodwendige gevolg dat alle persone wat by 'n afwyking betrokke is, by die bestudering daarvan betrek moet word. Die sosioloog wat 'n studie van afwykende gedrag wil maak, moet dus volgens Becker nie slegs die sogenaamde afwykende persoon bestudeer nie, maar ook diegene wat hom identifiseer en etiketteer as afwykend. Juis vanweë die feit dat afwykende gedrag in 'n komplekse netwerk van handeling voorkom wat noodwendig ander persone insluit, behoort volgens Becker weggedoen te word met die gedagte van sosioloë dat afwykende gedrag in duidelike kategorieë ingedeel kan word. Becker voer aan dat so 'n klassifisering van afwykende gedrag in die praktyk onmoontlik is, aangesien daar dikwels onsekerheid bestaan of 'n bepaalde handeling afwykend is of nie. Hierdie onsekerheid bestaan nie net by die afwykende nie, maar ook by diegene wat konformeer en die sogenaamde afwykende gedrag moet definieer. Dit gebeur dan ook dikwels dat die toepassing van 'n etiket, alhoewel dit geregtig kan wees, nogtans moeilik of selfs onmoontlik is, soos

in gevalle waar oortreders baie mag besit of hoë posisies beklee. Sosioloë wat afwykende gedrag dus in netjiese klinkklare kompartemente wil klassifiseer, ondervind moeilikheid met bogenoemde anomalie.

Verder maak Becker beswaar teen daardie sosioloë wat afwykende gedrag definieer as gedrag wat 'n algemeen aanvaarde reël oortree of verbreek en dan op die vraag "wie verbreek die reël?" die antwoord in terme van die persoonlikhede en lewensituasie van die oortreder verskaf. Volgens Becker aanvaar hierdie sosioloë te maklik dat diegene wat 'n bepaalde reël oortree tot 'n homogene groep behoort. So 'n aanname is teenstrydig met die werklikheid en ignoreer die sentrale beginsel van afwyking, naamlik dat dit deur die samelewing geskep of daargestel word. As Becker dan sê dat die samelewing afwyking skep, bedoel hy egter beslis nie dieselfde daarmee as byvoorbeeld Merton nie.²⁾ Hy sê: "I do not mean this in the way it is ordinarily understood, in which the causes of deviance are located in the social situation of the deviant or in 'social factors' which prompt his action. I mean, rather that social groups create deviance by making the rules whose infraction constitutes deviance, and by applying those rules to particular people and labeling them as outsiders".³⁾ Eerder as om aandag te wy aan die persoonlikheids- en situasionele oorsaaklikheidsfaktore, konsentreer Becker op die proses waarvolgens persone as oortreders of "outsiders" bestempel word en ook op die oortreders se reaksies op die etiketteringsproses.

Vir Becker kan daar alleen sprake van afwykende gedrag wees indien ander mense die gedrag as sodanig definieer. Hiervolgens is afwyking nie 'n eenvoudige kwaliteit van sekere soorte gedrag nie. Dit is eerder die produk van die proses van ander se reaksies op menslike gedrag. So-doende is afwykende gedrag gesetel in die interaksie tussen 'n persoon wat 'n bepaalde handeling begaan en diegene wat daarteenoor reageer.

As gevolg van die feit dat afwykende gedrag aldus deur die samelewing daargestel word, kan afwykendes nie as 'n homogene groep beskou word nie. Omdat die etiketteringsproses feilbaar kan wees, kan dit gebeur dat persone wat geen oortreding begaan het nie, wel geëtiketteer word as afwykend. Die teenoorgestelde is ook moontlik, naamlik dat nie almal wat oortree, geëtiketteer word nie.

"Insofar", kom Becker tot die gevolgtrekking, "as the category lacks homogeneity and fails to include all the classes that belong in it, one cannot reasonably expect to find common factors of personality or life situations that will account for the supposed deviance".⁴⁾

Verder van belang in hierdie konteks is die eksplisiete onderskeid wat Becker tref tussen gedrag wat reëls oortree en afwykende gedrag. In die geval van eersgenoemde is daar slegs sprake van reëloortreding sonder dat daar hoegenaamd reaksie deur ander op die gedrag is. In die geval van afwykende gedrag, daarenteen, is beide reëloortreding en ander se reaksie noodwendig essensiële elemente. Becker stel dit so: "In short, whether a given act is deviant or not depends in part on the nature of the act (that is, whether or not it violates some rule) and in part on what other people do about it".⁵⁾ Hy het dus nie beswaar daarteen dat wetenskaplikes wel gedrag wat reëls oortree, bestudeer nie, mits hulle hul studieterrein dan as "reëloortredende" gedrag en nie as afwykende gedrag identifiseer nie.⁶⁾

2. TIPOLOGIE VAN AFWYKENDE GEDRAG

Becker onderskei vier tipes afwykende gedrag en dit doen hy op grond van 'n kruisklassifikasie van die beginsels van normoortreding en sosiale definisie. Die gevolg is 'n vierledige tipologie waarin hy onderskei tussen:

- (i) Konformerende gedrag, as daardie gedrag wat die reëls gehoorsaam en wat deur ander as sodanig gedefinieer word.
- (ii) Suiwer afwykende gedrag, as gedrag wat die reëls oortree en wat as sodanig waargeneem en gedefinieer word.
- (iii) Valsbeskuldigde gedrag, as daardie gedrag wat wel die reëls gehoorsaam, maar wat deur ander persone waargeneem word as sou dit die reëls oortree.
- (iv) Geheime afwykende gedrag, waar die reël wel oortree word, maar die gedrag word nie as oortreding waargeneem nie. In der waarheid - volgens Becker se definisie van geheime afwyking - word die gedrag glad nie waargeneem nie en kan daar dus geen sosiale reaksie of definisie wees nie.⁷⁾

In verband met hierdie tipologie maak Becker die volgende kwalifiserende opmerkings: (i) Die klassifikasie moet altyd vanuit die perspektief van 'n gegewe stel reëls gebruik word. Dit neem, met ander woorde, nie die kompleksiteit in ag in gevalle waar daar binne dieselfde konteks verskillende reëls is wat gedrag voorskryf nie.

(ii) Die klassifikasie verwys na tipes gedrag eerder as tipes mense; dus eerder na handeling as na persoonlikhede.⁸⁾

Vir die sosioloog is Becker se tipologie veral nuttig daarin dat dit sinvolle verskille tussen gedragstipes aandui wat normaalweg in literatuur as gelyksoortig beskou word. "If we ignore the differences," sê Becker, "we may commit the fallacy of trying to explain several kinds of things in the same way, and ignore the possibility that they may require a different explanation".⁹⁾ Dat Becker egter ook heelwat probleme skep met sy tipologie is gewis. Hieroor word later meer gesê.¹⁰⁾

B. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

Volgens Becker sentreer die tradisionele bestudering van afwykende gedrag rondom die oorsake van die gedrag en meer spesifiek rondom daardie faktore wat gelyktydig in die veroorsaking van die gedrag opereer. Hierdie ontleding van die oorsake van afwykende gedrag gaan van die veronderstelling uit dat verskeie faktore gelyktydig meewerk tot die ontstaan van afwykende gedrag en poog om vas te stel watter veranderlike of kombinasie van veranderlikes 'n bepaalde tipe gedrag die beste sal kan voorspel. Teen hierdie sienswyse maak Becker egter beswaar omdat, volgens hom, alle oorsake van afwykende gedrag nie op gelyktydige wyse opereer nie. Hy voer aan dat 'n model nodig is wat die feit in berekening bring dat patrone van gedrag in stap-vir-stap volgorde ontwikkel. Die verklaring van afwykende gedrag is alleen moontlik indien rekening gehou word met 'n volgorde van stappe en veranderinge in die ontwikkeling van 'n individu se gedrag. Becker illustreer sy gedagte met die marihuana-verslaafde as voorbeeld:

"We need for example, one kind of explanation of how a person comes to be in a situation where marihuana is easily available to him, and another kind of explanation of why, given the fact of its availability he is willing to experiment with it in the first place. And we need still another explanation of why, having experimented with it, he continues to use it. In a sense each explanation constitutes a necessary cause of the behavior. That is, no one could become a confirmed marihuana user without going through each step. He must have the drug available, experiment with it, and continue to use it. The explanation of each step is thus part of the explanation of the resulting behavior. Yet the variables which account for each step may not, taken separately, distinguish between users and nonusers".¹¹⁾

Becker ontwikkel die konsep "career" (loopbaan) om die proses waarvolgens 'n persoon op bogenoemde wyse afwykend word, of anders gestel, waarvolgens afwykende gedrag progressief ontwikkel, te illustreer. Hierdie konsep het binne die studie van loopbane of beroepe die betekenis van die opeenvolging of volgorde van beweging van een posisie na 'n volgende deur 'n individu in 'n bepaalde beroepsstelsel.¹²⁾ Binne die raamwerk van afwykende gedrag sou die konsep "loopbaan" dus ook verwys na die stap-vir-stap beweging van een bepaalde posisie of van sekere omstandighede na die volgende hetsy (i) die beweging in die rigting van toenemende afwyking of (ii) weg van die afwyking is. Becker is van mening dat sosioloë beide fasette van 'n loopbaan moet bestudeer; dit wil sê daardie loopbaan wat lei tot toenemende afwyking sowel as die wat weg daarvan na 'n meer konvensionele leefwyse lei.¹³⁾ Hy self konsentreer egter op eersgenoemde.

1. AFWYKENDE LOOPBANE

- (i) Die Aanvanklike Oortreding: Die aanvanklike oortreding van 'n reël, dit wil sê die begaan van 'n afwykende handeling, is die eerste stap in afwykende loopbane. In 'n poging om hierdie eerste stap te verklaar, onderskei Becker tussen twee tipes aanvanklike afwykings, naamlik nie-bedoelde en bedoelde afwykings:
- (a) Nie-Bedoelde Afwyking: Waarom hierdie eerste tipe afwyking begaan word, is volgens Becker betreklik eenvoudig te verklaar. 'n Persoon oortree 'n reël óf omdat hy onbewus daarvan was óf omdat hy van mening was dat die reël nie op hom van toepassing was nie of nie vir sy situasie gegeld het nie.
- (b) Bedoelde Afwyking: Verskillende verklarings word vir hierdie soort aanvanklike oortreding voorgehou. So soek psigoloë die oorsake van bedoelde afwyking in die kinderjare van die individu en dan veral in die sielkundige

ontwikkeling van die kind. Sosioloë, daarenteen, voer weer sosiaal-strukturele stremminge as oorsake van bedoelde afwyking aan. Volgens Becker is daar by beide bogenoemde verklarings 'n miskenning van die feit dat daar ook by konformiste 'n neiging tot afwyking is, maar dat hierdie neiging op een of ander wyse beheer word. Dit is nie slegs diegene wat uiteindelik 'n afwykende handeling begaan wat die impuls of drang daartoe het nie. Die vraag wat derhalwe eerder beantwoord moet word, is waarom konformiste nie toegee aan hierdie impulse nie. Die antwoord wat Becker dan self op hierdie vraag bied, is dat konformiste op so 'n wyse by konvensionele institusies en gedrag betrokke is dat hulle nie kan bekostig om die reëls te oortree nie. Vir hulle is daar dus veel op die spel. Hy sê: "What happens is that the individual, as a consequence of actions he has taken in the past or the operation of various institutional routines, finds that he must adhere to certain lines of behavior, because many other activities than the one he is immediately engaged in will be adversely affected if he does not",¹⁴⁾ Die betrokkenheid by konvensionele instellings dien dus volgens Becker as kontrole-meganismes ten opsigte van afwykende gedrag. Die konformis, by wie daar ook 'n neiging tot afwyking voorkom, het te veel "belê" in die normale om enige afwyking te "bekostig". Of 'n persoon dus die aanvanklike bedoelde afwyking sal begaan, hou nou verband met sy betrokkenheid by konvensionele instellings en gedrag.

- (ii) Stabilisering van Afwyking: Van groter belang vir die sosioloog is egter daardie persoon wat 'n volgehoue patroon van afwyking oor 'n lang tydperk handhaaf; daardie persoon wat afwyking sy

lewenswyse maak en sy identiteit rondom hierdie patroon van afwyking organiseer.¹⁵⁾ Die vraag wat dus in hierdie verband beantwoord moet word, is hoedat daar vanaf die aanvanklike oortreding oorgegaan word tot die volgehoue patroon van afwykende gedrag. Vir Becker speel die proses van sosiale interaksie die belangrikste rol in die ontwikkeling en stabilisering van sosiale afwyking. Deur interaksie met ander afwykendes ontwikkel die individu afwykende motiewe en belange en sodoende 'n motivering tot verdere afwyking. By die aanvanklike oortreding het die oortreder gewoonlik nog geen benul van die voordele wat die oortreding vir hom inhou nie. Eers na die aanvanklike oortreding, en ook as gevolg van interaksie met ander besof hy hierdie voordele en dien dit as motivering vir verdere soortgelyke oortreding. "What may well have been a random impuls", sê Becker, "to try something new becomes a settled taste for something already known and experienced".¹⁶⁾

In sy artikel "Becoming a Marihuana User" en "Marihuana Use and Social Control"¹⁷⁾ toon Becker dan ook duidelik aan hoe interaksie met mede-oortreders in die geval van marihuana-gebruikers lei tot 'n vaste patroon van afwykende gedrag. Vir marihuana-gebruik om 'n patroon te word, moet die toevallige of plesiergebruiker eers die tegniek van die gebruik aanleer asook hoe om die gewenste effekte te verkry en hierdie effek te geniet. Indien hierdie verskillende stappe nie deur interaksie met ander gebruikers aangeleer word nie, is die kans goed dat die gebruiker die gebruik van marihuana sal laat vaar. Afgesien van die aanleer van hierdie opeenvolgende stappe, is dit ook nodig dat die roker van marihuana sekere tegnieke sal ontwikkel waarvolgens hy sosiale kon-

trole ten opsigte van marihuanarokery kan omseil. Deur interaksie met ander rokers leer die marihuana-gebruiker dus hoe om die middel te bekom, sy gedrag geheim te hou en homself ten opsigte van die moraliteit van sy optrede te regverdig. Daar dien in hierdie verband daarop gewys te word dat die afwykende (die marihuana-gebruiker), volgens hierdie uiteensetting van Becker, vrywillig tot verdere afwyking gelei word. Hierdie interaksionistiese siening van Becker sou ook beskou kon word as 'n leerteorie aangaande afwykende gedrag deurdat die afwyking deur 'n sosiale leerproses ontwikkel word.

Dit is egter nie slegs as gevolg van interaksie met ander afwykendes wat afwykende gedrag neig om te stabiliseer nie. Ook interaksie met ander nie-afwykendes is hier van die opperste belang; en dan veral die identifisering en etikettering van die persoon as afwykend. Hierdie identifisering en etikettering het belangrike gevolge vir die oortreder se identiteit, status en verdere optrede.

Ten einde die identifisering en etikettering asook die gevolge daarvan vir die oortreder, naamlik die aanvaarding van 'n afwykende identiteit, te illustreer, maak Becker die konsepte "Master and auxiliary traits", "master and subordinate status"¹⁹⁾ en "self-fulfilling prophecy"²⁰⁾ op doeltreffende wyse op die terrein van afwykende gedrag van toepassing.

Volgens Hughes het die meeste statusse sekere hoof- of primêre trekke wat hierdie betrokke status van ander statusse onderskei. Alhoewel daar baie ander trekke mag wees wat aan die betrokke status gekoppel word, is hulle nogtans

nie die onderskeidende trekke nie. In sy toepassing hiervan voer Becker aan dat die hoof trek wat aan 'n afwykende toegeskryf word, juis sy afwykende gedrag is. Die akteur se afwykendheid word die allesoorheersende of dominante trek en alle ander trekke waaroor die akteur beskik, word ondergeskik daaraan gestel.

Net soos daar sekere statutstrekke is wat belangriker is as ander, so is daar ook sekere statusse wat prioriteit bo ander geniet en in der waarheid die ander oorheers. Die status van "afwykende" is volgens Becker so 'n "master"-status. Indien 'n persoon as afwykende geëtiketteer is, oorheers dáárdie status alle ander statusse wat hy moontlik mag beklee. Sodoende word 'n individu se afwykende status en rol die oorheersende.

Die etiket "afwykend" het tot gevolg dat sekere meganismes in werking gestel word wat die beeld wat ander van die afwykende persoon het, help vorm. Sodoende dra die etiket daartoe by dat die afwykende dieper in afwyking betrokke raak. Dit gebeur dan ook dikwels dat 'n afwykende persoon se deelname in konvensionele groepe en bedrywighede afgesny of ten minste bemoeilik word deur die afwykende etiket wat ander aan hom toeskryf. Hierdie isolasie bring verder dikwels mee dat die geëtiketteerde persoon nie 'n keuse het anders as om dieper by afwyking betrokke te raak nie. Die feit dat die oortreder in toenemende mate by afwykende gedrag betrek word, is volgens Becker dus die resultaat van openbare reaksie en nie van die aanvanklike afwyking per se nie.

Becker erken geredelik dat nie alle oorspronklike afwykings noodwendig in stabiele patrone van af-

wyking ontwikkel nie. Die oortreder het 'n keuse of hy met die afwyking wil voortgaan of nie.²¹⁾ Dit is egter vir 'n oortreder uiters moeilik om 'n siklus na toenemende afwyking te verbreek. 'n Geëtiketteerde persoon ontkom nie maklik aan sy etiket nie, ten spyte daarvan dat hy eerlik kan poog om sy afwykende optrede te staak. Die samelewing is geneig om die oortreder, selfs die hergestelde of gerehabiliteerde oortreder, altyd in terme van sy etiket te definieer en te behandel met die gevolg dat die oortreders as 't ware gedwing word om met die afwyking voort te gaan.

- (iii) Die Beweging na 'n Georganiseerde Afwykende Groep: Die finale stap in die loopbaan van die afwykende is die beweging na 'n georganiseerde afwykende groep. Aangesien die lede van so 'n groep afwyking in gemeen het en hulle as gevolg daarvan gemeenskaplike probleme het, ontwikkel 'n eie afwykende subkultuur: "a set of perspectives and understandings about what the world is like and how to deal with it, and a set of routine activities based on those perspectives. Membership in such a group solidifies a deviant identity. Wanneer 'n persoon in so 'n groep in beweging of besef dat hy alreeds daarbinne is, het dit verreikende gevolge vir sy selfbegrip deurdat dit die afwykende selfbeeld wat in die proses van afwykend-word reeds ontwikkel het, vestig en stabiliseer

Alhoewel nie in besonderhede nie, identifiseer Becker nogtans etlike gevolge wat lidmaatskap van 'n afwykende groep vir die loopbaan van die afwykende inhoud: So is die neiging tot rasionalisering en regverdiging van hul optrede en posisie groter by afwykende persone, indien hulle lid van 'n groep is as in die geval van afwykende individue. Hulle

vind makliker regverdiging vir hul optrede in gekompliseerde wetlike, historiese en psigiese faktore. 'n Goeie voorbeeld hiervan word by homoseksualiste aangetref. Langs die weg van rasionalisering en regverdiging van hul optrede ontwikkel lede van die afwykende groep dus redes om voort te gaan met hul afwykende optredes. Ook die feit dat die afwykende in groepsverband leer hoe om sy afwykende aktiwiteite met die minste probleme te beoefen, het die gevolg dat hy met hierdie optrede volhou. Probleme wat hy moontlik kan ondervind, is in baie gevalle reeds deur ander in die groep gehanteer en opgelos. Sodoende word ander se kennis, en tegnieke deur hulle aangewend, tot die afwykende se beskikking gestel. Hierdie kennis maak die lewe van die persoon as afwykende draagliker en meer hanteerbaar, met gevolglike voortsetting van sy afwykende gedrag. "Thus, the deviant who enters an organized and institutionalized deviant group is more likely than ever before to continue in his ways. He has learned on the one hand, how to avoid trouble and, on the other hand, a rationale for continuing".²⁴⁾

C. SAMEVATTING EN KOMMENTAAR

1. BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG.

Becker se siening van afwykende gedrag is in ooreenstemming met sy sienswyse van menslike gedrag in die algemeen, naamlik dat dit kollektief van aard is. Hiervolgens is 'n volledige begrip van afwykende gedrag alleen moontlik indien alle persone, nie slegs die afwykende nie, by die bestudering van afwykende gedrag betrek word. Becker lê sodoende klem op die rol van die nie-afwykende in sy definisie van afwykende gedrag as hy sê: "Deviant behavior is behavior that people so label."²⁵⁾ In der waarheid beklemtoon hy hierdie rol van ander en die etiketteringsproses tot so

groot mate dat heelwat verwarring en probleme ten opsigte van sy begrip van afwykende gedrag ontstaan. Afwykende gedrag is vir Becker alleen moontlik indien ander die gedrag as sodanig definieer en daarteenoor reageer. So-doende is afwykende gedrag ook vir hom gesetel in die proses van sosiale interaksie.

Aangesien Becker die eerste persoon na Lemert is wat weer eens nadruklik die reaksies van ander by 'n begrip van afwykende gedrag te berde bring, lower sy sienswyse 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die Sosiologie van Afwykende Gedrag. Deur die wyse waarop hy egter hierdie faset van sosiale afwyking aanbied, stel hy nie slegs homself aan kritiek bloot nie, maar kan dit ook lei tot 'n waninterpretasie van sy raamwerk en van die etiketteringsbenadering as geheel. Vervolgens word etlike probleme wat met Becker se siening ondervind word, bespreek:

- (i) Daar bestaan onduidelikheid omtrent die plek wat hy enersyds aan normoortreding en andersyds aan ander se definisie toesê in sy beskouing aangaande afwykende gedrag. Alhoewel Becker die indruk skep dat die kritieke veranderlike in sy siening van afwykende gedrag boweal die sosiale definisie is, is daar tog aanduidings dat reëloortreding ook soms as vereiste gestel word. Die volgende aanhaling is 'n aanduiding hiervan: "In short, whether a given act is deviant or not depends in part on the nature of the act (that is whether or not it violates some rule) and in part on what other people do about it".²⁶⁾ Hieruit wil dit blyk dat beide veranderlikes vir Becker nodig is voordat gedrag as afwykende verklaar kan word. Ter ondersteuning van hierdie sienswyse dien ook ander stellings wat Becker maak: "Since deviance is, among other things, a consequence of the responses of others to a person's act....."²⁷⁾ Hierdeur gee hy te kenne dat die ander se definisie

maar een aspek van die afwykende gedrag is. Dat hy reëloortreding wel in sy definisie van afwyking verreken, blyk eksplisiet uit die volgende: "... social groups create deviance by making the rules whose infraction constitutes deviance"²⁸⁾

In sy tipologie van afwykende gedrag gebruik Becker "gehoorsame" en "reëloortredende" gedrag onder andere as kriteria vir die bepaling van sy vier tipes afwykings. Nie alleen word reëloortreding hierdeur eksplisiet as vereiste element in die afwykende gedrag beskou nie, maar word ook geïmpliseer dat reëloortreding vooraf (dit wil sê voor sy tipes afwyking) bestaan. In 'n latere geskrif sien Becker hierdie dilemma self in: "The distinction (tussen reëloortredende en gehoorsame gedrag) implied the prior existence of a determination that rulebreaking had occurred, though, of course, it was just that the theory posed to make problematic".²⁹⁾ Die feit dat Becker die vooraf-reëloortreding as problematies sien (onderstreepte gedeelte), is aan die anderkant 'n aanduiding dat hy hierdie reëloortreding in sy sienswyse en bestudering van afwykende gedrag buite rekening wil laat. Hierdie standpunt word duideliker as hy voortgaan om sy "probleem" reg te stel: "I think it is better to describe that dimension as the commission or non-commission of a given act.... it is useful to have a term which indicates that others are likely to define such activities as deviant without making that a scientific judgement that the act is in fact deviant. I suggest that we call such acts 'potentially deviant'³⁰⁾ Becker se poging tot herformulering los egter geensins die onderhawige probleem op nie aangesien die "kommissie of nie-kommissie" van 'n handeling 'n objektiewe kriterium vereis. Indien slegs 'n subjektiewe kriterium, naamlik ander se waarneming, aangewend word,

sal die probeem, naamlik dat slegs waargenome gedrag afwykend kan wees, onopgelos bly. Soos uit voorgaande besprekings blyk, is daar derhalwe geen duidelikheid omtrent die plek wat Becker aan elk van die twee kriteria, naamlik normoortreding en ander se waarneming, toesê nie.

In antwoord op kritiek dat hy die indruk skep dat slegs ander se waarneming en etikettering 'n persoon afwykend maak, antwoord Becker soos volg: "Further, the act of labelling, as carried out by modern entrepreneurs, while important, cannot possibly be conceived as the sole explanation of what alleged deviants actually do. It would be foolish to propose that stick-up men stick people up simply because someone has labelled them stick-up men, or that everything a homosexual does results from someone having called him a homosexual".³¹⁾

Wat Becker dus hier probeer betwis, is wat hy elders probeer verdedig, en bly sy formulering steeds onduidelik.

Waaroor daar wel by Becker absolute duidelikheid is, is dat normoortreding op sigself nie afwykende gedrag tot gevolg kan hê nie.

Daar moet met Hepburn³²⁾ saamgestem word dat Becker baie probleme kan oplos en verwarring kan opklaar deur te erken dat norme spesifiek en duidelik genoeg is om te kan voorspel of gedrag in 'n gegewe situasie afwykend of nie-afwykend sal wees. Sodoende sal afwyking as inherente kwaliteit van die gedrag bestaan, onafhanklik van die betekenis wat ander persone daaraan heg. Sodanige erkenning sal nie noodwendig beteken dat die rol wat ander se definisie ten opsigte van afwyking speel buite rekening gelaat hoef te word nie.

- (ii) 'n Tweede probleem wat met Becker se uiteensetting van afwykende gedrag ondervind word, het betrekking op sy afwykingstipologie. In hierdie verband word enkele probleme aangedui:
- (a) Dit is onbegryplik hoe Becker "konformerende" gedrag as 'n tipe afwykende gedrag kan tipologiseer. Nie alleen is dit kontradikties nie, maar as in aanmerking geneem word dat hy van mening is dat "an act is deviant when it is so defined",³³⁾ word dit nog meer onverklaarbaar aangesien daar geen sprake van afwykende definisie by konformerende gedrag kan wees nie. As bevestiging daarvan dat hy konformerende gedrag nie maar net as nie-afwykende tipe gedrag tot sy tipologie toevoeg nie, dien die feit dat hy deurgaans van vier tipes afwykende gedrag praat en konformerende gedrag dus as 'n tipe afwykende gedrag behandel.
- (b) Ten opsigte van geheime afwyking as 'n tipe in Becker se afwykingstipologiese ondervind heelwat kritici probleme. Indien die toepassing van reëls en sanksies deur die gehoor (ander persone) ten opsigte van die akteur vir 'n definisie van gedrag as afwykend nodig is, kan daar geen geheime afwyking wees nie. Hierdie onduidelikheid ontstaan volgens Hepburn³⁴⁾ omdat daar onsekerheid bestaan of Becker die afwykings as objektief werklik of as deur die akteur waargeneem, beskou. Dus, bedoel hy met geheime afwyking daardie afwyking wat aan almal onbekend is, insluitend die akteur, of is hierdie gedrag slegs aan die akteur bekend? Hepburn is verder van mening dat die onduidelikheid in die tipologie opgelos kan word deur die pertinente toevoeging van 'n bykomende kriterium van afwyking naamlik die akteur se eie definisie van sy gedrag, asook deur die erkenning dat

normoortreding 'n noodsaaklike element van die definisie van afwyking is. Deur die toevoeging van hierdie kriterium word aansienlike wysigings in Becker se vier tipes afwykings aangebring en ook 'n verdere vier tipes tot die oorspronklikeskema toegevoeg. Hepburn se aangepaste tipologie sien dan soos volg daaruit³⁵⁾

(i) Ware afwykende gedrag: Hierdie tipe stem ooreen met Becker se suiwer afwyking, met die toevoeging dat die akteur ook sy eie gedrag as afwykend waarneem.

(ii) Onbekende afwykende gedrag: Dit is gedrag wat die reëls oortree en wat deur ander as sodanig waargeneem word; dus ook in ooreenstemming met Becker se suiwer afwyking, maar met dié verskil dat die akteur self nie sy gedrag as afwykend waarneem nie.

(iii) Konsensueel-geëtiketteerde afwykende gedrag: Hierdie gedrag oortree geen reëls nie, maar die akteur sowel as ander persone neem die gedrag as afwykend waar. Hierdie tipe afwyking kom grootliks ooreen met Becker se valsbeskuldigde gedrag, maar weer eens word die akteur se eie waarneming as bykomstige kriterium verreken.

(iv) Geviktimiseerde afwykende gedrag: Dit is gehoorsame gedrag wat deur ander as afwykend waargeneem word, maar nie deur die akteur self nie.

(v) Geheime afwykende gedrag: Dieselfde as Becker se geheime afwyking met dié belangrike toevoeging dat die akteur wel die gedrag as afwykend waarneem.

(vi) Onbekende afwykende gedrag: Reëls word in hierdie geval wel oortree, maar niemand neem dit as sodanig waar nie. Onbekende afwykende gedrag is dus objektief-afwykend in dié sin dat slegs normoortreding as kriterium vir afwyking geld.

(vii) Selfaangekondigde afwykende gedrag: Dié gedrag oortree nie reëls nie en ander mense neem dit as nie-oortredend waar, maar die akteur self beskou sy gedrag as afwykend. Sodanige erkenning van afwykende gedrag kan volgens Hepburn voorkom in gevalle waar persone graag aan hulleself en hul optrede as "anders as ander" dink, en waar hulle gewoonlik aanhangers van nie-konvensionele waardes is.

Hepburn se aangepaste afwykingstipologie is beslis 'n verbetering op dié van Becker veral in die sin dat meer tipes afwyking, wat wel in die praktyk voorkom, sinvol daarin verreken word. Ook los hy veel van die probleme op wat in Becker se tipologie voorkom, deurdat hy baie pertinent die akteur se eie waarneming as kriterium vir die bepaling van afwyking bytrek, en verder ook nog normoortreding as objektiewe element in afwykende gedrag erken. Deur die toevoeging van hierdie derde kriterium - naamlik die akteur se eie waarneming - voeg Hepburn in der waarheid die belangrike simbolies-interaksionistiese beginsel van selfobjektivering, soos oorspronklik deur Mead geëksponeer, tot die verklaring van afwykende gedrag toe.

2. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

Becker se "sequential" model, waarvolgens hy die oorsake van afwykende gedrag as 'n liniêre opeenvolging van

verbandhoudende gebeure verklaar, lewer inderdaad 'n positiewe bydrae tot die begrip van afwykende gedrag, en stel in die besonder nuwe moontlikhede daar vir die verklaring van die oorsake van afwyking.

Becker gee egter self nie 'n voldoende en bevredigende verklaring vir die oorsaak of oorsake van die aanvanklike afwyking nie. In sy bespreking van die loopbaan van die marihuana-gebruiker, beskou hy die eerste of aanvanklike oortreding as toevallig en vrywillig. Waar die bedoelde aanvanklike oortreding bespreek word vermy Becker liefers die kwessie van die oorsake daarvan deur die probleem om te keer en konformerende gedrag as die gedrag wat verklaar moet word, te bestempel. Sodoende dui hy dan betrokkenheid by konvensionele instellings en gedrag aan as rede waarom persone nie afwyk nie.

In sy siening aangaande 'n afwykende loopbaan (die konsep wat Becker vir die proses van afwykend-word, gebruik) speel die proses van sosiale interaksie al deur die sentrale en bepalende rol. Ander persone - hetsy afwykend of nie-afwykend - sowel as hulle idees en houdings is deurgaans bepalend vir die persoon se ontwikkeling na toenemende betrokkenheid by sosiale afwyking.

3. BECKER AS SIMBOLIESE INTERAKSIONIS

Becker se totale begrip van afwykende gedrag en ook die prosesuele aard van die ontwikkeling daarvan staan midde in die simbolies-interaksionistiese tradisie. Hierdie simbolies-interaksionistiese uitgangspunt word duidelik weerspieël in sy beskouing van menslike gedrag as kollektiewe gedrag; dus as gedrag wat alleen binne die omringende sosiale konteks begryp kan word. Ook toon Becker sy aangetrokkenheid tot hierdie besondere teoretiese benadering deur die sterk klem wat hy lê op die proses van interaksie in sy siening van afwykende gedrag

sover dit die oorsake van die gedrag sowel as die stabilisering daarvan aanbetref. Alhoewel die ontwikkeling van 'n afwykende selfbeeld deur die toedoen van ander persone wel in Becker se weergawe van die proses van afwyking pertinent figureer, gee hy nie in besonder eksplisiete aandag aan die simboliese prosesse wat in hierdie verband 'n rol speel nie. Sy beskouinge sou egter nie sonder die implisiete verrekening van hierdie prosesse moontlik wees nie.

VERWYSINGS

1. Kollektiewe gedrag word hier in die simbolies-inter-aksionistiese sin gebruik vergelyk hoofstuk I
2. Vergelyk: Merton, Robert K: "Social Structure and Anomie", American Sociological Review, Vol.3, 1938, pp. 672-682.
3. Becker, Howard S: Outsiders: Studies in the Sociology of Deviance, p.9.
4. Ibid., p.9.
5. Ibid., p. 14.
6. Ibid., p. 14.
7. Ibid., p. 20.
8. Ibid., p. 20 (voetnota).
9. Ibid., p. 21.
10. Vir 'n bespreking van die probleme wat met Becker se afwykingstipologie ondervind word, kyk pp.68 tot 70 van hierdie verhandeling.
11. Becker, Howard S: Outsiders, p.23.
12. Ibid., p. 24.
13. Ibid., pp. 24-25.
14. Ibid., p. 27.
15. Ibid., p. 30.
16. Ibid., p. 30.
17. Ibid., pp. 41-78.
18. Vergelyk: Ibid., pp. 100-119 waarin Becker aandag gee aan die gevolge wat ander se reaksie het ten opsigte van 'n persoon betrokke by 'n afwykende beroep.
19. Soos ontleen aan Hughes, Everett C: "Dilemmas and Contradictions of Status", American Journal of Sociology, Vol. 50, 1945, pp. 353-359.
20. Soos ontleen aan Merton, Robert K: "The Self-Fulfilling Prophecy", The Antioch Review (Summer 1948), pp.193-210.

21. Becker, Howard S: *Outsiders*, p.36.
22. *Ibid.*, p. 37.
23. *Ibid.*, p. 38.
24. *Ibid.*, p. 39.
25. *Ibid.*, p.9.
26. *Ibid.*, 14. Onderstreping toegevoeg.
27. *Ibid.*, p. 9. Onderstreping toegevoeg.
28. *Ibid.*, p. 9. Onderstreping toegevoeg.
29. Becker, Howard S: "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul en McIntosh, Mary (reds.): Deviance and Social Control, p. 43. Toevoeging en onderstreping deur skrywer.
30. *Ibid.*, p. 43.
31. *Ibid.*, p. 42.
32. Hepburn, John R: "The Role of the Audience in Deviant Behavior and Deviant Identity", Sociology and Social Research, Vol. 59, 1975, pp. 387-400.
33. Becker, Howard S: "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul & McIntosh, Mary (Eds.): Deviance and Social Control, p. 47.
34. Hepburn, John R: op. cit., pp. 387-388.
35. *Ibid.*, p. 390.

HOOFSTUK IV

DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE GEDRAG:

David Matza.

A. DIE BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG

Matza se interaksionistiese beskouing van afwykende gedrag is hoofsaaklik beperk tot die proses van afwykend-word. Alhoewel hy nie pertinent 'n formele definisie van afwykende gedrag gee nie, ten spyte daarvan dat hy hom deurgaans met hierdie verskynsel besig hou, is dit tog moontlik om bepaalde aspekte van die aard van afwykende gedrag uit sy relatief volledige uiteensetting van die proses van afwykend-word, af te lei:

Matza verwerp die standpunt dat 'n afwykende persoon as sodanig voorbestem is. Vir hom is 'n persoon nie inherent afwykend nie, maar word hy slegs deur andere se toedoen tot afwyking gevoer. Afwykende gedrag sonder ander se reaksie is vir Matza ondenkbaar. Trouens, juis die verhouding tussen oortreding en reaksie gee aan afwyking daardie betekenis. Volgens hom is afwykende gedrag "actionable activity", bedoelende daarmee handeling ten opsigte waarvan ander mense aksie neem of optree. Hy stel dit so: "To become deviant is to embark on a course that justifies, invites or warrants intervention and correction. By definition, then, to deviate is to run the risk of apprehension".¹⁾ Vir gedrag om afwykend te wees en nie slegs "anders" of "snaaks" nie, moet daar dus beide infraksie en reaksie deur ander wees. Sonder hierdie elemente verloor afwykende gedrag betekenis.

B. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

In sy bespreking van die proses van afwykend-word, skenk Matza grotendeels aandag aan die rol wat georganiseerde

gesag, en dan veral die staat, in hierdie verband speel. Dit is vir hom onverklaarbaar dat afwykende gedrag so lank bestudeer is sonder dat die rol wat die staat daarin speel, verreken is. In hierdie verband sê hy self: "Until the relation between organized authority and crime became a topic of conjecture and research, a crucial part of the process of becoming deviant was omitted. Outside the context of its central part in the very conception of crime and deviation, its key role in the selection of those destined to continue becoming deviant, and its ancient but amazingly resilient commitment to the method of penalization, the state's relation to deviation was easily conceived as correction - with due allowances made for deficiency of knowledge, inefficiency, corruption or mistake".²⁾ Die staat is derhalwe nie slegs verantwoordelik vir die uitwysing van gedrag en persone as afwykend nie, maar ook vir die feit dat persone toenemend by afwyking betrokke raak. Deurdat die staat meer gesag as die afwykende persoon besit en ook kan uitoefen, is daar 'n neiging by die individu om hierdie hoër Leviathanse gesag te aanvaar, en daarmee ook die uitsprake en etikettering wat daarmee gepaard gaan. Dit wil egter nie sê dat Matza die proses van afwykend-word uitsluitlik aan die staat toeskryf nie. Persone totaal onbetrokke by georganiseerde gesag kan ook wel 'n rol speel deurdat hulle gedrag en persone as afwykend definieer en etiketteer, maar sodanige individuele definiëring en etikettering is nie so kragtig en betekenisvol soos die institusionele nie. Dit is hoofsaaklik georganiseerde gesag, en veral die staat, wat menslike optrede en persone kragdadig as afwykend aandui en sodoende van hierdie optredes en persone objekte van bewaking en kontrole maak.³⁾

Aanduiding ("Signification")

Vir Matza speel aanduiding die deurslaggewende rol in die proses van afwykend-word. Dié rol word in 'n mate toegelig deur Matza se bespreking van drie betekenis van aanduiding:⁴⁾

- (a) Die eerste betekenis wat hy aan die begrip gee, is die van "om geregistreer, geëtiketteer of geklassifiseer" te word. Hierdie betekenis verwys na die plasing van persone in kategorieë op grond van die feit dat hulle verkeerd gedoen het.
- (b) Die tweede betekenis verwys na benadeling of stigmatisering; dus na die blootstelling of selfs vernedering van 'n persoon op grond van 'n veronderstelde oortreding.
- (c) Die derde, en vir Matza die diepste betekenis van aanduiding, is "to stand for" in die sin van verteenwoordiging. Die afwykende persoon word hiervolgens beskou as verteenwoordigend of as simbool van die afwyking wat hy begaan het.

Om as afwykend aangedui te word, verseker nie dat die aangeduide persoon noodwendig met sy afwykende optrede sal voortgaan nie; maar dit het wel tot gevolg dat die oortreding vir die oortreder en die oortreder vir ander persone groter betekenis verkry. Matza verduidelik die rol van die derde betekenis van aanduiding verder soos volg: "To make someone or something stand for yet something else is an act of genuine creation requiring an investment of meaning. Thus, signifying makes its object more significant - as we might expect. The object enjoys - or suffers - enhanced meaning. To be signified a thief is to lose the blissful identity of one who among other things, happens to have committed a theft. It is a movement, however gradual, toward being a thief and representing theft".⁵⁾

Die proses van aanduiding bestaan verder volgens Matza uit drie elemente, te wete (i) verbanning ("ban"), (ii) apprchensie ("apprehension") en (iii) penalisering. Laasgenoemde element word egter nie deur Matza bespreek nie aangesien dit volgens hom binne ander studiegebiede voldoende bespreek en ontleed is en ook aangesien penalisering bevestiging is dat die proses van afwykend-word

reeds afgehandel is. Aanduiding is dus vir Matza 'n omvattende proses wat verder strek as slegs die etikettering en stigmatisering van persone. Trouens die feit dat penalisering as element van aanduiding beskou word en penalisering bevestiging is dat die proses van afwykend-word afgehandel is, wys daarop dat aanduiding ook meer omvattend is as die proses van afwykend-word.

Vervolgens word aandag geskonk aan die rol wat verbanning en apprehensie in die proses van afwyking speel:

(1) Verbanning ("Ban")

Verbanning beklee 'n aktiwiteit met skuld en het dus die morele transformasie van 'n bepaalde aktiwiteit ten doel. Die staat - wat Matza die "Leviathan" noem - is by uitstek die agens wat sekere aktiwiteit op hierdie wyse in die ban doen. Verbanning van 'n aktiwiteit, dit wil sê die bekleeding van 'n bepaalde aktiwiteit met skuld, beteken egter nie dat die individu wat hom aan die betrokke aktiwiteit skuldig maak noodwendig ook met skuld beklee sal word nie. Dit kan inderdaad gebeur dat persone op een of ander wyse daarin slaag om die skuld wat met 'n bepaalde aktiwiteit gepaard gaan óf te hanteer óf selfs te neutraliseer. In die meeste gevalle het verbanning egter verreikende gevolge ook vir persone self, veral diegene wat ten opsigte van die "vervloekte" aktiwiteit oortree. Volgens Matza is die oogmerk van die sogenaamde Leviathan met verbanning om toegang tot 'n bepaalde aktiwiteit te ontmoeding of dan te verhoed. Terselfdertyd is hierdie doel op sigself ook 'n gevolg van verbanning deurdat dit sekere persone weerhou van deelname aan 'n verbanne aktiwiteit. Hierdie gevolge van verbanning is egter van toepassing slegs op diegene wat wel aan die verbanning gehoor gee - dit wil sê die sogenaamde "right-minded" in Matza

se terminologie. Wat egter ten opsigte van die proses van afwykend-word van groter belang is, is die gevolge wat verbanning het op die "wrong-minded", dit wil sê daardie persone wat ten spyte van die verbanning van 'n bepaalde aktiwiteit nogtans die aktiwiteit begaan. Alhoewel verbanning in die geval van hierdie persone nie in sy doel geslaag het nie, het die Staat nog seggenskap in die saak. Matza stel dit soos volg: "Ban did not deter the wrong-minded, they did the activity anyway. But that incontestable failure hardly exhausts the consequences of ban. Leviathan may have its way even when disobeyed. In making the activity guilty, Leviathan bedevils the subject as he proceeds and thus is partly compensated for its gross failure to deter".⁶⁾ Waar 'n persoon 'n verbanne aktiwiteit begaan, het die feit dat hierdie begane aktiwiteit met skuld bekleed is vir die oortreder daarvan drastiese konsekwensies. Veral hierdie gevolge is prominent; naamlik dat die oortredende persoon bykans gedwing word om al meer by afwyking betrokke te raak en voorts ook dat die afwyking groter omvang sal aanneem as wat dit met die aanvanklike verbanne aktiwiteit die geval was. Matza sê dan: "The logic of ban creates the strong possibility that the subject will become even more deviant in order to deviate".⁷⁾

Matza stel dit egter verder pertinent dat verbanning nie noodwendig tot verdere afwyking hoef te lei nie. Dit verseker slegs die opbouing van afwyking solank daar op die "oortrede" weg volgehou word. Die individu behou egter nog steeds die geleentheid om sy posisie in heroerwering te neem en van sy aktiwiteit af te sien. Solank hy egter om een of ander rede voortgaan met die verbanne aktiwiteit, sal hy steeds dieper en dieper in afwykende gedrag verval en sal sy afwyking gevolglik beide in omvang en in intensiteit toeneem. Deurdat die afwykende persoon met sy gewone lewe moet voortgaan binne 'n

samelewing wat deur 'n staat beheer word wat sekere aktiwiteite verban, ontstaan daar vir hierdie persoon heelwat vraagstukke waarvoor 'n oplossing uitgewerk moet word. In 'n poging tot oplossing van hierdie vraagstukke, raak die afwykende meer betrokke by afwyking; hy word as 't ware gedwing om meer afwykend te word as wat sy aanvanklike plan was omdat hy nou van konvensionele optrede uitgesluit is.

'n Verskynsel wat ten nouste met die verbanning van aktiwiteite saamhang en wat in wese ten minste die uitvloeisel, maar nogtans komponent van hierdie verbanning van aktiwiteite is, en wat inderdaad die simbolies-interaksionistiese aard van etikettering en die reaksie daarop goed illustreer, is wat Matza deursigtigheid ("transparency") noem. Alhoewel nie deur Matza eksplisiet gedefinieer nie, verwys deursigtigheid na 'n vreesstoestand by die oortreder dat hy deur sy alledaagse optrede sy oortreding aan ander sal openbaar. Hierdie verskynsel wat ongetwyfeld by baie oortreders voorkom, toon die kragtige vermoë van verbanning om die mens se selfbeeld en optrede te beïnvloed. Omdat die akteur bewus daarvan is dat die daad wat hy begaan het taboe is, raak hy onmiddellik na die oortreding gekonfronteer met die probleem van geheimhouding. Die vraag vir wie hy almal sy optrede geheim moet hou, tesame met die meer indringende en verontrustende vraag of die optrede hoegenaamd geheim gehou kan word, skep by die oortreder 'n onrustige en gespanne atmosfeer waarin hy sy normale lewe moet voer. Die wete van die oortreding van 'n verbanne aktiwiteit, tesame met die wete dat hierdie oortreding geheim moet bly, veral by die sogenaamde konvensionele mense, laat by die oortreder 'n selfbewustheid ontstaan as gevolg van die moontlikheid dat hy vir ander "deursigtig" kan wees. Nie alleen

word die optrede van die akteur dus vir homself niks anders as 'n bluffspel nie, maar leef hy ook voortdurend in die vrees dat ander deur hierdie skynoptrede sal sien. Die vrees berus nie op die gedagte dat ander persone een of ander buitengewone vermoë besit waarvolgens die oortreding van die verbode aktiwiteit gelees of afgelei kan word nie, maar eerder op die vertwyfeling en onsekerheid aangaande die beperking wat daar bestaan op menslike gevoeligheid vir sekere optredes. Die akteur is dus besorgd oor die beeld wat sy optrede na buite reflekteer en dat hy homself sal "weggee" deur sekere onbewuste wenke aan ander te openbaar.

Daar is dan ook sekere situasies waarbinne die oortreder meer op sy hoede moet wees ten opsigte van die blootstelling van homself en sy geheim aan ander. So is die gevaar van "weggee" groter indien hy skielik in 'n situasie geplaas word waar sy houding teenoor gesag in sy alledaagse optrede bloot toevallig onder bespreking kom. In so 'n situasie wonder die akteur of ander dalk weet. Voorts speel sy eie ervaring in hierdie verband ook 'n rol en is hy daarvan bewus dat hy dikwels oor ander "gewonder" het, en vra hy homself in die lig hiervan af of ander nie nou oor hom "wonder" nie.

'n Oortreder word ook makliker blootgestel aan "weggee" wanneer die afwyking waaraan hy skuldig is op onskuldige en toevallige wyse in 'n gesprek ter sprake kom. Waar hy voor sy oortreding op onskuldige wyse deelgeneem het aan hierdie gesprekke en ook maar soos ander bespiegel het, is hy nou in 'n ander situasie. Hy is 'n ekspert en sou kritiek kon lewer op ander se bespiegelings aangaande "sy" oortreding. Hy is dus voortdurend blootgestel aan die versoeking om sy eerstehandse kennis openbaar

te maak, maar aangesien dit hom aan uitkennig sal blootstel, weerhou hy hom daarvan, maar nie sonder die vrees dat hy dalk iets verkeerd gesê het nie. In hierdie situasie moet hy dus altyd versigtig en op sy hoede wees. Matza stel: "He watches himself to be sure he behaves naturally or casually: at the precise level of involvement, with the exact wisdom and style he thinks his associates expect of him. He is engaged in a remarkable project of imitation - being himself as he thinks he is ordinarily. In his own eyes he has become the centre of attraction since he has done something that is being discussed as if no one had".⁸⁾

Volgens Matza is hierdie toestand van deursigtigheid nie noodwendig die resultaat van die gewete nie, maar eerder die geïnternaliseerde roplika van Leviathan se gewenste visie van die subjek wat die wet oortree.⁹⁾ Afgesien daarvan of die oortreder dus sy optrede as verkeerd of immoreel sien, sal hy in alle waarskynlikheid tog die toestand van deursigtigheid ondervind. Die rede wat Matza dus vir die verskynsel van deursigtigheid aanvoer, is geleë in die noue verbintenis tussen die self en ander/staat. Trouens, die staat word deel van die self deur internalisering in die 'mind' van die akteur. Voorts al sou die oortreder homself weerhou van assosiasie met ander sal die probleem van deursigtigheid daardeur nog nie opgelos wees nie, aangesien ook die ander deel van die self geword het, en die individu sodoende ander se optrede in homself ervaar. In die hele verskynsel van deursigtigheid speel die tipiese simbolies-interaksionistiese prosesse dus 'n deurslaggewende rol.

Alhoewel verbanning 'n aktiwiteit met skuld beklee en onskuldige affiliasie met die aktiwiteit onmoontlik maak, is die deurdringing van hierdie

skuld na die persoonlikheid nie noodwendig en van ernstige aard nie. In hierdie verband sê Matza: "By making secrecy and security sensible, ban manoeuvres the subject into a compounding of deviation. But the permeation of character implicit in such a development is slight, and not widespread. To become more fully deviant, the subject ought to experience more tangible and direct contact with the state. More generally, his deviation should become known or public - open to authorized disapproval".¹⁰⁾

Meer as verbanning is derhalwe nodig vir die voortsetting van afwykende gedrag.

(ii) Apprehensie

Matza se uiteensetting van apprehensie is, om die minste daarvan te sê, onsistematies en fragmentaries wat dit vir die ontleder moeilik maak om sy gedagtegang op sistematiese wyse te volg. Faktore wat onder andere hiertoe bydra is eerstens die feit dat hy die uiteensetting van die proses van apprehensie dikwels onderbreek met gedagtes wat nie ter sake vir hierdie besondere proses is nie, en tweedens sy gebruik van die konsep "apprehensie". By die nadere ontleding van hierdie besondere proses, blyk dit dat die keuse van hierdie term 'n ongelukkige een is aangesien Matza klaarblyklik meer daarmee bedoel as wat die term op die oog af aandui. Met apprehensie bedoel hy blykbaar die ingrype van die staat in die lewe van die afwykende persoon en dui hierdie ingrype op meer as net formele aanhouding in een of ander inrigting. Afgesien van hierdie probleme wat ondervind word, word hier gepoog om op logies-sistematiese wyse aandag te skenk aan apprehensie as die tweede element in die proses van aanduiding.

Verbanning is op sigself nie voldoende om 'n persoon op die weg na meer en groter afwyking te stuur nie. Dit is ook nodig dat, soos Matza dit stel, die afwyking aan gesaghebbende afkeur blootgestel word; met ander woorde dat daar ingryping of infraksie deur ander, in hierdie geval die staat, sal wees. 'n Voorwaarde vir hierdie infraksie om uit die oogpunt van die staat suksesvol te wees, is dat die afwykende persoon alreeds ingestel sal wees op, of gevoelig sal wees vir afwyking. As gevolg van die proses van verbanning en die logika daaraan verbonde, is die afwykende gewoonlik reeds teen die tyd van infraksie voorberei en gereed "for a more stunning spread". Die persoon is dus gereed en ook maklik vatbaar daarvoor om homself in die terme van sy etiketteerders te beskou.

Matza gee besondere aandag aan die rol wat gesagsvertoon deur die staat vervolgens speel om die oortreder op 'n weg na stabiele afwyking te plaas. Nog voordat daar werklike ingryping deur die staat ten opsigte van sy oortreding is, is die oortreder alreeds bewus van georganiseerde gesag, veral in die gestalte van die Leviathan, en lewe hy in die skadu daarvan. Die werklike aard en realiteit daarvan ontdek en begryp hy eers na direkte konfrontasie met hierdie georganiseerde gesag. Die skielike aard van die konfrontasie, asook die besef dat hy werklik "ontdek" is, gaan vir die oortreder, met skok gepaard en dan besef hy eers, soos Matza dit stel, dat "authority is terribly authoritative."¹¹⁾

Ten einde die implikasies van die toepassing van georganiseerde gesag op die afwykende en sy verdere afwyking meer sistematies te ontleed, word vir eers gelet op die aard van die toepassing van gesag, en in hierdie verband word veral gelet op die gesagvoerders se optrede en doel; tweedens let ons op die reaksies van die oortreder op hierdie gesagsuitoefening.

Wat die aard van die toepassing van gesag betref: In sy tipiese styl beskryf Matza die verskyning van gesag op die toneel: "Being authoritative is the most superficial feature of authority. Dressed that way, rehearsed or trained in its tone of voice, incalculated in its posture and very demeanor, explicitly taught and henceforth conscious of its essential part in commanding respect, the agent of signification appears. Being authoritative in his display in a world that a moment before existed without so imposing and arresting a presence Dressed properly and acting his part, the personification of authority, whether policeman, judge, or someone less notable, impresses; by being impressive, he helps a bit to cast the subject in his deviant part".¹²⁾

Volgens Matza is die doel van hierdie gesagsvertoning nie alleen om die oortreder te oortuig dat sy optrede verkeerd is nie, maar ook om die erns daarvan by hom in te skerp, om hom te oortuig dat die eensgesindheid by die gesagspersone en die samelewing ten opsigte van sy oortreding of aktiwiteite en om sy mening daaromtrent in ooreenstemming hiermee te bring. Die oortreder maak die skokkende ontdekking dat daar werklik diegene is wat hulle lewe rondom sy aktiwiteite voer - diegene wat hom hierin wil kortwiek, wat hom wil verbeter, wat geheg aan hom is. Hulle hou rekord van sy optredes en ontwikkel teorieë aangaande die oorsake daarvan. In hierdie verband sê Matza: "So confident are they (the authorities) of their unity with the rest of society, so sure of their essential legitimacy, that they can summon or command his presence, move him against his will, set terms on which he may try to continue living in civil society, do, in short, almost anything of which only the mightiest of men are capable. What enormity has the deviant

subject managed to uncover? Only the concrete reality of Leviathan, armed with an authority more potent than his own".¹³⁾

Wat die reaksies van die oortreder op hierdie gesag betref: So beïndruk deur die gesagsvertoning, en onder druk daarvan kan die oortreder nou as eerste reaksie moontlikheid die erns van sy aktiwiteite besef en ook sy mening daaromtrent in ooreenstemming met die van die samelewing bring. Dit kan egter ook gebeur dat die oortreder juis die teenoorgestelde weg as wat bedoel word, inslaan. Dit gebeur deurdat die persoon wel die erns van sy aktiwiteite insien, maar dat hy sy wete aan homself, dit wil sê na binne eerder as aan die samelewing daarbuite openbaar. Hierdie na-binne gerigte openbaring kan, in teenstelling met die alternatief om die erns na buite te rig, óf sy eie keuse wees óf dit kan deur die gesag op hom afgedwing word deur 'n skuldige selfbewustheid by hom op te wek. Deur die na-binne rig van die gewigtigheid van die hele situasie, dit wil sê deur die gewigtigheid en erns tot die self te rig, bring mee dat groter betekenis aan sy alreeds opbouende aktiwiteite geheg word en dat sodoende voortgebou word op 'n toenemende konsep-sie van die afwykende identiteit. Die akteur beskou aldus sy optrede en ander se reaksies daarop as 'n indikasie van wat en wie hy is en kies sodoende omwetend die weg na stabiele afwyking deurdat hy besluit het om self aan sy eie identiteit te bou.

Vervolgens word dan gelet op enkele gedagtes wat Matza voorhou ten opsigte van die bou aan 'n eie identiteit: Ofskoon die oortreder besluit het dat die aard van sy aktiwiteite in werklikheid 'n aanduiding van sy eie aard is, is hierdie self-idee

op hierdie stadium slegs tentatief of voorlopig en is verskeie faktore betrokke by die latere oorgang na 'n definitiewe afwykende identiteit. Die oortreder wag in der waarheid op verdere getuienis om sy idee van homself te staaf - of anders dan, dalk te verwerp.

Die faktore wat 'n rol speel by die oorgang van die tentatiewe self-idee na die gestabiliseerde afwykende selfbeeld is die van (i) uitsluiting. Indien die oortreder van die meeste normale aktiwiteite uitgesluit word, is dit vanselfsprekend dat dit bevestigend van 'n voorlopige afwykende selfbeeld kan wees. Die feit dat hulle van sekere kringe en bedrywighede uitgesluit word, lei tot gevolg dat hul "konvensionele" identiteit geleidelik verswak of vervaag en dat hulle daardeur gedwing word tot verdere afwyking, hetsy as voortsetting van die vorige afwyking, of as uitbreiding van afwyking in die algemeen. 'n Voorbeeld van laasgenoemde sou wees die van 'n homoseksualis wat moet steel omdat hy van sy werkkring uitgesluit is en nie meer op wettige aanvaarde wyse 'n verdienste kan bekom nie.

Insiggewend in Matza se uiteensetting van uitsluiting is die onderskeid wat hy maak tussen (a) redelike uitsluiting, wat verwys na gevalle soos die weiering van 'n homoseksualis tot 'n stortplek langs jou eie; en (b) brutale uitsluiting wat verwys na die weiering van werk aan so 'n persoon op grond van sy homoseksualisme.¹⁴⁾ Beide hierdie vorme van uitsluiting kan egter volgens Matza doeltreffend wees in die vestiging van afwykende identiteit. Brutale uitsluiting egter in groter mate so, juis omdat dit berus op die neiging om die persoon se afwykende status as die oorheersende te beskou en hom van aktiwiteite uit te sluit nog voordat hy in 'n posisie geplaas word waar een of ander reël oortree of

afwyking begaan kan word. Deurdat die afwykende status by nie-afwykendes groter oorweging geniet en uitsluiting daarop volg, kan dit gebeur dat die uitgeslote persoon self ook groter oorweging aan sy afwykende status en identiteit toekeur. In hierdie verband haal Matza Becker aan: "Treating a person as though he were generally rather than specifically deviant produces a self-fulfilling prophecy. It sets in motion several mechanisms which conspire to shape the person in the image people have of him One tends to be cut off, after being identified as deviant, from participation in more conventional groupings In such cases, the individual finds himself deviant in these areas as well".¹⁵⁾

Waar redelike uitsluiting volgens Matza dan wel die afwyking by die persoon intensifiseer of verdor beklemtoon, is die resultaat van brutale uitsluiting die vergroting van die afwykende identiteit totdat hierdie identiteit alle ander bykomstige identiteite van die individu domineer. Alhoewel beide vorme van uitsluiting dus bydra tot die stabilisering van afwyking, is die gevolge van brutale uitsluiting in hierdie verband in die ooglopend van ernstiger aard.

(ii) Die aandag wat die oortreder van ander oortreders of afwykendes kry, is 'n tweede faktor wat 'n rol speel by die oorgang van 'n voorlopige afwykende identiteit na 'n stabiele afwykende selfbeeld: Indien ander oortreders meer aandag aan hom skenk as wat normaalweg die geval is, hom as "kollega" beskou en hom by hulle aktiwiteite wil betrek, sal dit vir die oortreder as verdere bevestiging van sy afwykende identiteit dien.

(iii) Dit kan ook gebeur dat die oortreder, hoewel nie heeltemal uitgesluit van ander normale

aktiwiteite nie tog deur ander "anders" behandel word. Sodanige onseker omstandighede tesame met die wete dat hy anders is, kan dan tot gevolg hê dat die oortreder heeltemal normale optrede teenoor hom ook as anders waarneem.

(iv) 'n Belangrike faktor wat volgens Matza 'n rol in die oorgang van 'n tentatiewe na 'n meer stabiele afwykende identiteit kan speel, is verdere afwyking. Hy stel dit dan so: "The test is simple: does he do the damned thing again? Compared to this one, the other tests of provisional identity provided by experience have little significance. Their significance takes from within the context of repetition or its absence. Without the testimony of recurrent activity, exclusion or maltreatment can be discounted as prejudice".¹⁶⁾ Dit is egter volgens Matza nie vanselfsprekend dat 'n verdere oortreding noodwendig tot 'n meer stabiele afwykende identiteit hoef te lei nie. Dit gebeur egter in die meeste gevalle omdat die afwykende in hierdie verband saamwerk deur homself tot objek te maak; dit wil sê teen homself getuig omdat hy sy lewe binne 'n atmosfeer van skuld voer en voortdurend soek na gebeure wat hom skuldig sal verklaar en bevestigend sal antwoord op die vraag: "Is ek essensieel afwykend?" Die oortreder voer dus met homself 'n filosofiese redenasie wat uiteindelik die gevolg het dat hy in die herhaling van sy optrede 'n positiewe antwoord vind op die vraag na die afwykende essensie van sy identiteit.

Die afwykende werk dus self mee tot die skepping van sy eie afwykende identiteit. Dit is egter slegs moontlik omdat hy voortdurend sy lewe voer onder die magiese betowering ("magic spell") van diegene met meer gesag as hy. Die uitwerking van hierdie

"betowering" deur gesag is dat hy, as oortreder, noodgedwonge sy gedrag - ook die normale - altyd in die lig van sy oortreding moet sien. Vasgevang deur die greep van Leviathan word hy dus gedwing om homself deur die oë van ander te sien. Matza stel dit sterk: "More potent than that, the spell capitalizes on the subject's essential incapacity: He is unable not to see or glimpse himself as he appears in the eyes of another".¹⁷⁾

As die laaste verskynsel wat binne die element van apprehensie of ingryping voorkom en wat enersyds bevestiging is van 'n aanvaarde afwykende identiteit en andersyds tog ook 'n verdere bydra lewer tot die versterking van stabiele afwyking, bespreek Matza kollektiewe verteenwoordiging:

Nadat die afwykende homself uiteindelik as essensieel afwykend beskou, is hy geskik om verteenwoordigend van 'n bepaalde aktiwiteit te wees. Om hierdie verskynsel te illustreer, bespreek Matza redelik in detail hoe die polisie as staatsinstansie te werk gaan om oortreders op te spoor.¹⁸⁾ Aangesien dit hier slegs gaan om die prosessuele aard van afwyking, word slegs die breë ter saaklike beginsels van Matza se gedagtegang hier uitgelig sonder om op sy gedetailleerde weergawe van polisie-optredes in te gaan. Dit gaan naamlik in die breë vir Matza hier om die feit dat 'n persoon wat deur ander uitgesonder is en wat ook meegewerk het om homself uit te sonder, beskou word as verteenwoordigend van daardie afwyking wat hy begaan het en daarom ook voortdurend by ander onder verdenking is, of soos Matza dit stel: "Having been cast in a part, he should be put to work. The essential thief is employed as a regular suspect"¹⁹⁾ Indien 'n soortgelyke oortreding as dié waarby die oortreder

betrokke is of was en waarvolgens hy geëtiketteer is in sy omgewing begaan word, word die oortreder byvoorbeeld vir ondervraging ingeroep en sodoende opnuut herinner aan sy afwykende status. Alhoewel miskien onskuldig aan hierdie oortreding, is hy weer eens getuie van homself in die rol en word sy afwykende selfbeeld op komplekse simboliese wyse verder versterk. Deur hierdie uiteindelijke kollektiewe verteenwoordiging word die hele proses van afwykend-word afgesluit. Die afwykende persoon is in 'n permanente verhouding van suspisie teenoor die Staat, sy identiteit word voortdurend retrospektief onder oë gencem en daardeur ook versterk. Die feit dat die oortreder voortdurend onder verdinking is, dra dus by tot die proses van afwykend-word deur voortdurende bevestiging en versterking van 'n afwykende identiteit, en uiteindelik ook daartoe om verteenwoordigend van 'n bepaalde afwyking te word.

C. SAMEVATTING EN KOMMENTAAR

1. DIE BEGRIP - AFWYKENDE GEDRAG

Matza is van mening dat afwykende gedrag alleen ten volle begryp kan word indien die rol wat die staat daarin speel, verreken word. Alhoewel die rol van alle ander persone, buiten die staat en die afwykende, belangrik is deurdat hulle ingryp in die lewe van die afwykende, is dit veral die staat wat op kragdadige wyse 'n rol in die lewe van die oortreder speel. Dit is die staat wat sekere aktiwiteite as taboe verklaar en wat sodanig in die lewe van die oortreders van hierdie aktiwiteite ingryp dat baie van hulle al meer by afwyking betrek raak. Vir Matza is ander persone se optrede, veral in die vorm van ingryping, 'n essensiële kwalifikasie vir afwykende gedrag.

Ook Matza verleen nie eksplisiet aandag aan die redes of oorsake vir die oorspronklike afwyking nie. Hierdie leemte is opvallend in sy uiteensetting van verbanning, waar hy die indruk skep dat die aanvanklike oortreding - die begaan van die verbanne aktiwiteit - op onskuldige of onbewuste wyse plaasvind. Daar word geen rede aangevoer waarom hierdie oortreding begaan word nie. Dit laat dus die vraag waarom sekere persone nou juis deur verbanning verhoed word om 'n bepaalde aktiwiteit te begaan, totaal onbeantwoord. 'n Ander vraag wat eweneens deur Matza onbeantwoord gelaat word, is waarom sekere persone, nadat hulle die verbanne aktiwiteit begaan het, hierdie aktiwiteit ongedaan kan maak en na die "regte weg" kan terugkeer; terwyl ander voortgaan op die ingeslane afwykende weg. Wat Matza dus hoogstens kan sê, is dat die staat se verbanning van sekere aktiwiteite in die geval van sekere persone die resultaat van toenemende afwyking kan hê, maar nie noodwendig hoef te hê nie. Die kwessie van vooraf-bestemming tot afwyking word dus nie deur Matza opgelos nie, aangesien voorafbestemming steeds ook ten opsigte van die oorspronklike oortreding te sake kan wees.

Daar moet dus by die bestudering van Matza se proses van afwyking in gedagte gehou word dat hy sekere belangrike vrae onbeantwoord laat en dat die proses van afwykend-word, soos deur hom uiteengesit, hoogstens ten opsigte van sekere persone geldig is - waarom juis hierdie persone; daarvoor laat Matza die leser geheel en al in die duister.

Alhoewel ander se optrede in die vorm van ingryping deurgaans die sentrale element in afwyking is, kan aangeneem word dat Matza reëloortreding ook as element daarvan in berekening bring, aangesien daar een of ander objektiewe kwaliteit in gedrag moet wees voordat ander daarteenoor kan reageer. In aansluiting hierby onderskei Matza op 'n implisiete wyse ook tussen ernstige en minder ernstige afwyking as hy sê: "If no reminder of the correct path

is justified, no arrest warranted, a path has not been strayed from; one simply not so well - worn has been taken".²⁰⁾ Hiervan kan afgelei word dat gedrag ten opsigte waarvan opgetree word die meer ernstige oortreding is en dat hierdie gedrag deur hom as afwykende gedrag beskou word. In gevalle waar daar van die "regte weg" afgedwaal word, dus reëloortreding begaan word, maar daar geen optrede of ingryping plaasvind nie, is die gedrag minder ernstig en volgens hom nie afwykend nie. Dit kan hoogstens reëloortredende gedrag wees. Reëloortreding, te onderskei van afwykende gedrag, kan derhalwe wel voorkom (i) in gevalle waar ander persone die oortreding nie as ernstig beskou nie, en (ii) in gevalle waar ander persone nie van die optrede bewus is nie.

Deur hierdie onderskeiding is daar dus ook by Matza pertinent sprake van geheime oortreding - dog nie van geheime afwyking nie.

Alhoewel Matza nêrens uitdruklik van geheime oortreding melding maak nie, is enkele opmerkings ten opsigte van hierdie tipe oortreding in die lig van die verskynsel van deursigtigheid tog van pas: In 'n baie groot mate is deursigtigheid 'n verskynsel en ook 'n probleem wat grotendeels by 'n geheime oortreding voorkom, aangesien die ander persone onbewus is van die oortreding wat deur die akteur begaan is (Indien hulle daarvan bewus was, sou die akteur nie gevrees het dat ander deur hom kan sien nie). Ten spyte daarvan dat ander persone nie van die oortreding bewus is nie, speel hul optrede tog 'n rol in die progressiewe ontwikkeling van afwyking by die oortredende akteur. Dit gebeur deurdat die akteur hierdie ander persone se gewone, alledaagse optrede teenoor hom as negatiewe reaksie teen sy oortreding interpreteer. Hierdie interpretasie word moontlik gemaak deur die ervaring van die akteur in sy rol as "ander". Weens die feit dat 'n verbanne aktiwiteit begaan is, word die oortreder

ook verplig om ander se reaksies te evalueer in terme van wat die reaksies sou wees indien sy gedrag openlik aan almal bekend was.

2. DIE PROSES VAN AFWYKEND-WORD

Matza gebruik die konsep aanduiding ("signification") vir die proses van afwykend-word alhoewel reeds daarop gewys is dat hierdie konsep in der waarheid meer omvattend is, aangesien die element van penalisering daarby ingesluit en die element daarop wys dat die proses reeds afgehandel is. In sy verdere bespreking van die proses van afwykend-word, ontleed Matza ook die twee ander elemente by aanduiding inbegrepe, naamlik verbanning en apprehensie, en toon aan hoe sekere verskynsels wat hierbinne voorkom, meehelp om 'n persoon in toenemende mate na 'n stabiele patroon van afwyking en ook na 'n gevestigde afwykende identiteit te lei. As deel van verbanning bespreek Matza deursigtigheid as so 'n bydraende verskynsel. Onder aanhouding verreken hy die verskynsels van gesagsvertoon, uitsluiting, magiese betowering en kollektiewe verteenwoordiging. Juis deur hierdie verskynsels by sy skema in te sluit, lewer Matza 'n besliste bydrae tot die studie van afwykende gedrag, en veral tot die interaksionistiese benadering van afwykende gedrag. Daar kan weinig twyfel bestaan dat hierdie verskynsels wel in die lewe van oortreders voorkom en dat dit op een of ander wyse 'n rol in hul verdere optredes speel. Die proses van afwykend-word, soos deur Matza weergegee, is egter ondenkbaar sonder die tussenkoms van subjektiewe simboliese prosesse. Slegs wanneer ander se optredes, situasies en gebeure op subjektiewe wyse deur die oortreder geïnterpreteer word, en wanneer daar volgens hierdie interpretasie gehandel word, kan daar sprake wees van die bou aan 'n afwykende identiteit en die stabilisering van afwykende gedrag.

Ook opvallend in Matza se hantering van die prosesuele aard van afwyking, is die mate waartoe hy die rol wat die afwykende self in hierdie proses speel, onder die aandag bring: Reeds by die element van verbanning word die oortreder se eie rol in die verband beklemtoon, aangesien hy, na die oortreding van die verbanne aktiwiteit, 'n keuse het om van sy ingeslane weg af te sien. Ook waar die oortreder deur magtige gesagsvertoon gekonfronteer word, het hy steeds 'n keuse tussen twee reaksie moontlikhede, naamlik óf om die erns van sy optrede teen die self te rig en sodoende te begin bou aan 'n afwykende identiteit, óf om dit na buite te rig, dit wil sê die erns van sy optrede te besef en sy mening daaromtrent in ooreenstemming met die van die samelewing te bring. Laasgenoemde besluit het dan tot gevolg dat hy sy afwyking staak.

Uit die wyse waarop Matza die akteur se rol in die proses van afwyking in berekening bring, kan afgelei word dat andere se reaksie en ingryping nie op sigself tot verdere afwyking hoef te lei nie, maar dat die akteur deurgaans self ook 'n eie keuse en impak het ten opsigte van die verloop van sy afwykende gedrag.

Ten opsigte van die proses van afwykend-word, kan die volgende opmerking ten slotte gemaak word: Alhoewel Matza die verskynsel van deursigtigheid as belangrike faktor in die proses van afwyking verreken, is hierdie verskynsel sekerlik nogtans nie 'n noodsaaklike of onmisbare element van die proses nie. In daardie gevalle waar die aanvanklike oortreding onmiddellik aan almal bekend is - en sulke gevalle kan heel dikwels voorkom - sal deursigtigheid nie 'n rol in die proses speel nie.²¹⁾

3. MATZA AS SIMBOLJESE INTERAKSIONIS

Dwarsdeur Matza se uiteensetting van die proses van afwykend-word, speel sosiale interaksie (in hierdie geval wisselwerking tussen die staat en die oortreder) en

subjektiewe simboliese prosesse 'n opsigtelike belangrike rol.

Dit blyk duidelik uit die talle kere waar die akteur ander (die staat) se houdings en optrede teenoor hom interpreteer en verwerk en dan weer sy optrede en selfbeeld ooreenkomstig hierdie interpretasie inrig. Voorbeelde hiervan word gevind in die geval van die verskynsel van deursigtigheid waar die oortreding van 'n verbannede aktiwiteit die akteur vatbaar maak vir die interpretasie van die staat se optrede teenoor hom as afwykend. Die werking van simboliese prosesse is ook duidelik waar die vertoning van gesag meewerk om 'n skuldige selfbewustheid by die oortreder te kweek en sodoende mee te help tot die totstandkoming van 'n afwykende selfbeeld. Die simbolies-interaksionistiese beginsel van selfobjektivering speel sodoende 'n pertinente rol by die bou van 'n afwykende identiteit. Die afwykende akteur kan alleen tot die besef van afwyking kom deur homself tot objek te maak en "deur die oë van ander" na homself te kyk.

Een aspek staan baie pertinent by die lees en sistemativering van Matza uit. Hoewel hy deurgaans getrou bly aan die beginsels van die Simboliese Interaksionisme - en dit ook nie moeilik uit sy werk af te lei is nie, is sy gedagtegang dikwels in 'n waas van onduidelikheid, 'n gebrek aan sistematiek gehul, wat dit dikwels selfs fragmentaries en onsamehangend laat voorkom en 'n eenheidsbeeld vir die leser verdoesel. Dit word nog verder aangehelp deur die ietwat onortodokse manier waarop hy in eie terme die Simboliese Interaksionisme giet.

VERWYSINGS

1. Matza, David: Becoming Deviant, p. 155.
2. Ibid., p. 144.
3. Ibid., p. 145.
4. Ibid., p. 156.
5. Ibid., p. 156.
6. Ibid., p. 147.
7. Ibid., p. 148.
8. Ibid., p. 153.
9. Ibid., p. 154.
10. Ibid., p. 155.
11. Ibid., p. 163.
12. Ibid., p. 163.
13. Ibid., pp. 163-164.
14. Matza gebruik hierdie voorbeeld na aanleiding van Becker. Kyk Becker, Howard S: Outsiders, p. 33.
15. Becker, Howard S: Outsiders, p. 33, soos aangehaal deur Matza, David: op. cit., p. 161.
16. Matza, David: op. cit., p. 167.
17. Ibid., p. 174.
18. Ibid., pp. 181-197.
19. Ibid., p. 180.
20. Ibid., p. 155.
21. Daar is reeds op gewys dat die probleem van deursigtigheid alleen ondervind kan word indien die aanvanklike oortreding geheim is.

HOOFSTUK V

DIE ETIKETTERINGSBENADERING TOT AFWYKENDE GEDRAG:

Edwin M. Schur, Kai T. Erikson en John I. Kitsuse

Verskeie ander denkers het definisies van afwykende gedrag geformuleer sonder om pertinente en gedetailleerde aandag aan die proses van afwykend-word, te skenk. Dit beteken egter nie dat hulle die prosesuele aard van afwyking ontken of negeer nie, maar slegs dat hulle nie in detail 'n eksplisiete ontleding van die prosos gee nie. Die prosesuele aard van afwyking is egter duidelik uit hul begrip van afwykende gedrag. Vervolgens word dan aandag geskenk aan hierdie eksponente se begrip van afwykende gedrag ten einde die geheelbeeld aangaande afwykende gedrag in interaksionistiese raam te voltooi.

1. Edwin M. Schur

Vir Edwin Schur moet 'n definisie van afwykende gedrag so geformuleer word dat dit die volgende insluit: (a) 'n wye reeks van verskillende tipes afwykings, (b) meer as net die oortreding van formele wette of reëls en (c) die vloeibare aard van die sosiale prosesse waardeur afwyking geproduseer word.¹⁾ In ooreenstemming met hierdie sienswyses, definieer Schur dan afwykende gedrag soos volg: "Human behavior is deviant to the extent that it comes to be viewed as involving a personally discreditable departure from a groups normative expectations, and it elicits interpersonal or collective reactions that serve to 'isolate', 'treat', 'correct' or 'punish' individuals engaged in such behavior",²⁾

Uit Schur se definisie van afwykende gedrag kan die volgende afleidings aangaande sy sienswyse omtrent afwykende gedrag gemaak word:

- (i) Die feit dat hy afwykende gedrag definieer as "afwyking van"normatiewe verwagtings" beteken dat afwykende gedrag vir hom meer is as slegs reël-oortreding soos wat dit gewoonlik in literatuur

aangetref word, Hiervolgens kan afwykende gedrag enigiets van die oortreding van formele wette tot afwykings van gepatrooneerde verwagtings in informele situasies en informele verhoudings wees. Ook sou 'n verskynsel soos fisiese gebreke kon kwalifiseer as afwykende gedrag.

- (ii) Die reaksies van ander figureer ook baie sterk as beginsel in Schur se definisie. Nie alleen vervul hierdie reaksies van ander 'n identifiseringsfunksie nie, maar dit is ook bepalend vir die "graad van afwykendheid". Dit is die mate waartoe definisies en response opgewek word wat die omvang van die afwyking bepaal. Schur sê in hierdie verband: " A normative breach that could be, but is not, condemned or punished under existing formal rules is clearly less deviant than it would be if negative sanctions were actually applied".³⁾
- (iii) 'n Belangrike kenmerk van Schur se definisie is dus, verder, soos uit bogenoemde blyk, dat hy afwykende gedrag nie as 'n duidelike afgebakende kategorie van menslike gedrag beskou nie. Hy beklemtoon eerder dat afwyking relatief veranderbaar is en dat daar verskillende grade van afwyking bestaan. Hierdie graad van afwyking hang weer af van die mate waartoe die gedrag deur ander waargeneem en daarteenoor gerespondeer word. Die stipulasie in sy definisie dat die afwyking van die normatiewe verwagtings persoonlik diskrediterend moet wees, beteken dat die oortredings wat nie ongunstig op die persoon se identiteit reflekteer nie minder afwykend is as in daardie gevalle waar dit wel die geval is.⁴⁾ Op dieselfde wyse sal slegs statistiese afwykings van norme nie substansiële grade van afwyking reflekteer indien daar geen response van ander is nie.⁵⁾ Schur ontken dus

nie dat gedrag afwykend kan wees waar slegs reël-oortreding ter sake is nie. Sodanige afwyking is egter nie "ernstig" en van soveel belang nie. Dit is eers wanneer die afwykende persoonlik gediskrediteer word en ander se reaksie hierin 'n rol speel dat afwyking werklik van belang is.

Uit voorgaande behoort dit ook duidelik te wees dat Schur baie vorme van fisiese gebreke, waaronder blindheid byvoorbeeld, as afwykende gedrag beskou op grond daarvan dat dit die twee kwalifiserende eienskappe van afwykende gedrag besit, naamlik:

- (i) persoonlike nadelige afwyking van verwagtings, en
- (ii) die ontstaan van sekere stigmatiseringsreaksies teenoor die gestremde akteur (vergelyk sy definisie).

Die uitstaande kenmerk van Schur se sienswyse van afwykende gedrag is dat dit "vloeibaar" is. In hierdie sin is afwykende gedrag in Blumer se terme eerder, 'n "sensitizing" as 'n "definitive" konsep, 'n uitstaande kenmerk van die meeste sentrale konsepte in die simbolies-interaksionistiese tradisie. Die onderskeid tussen hierdie twee tipes konsepte word soos volg deur Blumer gestel: "A definitive concept refers precisely to what is common to a class of objects, by the aid of a clear definition in terms of attributes or fixed bench marks. This definitions, or the bench marks, serve as a means of clearly identifying the individual instance of the class and the make-up of that instance that is covered by the concept. A sensitizing concept lacks such specification of attributes or bench marks and consequently it does not enable the user to move directly to the instance and its relevant content. Instead, it gives the user a general sense of reference and guidance in approaching empirical instances".⁶⁾

Sjoberg en Nett dui dan ook tereg aan dat 'n "sensitizing" begrip in ooreenstemming is met daardie siening van die

sosiale order wat vloeibaarheid en die vermoë van die akteur om sy omgewing te hervorm of te herskep, erken.⁷⁾ Die Simboliese Interaksionisme is by uitstek 'n benadering wat hierdie vloeibaarheid en vermoë erken en daadwerklik in hul beskouinge verreken.

Die verskil tussen Becker en Schur se definisies, alhoewel hulle in die breë ooreenstem, is juis dat eersgenoemde se begrip van afwykende gedrag meer definitief is. Die probleem wat met Becker se siening ondervind word, is dan ook heelwaarskynlik in hierdie definitiewe aard van sy definisie geleë terwyl sy breë konsepie tog binne die vloeibare raamwerk van die Simboliese Interaksionisme is.

2. Kai T. Erikson

Ook Erikson maak beswaar teen daardie benadering tot afwykende gedrag wat die gedrag bloot beskou as die resultaat van sosiale wanorde of anomie. Hy gaan van 'n soortgelyke standpunt as Durkheim uit, naamlik dat afwyking dikwels die produk van stabiele instellings kan wees en ook 'n verskynsel wat deur sekere magte in alle menslike organisasies beskerm en bewaar word.⁸⁾

Vir Erikson is afwykende gedrag daardie gedrag wat in die algemeen die aandag van agense van sosiale kontrole verg; dit wil sê gedrag waaraan iets gedoen moet word.⁹⁾ Hy lê dus besondere en pertinente klem op die rol van ander persone in die daarstelling van afwykende gedrag en afwykende persone, en sê in hierdie verband: "Deviance is not a property inherent in certain forms of behavior; it is a property conferred upon these forms by the audiences which directly or indirectly witness them. The critical variable in the study of deviance, then, is the social audience rather than the individual actor, since it is the audience which eventually determines whether or not any episode of behavior or any class of episodes

is labelled deviant".¹⁰⁾ Volgens Erikson hou hierdie beskouing van afwykende gedrag dié voordeel in dat dit veral één aspek wat gewoonlik in literatuur verwaarloos word pertinent onder die aandag bring. Dit is naamlik dat sodra sosiale kontrole uitgeoefen word, die uitvoerders in 'n delikate proses van seleksie betrokke is. Hiermee word bedoel dat agense van sosiale kontrole sekere vorme van gedrag bo ander selekteer vanweë 'n bepaalde kwaliteit van die betrokke gedrag. Hierdie seleksie van afwykende gedrag vind plaas vanuit 'n repertoire van 'n akteur se gedrag wat hoofsaaklik konformerende gedrag insluit, en hier geld die beginsel verder dat selfs die grootste oortreder die meeste van die tyd konformeer. As daar egter sanksies teen 'n afwykende toegepas word, respondeer die agense van sosiale kontrole in der waarheid slegs ten opsigte van die enkele afwyking wat gesetel is in 'n reeks van algemeen aanvaarde of konformerende gedragsvorme. Ten opsigte hiervan sê Erikson: "Thus it happens that a moment of deviation may become the measure of a person's position in society. He may be jailed or hospitalized, certified as a full-time deviant, despite the fact that only a fraction of his behavior was in any way unusual or dangerous".¹¹⁾

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat ander persone, en in sy terme, die "sosiale gehoor" vir Erikson verantwoordelik is vir die feit dat gedrag afwykend is. Vir hom is dit 'n voorvereiste dat ander persone se reaksie eers uitgelok word voordat 'n bepaalde gedragswyse betekenisvol afwykend kan wees. Geheime afwyking of daardie reël-oortreding wat eintlik nie die aandag van die gehoor trek of verontrusting by hulle tot gevolg het nie, is hiervolgens nie van soveel belang dat dit werklik as afwykend beskou kan word en die aandag van wetenskaplike studie verg nie. Vir Erikson is die leemte van die anomie-teorieë juis daarin geleë dat dit geensins meehelp om te differensieer tussen (i) diegene wat die letter van die

norm oortree sonder om enige aandag te trek en (ii) diegene wat deur hul afwykende optrede wel heelwat aandag trek nie.¹²⁾ Dit doen Erikson egter pertinent en stel dit ook as voorvereiste vir die bestudering van afwykende gedrag.

'n Verdere interessante aspek van Erikson se siening aangaande afwykende gedrag is dat hy nie slegs interaksionistiese idees daarop nahou nie, maar afwyking ook as funksioneel sien. Hy voer naamlik aan dat afwykende gedrag 'n grenshandhawende funksie kan vervul ten opsigte van die sisteem waarbinne dit voorkom, mits dit in gekontroleerde kwantiteit voorkom.¹³⁾ Afwykende gedrag is vir hom by uitstek daardie gedrag wat die grense van 'n sosiale sisteem of groepering van mense kan afbaken. Dit geskied deurdat die "transaksie" tussen afwykendes en instansies van sosiale kontrol grenshandhawingsmeganismes is en as sodanig die grense van die gebied waarin 'n bepaalde norm jurisdiksie het, afbaken. Sodoende word dan bepaal hoeveel uiteenlopendheid en veranderlikheid in die betrokke sisteem verduur kan word, alvorens dit sy besondere struktuur en kulturele integriteit verloor.¹⁴⁾ Telkens wanneer 'n afwykende handeling begaan word, en die groep waarbinne dit voorkom die handeling sensureer, word nie alleen die norm en verwagtings ten opsigte van die handeling duideliker nie, maar terselfdertyd word ook die grense van die groep duideliker afgebaken en die verskille tussen die "binne-en buitekant" daarvan beklemtoon. "It may well be", formuleer Erikson, "that without this ongoing drama at the outer edges of group space, the community would have no inner sense of identity and cohesion, no sense of the contrasts which set it off as a special place in the larger world".¹⁵⁾

3. John I. Kitsuse

In sy bekende artikel "Societal Reaction to Deviant Behavior"¹⁶⁾ lê Kitsuse klem op die proses waarvolgens mense deur ander as afwykend gedefinieer word. Vir hom is gedrag per se nie verantwoordelik vir die onderskeiding tussen afwykendes en nie-afwykendes nie. Dit is eerder die response van die konvensionele en konformerende lede van die samelewing wat gedrag as afwykend identifiseer en interpreteer wat aldus, sosiologies gesien, persone in afwykendes transformeer. Die sentrale gedagte hierin opgesluit, is dat indien 'n persoon 'n ander se gedrag waarneem en dit as afwykend definieer, maar hom nogtans nie anders behandel as gevolg van hierdie definisie nie, is daardie persoon sosiologies gesproke nog nie afwykend nie. 'n Persoon kan dus 'n reël oortree sonder om as 'n afwykende persoon getipeer te word. Oor hierdie besondere vereiste, naamlik dat 'n persoon eers as afwykend behandel moet word alvorens hy daadwerklik afwykend is, is Kitsuse baie beslis,

Uit sy siening van 'n afwykende persoon kan afgelei word dat afwykende gedrag vir Kitsuse daardie gedrag moet wees wat deur ander as afwykend geïnterpreteer word. Reëloortreding is dus nie vir Kitsuse in die eerste plek ter sake nie. Volgens sy standpunt kan gedrag afwykend wees ongeag daarvan of 'n reël oortree is aldan nie. Daar sou wel met 'n redelike mate van sekerheid aangeneem kon word dat ander die betrokke gedrag veeleer as afwykend sal interpreteer indien dit wel 'n norm oortree, maar dit is hoegenaamd nie noodwendig die geval by alle afwykende gedrag nie.

KOMMENTAAR

1. BEGRIP AFWYKENDE GEDRAG:

Die ooreenstemming tussen Schur, Erikson en Kitsuse se definisies van afwykende gedrag is duidelik. Soos alle eksponente van die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag, is ook hierdie drie eksponente van mening dat afwykende gedrag nie as 'n duidelike afgebakende kategorie van menslike gedrag beskou kan word nie, en huldig hulle dus die opinie dat gedrag as sodanig nie afwykend is nie. Vir al drie eksponente is afwykende gedrag ook meer as net die oortreding van een of ander deel. Ander persone se reaksies op gedrag is vir hulle die deurslaggewende element in die bepaling van gedrag as afwykend.

Dat daar egter verskille tussen hierdie skrywers se opvattinge voorkom, is ewe waar:

- (i) Waar al drie saamstem dat ander se reaksies die sentrale en deurslaggewende faktor is in die definisie van afwykende gedrag, het die reaksies vir Schur ook die addisionele funksie dat dit die graad en erns van die afwyking bepaal. Vir hom is daar dus ook 'n direkte verband tussen die aard en intensiteit van reaksies en die aard en intensiteit van die afwyking. Nie Erikson of Kitsuse erken eksplisiet hierdie funksie van samelewingsreaksies nie.
- (ii) Verskille word ook tussen Kitsuse, Erikson en Schur se opvattinge aangetref ten opsigte van die wyse waarop hulle reëloortreding as faktor in afwykende gedrag verreken. So is Kitsuse enersyds van mening dat reëloortreding op sigself nie 'n voldoende kwalifikasie vir afwykende gedrag is nie; terwyl ander se reaksies andersyds, afgesien van reëloortreding, wel 'n voldoende kwalifikasie is.

In die sin dat hy ook van mening is dat reëloortreding per se nie voldoende is vir 'n definisie van afwykende gedrag nie, deel Erikson grootliks Kitsuse se mening. Hy verskil egter van Kitsuse daarin dat hy ook nie die samelewingsreaksies op sigself as voldoende vir afwyking beskou nie. Daar is, volgens hom, alleen van afwykende gedrag sprake as daar reaksie op reëloortreding volg. Schur huldig 'n enigszins ander mening aangaande die rol wat reëloortreding in afwykende gedrag speel. Volgens hom kan gedrag wat reëls oortree, sonder enige reaksie van ander, wel afwykend wees, maar in hierdie geval is die afwyking van minder ernstige aard. Eers as daar 'n negatiewe reaksie op die reëloortreding volg, word die afwyking ernstig. Die erns daarvan word, soos reeds gesê, meer deur die intensiteit van die reaksie bepaal.

Hierdie verskille in die mate waartoe reëloortreding as faktor in die definisie van afwykende gedrag verreken word, hou interessante implikasies in vir die mate waartoe hierdie eksponente geheime afwyking volgens hulle definisies van afwykende gedrag kan akkommodeer:

Vir Schur sou daar wel sprake van afwykende gedrag kon wees deurdat hy normoortreding as objektiewe en selfstandige element van afwykende gedrag beskou. Vir Erikson en Kitsuse is geheime afwyking 'n onmoontlikheid omdat hulle reaksies van ander as vereiste element in afwykende gedrag beskou.

Al drie eksponente se definisies stem baie ooreen met die van Howard S. Becker, alhoewel daar tog ook verskille voorkom wat hulle begrip van afwykende gedrag konsepueel en substansief minder verwarrend as dié van Becker maak. Terwyl daar by Becker nie duidelikheid is ten opsigte van die mate waartoe hy reëloortreding en ander

se reaksies as bepalende kriteria vir afwykende gedrag verreken nie, en daar selfs onduidelikheid bestaan of reëloortreding hoegenaamd 'n rol speel in die bepaling van afwykende gedrag, is Schur, Erikson en Kitsuse, alhoewel hulle onderling hieroor verskil, tog heeltemal duidelik hieroor. Billikheidshalwe dien egter genoem te word dat Becker in konsepsuele en substantiewe probleme verstrik geraak het na aanleiding van sy tipologie van afwykende gedrag en die daarmee gepaardgaande intensiewer ontleding van sosiale afwyking. Nie een van voornoemde eksponente het in dieselfde mate in diepte op 'n definisie van afwykende gedrag ingegaan nie en ook nie gepoog om 'n tipologie van afwyking daar te stel nie.

Daar moet op gewys word dat Schur se definisie ook meer omvattend is as wat gewoonweg in sosiologiese literatuur die geval is, deurdat hy meer informele oortredings en selfs sekere fisiese gebreke as afwykende gedrag beskou. Hierdie sienswyse is in 'n sekere opsig in ooreenstemming met dié van Lemert wat afwykende gedrag definieer as enige gedrag wat van die standaardgedrag afwyk; Lemert tref egter verder natuurlik ook nog onderskeid tussen positief-afwykende gedrag en sosiopatiese gedrag.

2. SCHUR, ERIKSON EN KITSUSE AS SIMBOLIESE INTERAKSIONISTE

Schur, Erikson en Kitsuse se simbolies-interaksionistiese affiliasie blyk die duidelikste uit die belangrike rol wat hulle toesê aan daadwerklike interaksie tussen afwykende en konformerende in hul begrip van afwykende gedrag. Afwykende gedrag is hiervolgens alleen moontlik en sosiologies-relevant indien die sosiale omgewing van die oortreder verreken word. Alhoewel nie een van hierdie skrywers eksplisiet aandag skenk aan die simboliese prosesse betrokke by die definisie van gedrag en persone as afwykend nie, is die implisiete belangrikheid daarvan egter vanselfsprekend, veral in die geval van

Kitsuse wat ander se reaksies op sigself bepalend vir afwykende gedrag maak. In sy geval sou daar dus sprake van afwykende gedrag kon wees sonder enige reëloortreding. Hierdie siening bring die simbolies-interaksionistiese beginsel van betekenishegting skerper na vore, aangesien dit in hierdie geval slegs die betekenishegting is wat die gedrag as afwykend laat kwalifiseer. Hoe dit ookal sy, al drie eksponeer hul beskouinge aangaande afwykende gedrag binne die breë raamwerk van die Simboliese Interaksionisme, en bly dan ten spyte van kleinere verskille ook oor die algemeen getrou aan die simbolies-interaksionistiese tradisie. Ofskoon hulle weliswaar geen dramatiese bydrae tot die verdere uitbouing van hierdie raamwerk lewer nie, doen hulle tog verdienstelike werk veral soverre dit konsepsuele opheldering en die aksentuering van die fundamentele beginsels van die Simboliese Interaksionisme betref.

VERWYSINGS

1. Schur, Edwin M: Labeling Deviant Behavior: It's Sociological Implications, p. 23.
2. Ibid., p. 24.
3. Ibid., pp. 24-25.
4. Ibid., p. 25.
5. Ibid., p. 25.
6. Blumer, Herbert: Symbolic Interactionism, pp. 147-148.
7. Sjoberg, Gideon & Nett, Roger: A Methodology for Social Research, p. 59.
8. Durkheim, Emile: The Rules of Sociological Method, soos aangehaal deur Erikson, Kai T: "Notes on the Sociology of Deviance", Social Problems, Vol. 9, 1962, p. 307.
- ⊗ 9. Erikson, Kai T: "Notes on the Sociology of Deviance", Social Problems, Vol. 9, 1962, p. 307.
10. Ibid., p. 11.
11. Ibid., p. 11.
12. Ibid., p. 10.
13. Ibid., p. 15. Met grenshandhawing bedoel Erikson die volgende: "To say that a system maintains boundaries is to say that it controls the fluctuation of its constituent parts so that the whole retains a defined range of activity, a unique pattern of constancy and stability, within the large environment" (Ibid., p. 13).
14. Ibid., p. 13.
15. Ibid., p. 15.
16. Kitsuse, John I: "Societal Reactions to Deviant Behavior: Problems of Theory and Method", Social Problems, Vol. 9, 1962, pp. 247-256.

⊗ Voetnota 9 moet lees:

Erikson, Kai T: "Notes on the Sociology of Deviance",
in Becker, Howard S: *The Other Side*, p. 11.

HOOFSTUK VI

'N GLOBALE EVALUERING VAN DIE ETIKETTERINGSBENADERING
TOT AFWYKENDE GEDRAG

Die doel van hierdie laaste hoofstuk is om die etiketteringsbenadering - tot dusver in hierdie verhandeling slegs eksponentsgewys uiteengesit - globaal onder oë te neem in 'n poging om die beeld wat hierbo geskep is, duideliker te stel, te sistematiseer en as 'n eenheid af te rond. Ten einde dit te vermag, word eerstens kortliks en op samevattende wyse getoeg op die ooreenkomste en verskille tussen die definisies en raamwerke wat deur die verskillende eksponente voorgehou word. Tweedens word aandag geskenk aan 'n kritiese evaluering van die etiketteringsbenadering as 'n bepaalde perspektief op afwykende gedrag en waarin sowel die negatiewe as positiewe momente daarvan uitgelig word; en laastens word daar gepoog om, weer eens kortliks en samevattend, oorweging te skenk aan die moontlikhede van die benadering vir die verklaring en groter begrip van afwykende gedrag.

A. ABSTRAKSIE VAN OOREENKOMSTE EN VERSKILLE

Wat deurlopende ooreenkomste en uniformiteite in die beskouing van eksponente van die etiketteringsbenadering betref die volgende: Dit is die breë uitgangspunt van die etiketteringseksponente dat die meer bekende benaderings aangaande afwykende gedrag die veld van die Sosiologie van Afwykende Gedrag te eng afbaken, en aldus 'n onbetroubare en eensydige beeld van die verskynsel van sosiale afwyking bied. In hierdie verband is hulle dan van mening dat die volgende fasette van afwykende gedrag by 'n betroubare verklaring van sosiale afwyking ingesluit moet word:

Eerstens: Konformerende persone, as diegene wat die sentrale rol speel in die bepaling van die gedrag as afwykend deurdat hulle nie alleen die toepassers van die

reëls is nie, maar ook sekere vorme van gedrag as afwykend waarneem en bestempel, en persone wat die bepaalde gedragslyn toon as "anders" of op een of ander wyse as "afwykend" etiketteer. In der waarheid figureer die rol wat hierdie konformeerders in die proses van afwyking speel so prominent in die werke van etiketteringseksponente dat baie kritici die mening huldig dat die konformeerders eintlik die sentrale fokuspunt van die etiketteringsbenadering is. So 'n benadering beteken natuurlik hoegenaamd nie dat die etiketteringseksponente die konformeerders ten koste van die afwykende persone in die uiteensetting van afwykende gedrag buite rekening laat nie. Inteendeel, die afwykende persone is vir dié eksponente steeds die sentrale fokuspunt in hul opvattinge aangaande afwyking, maar dan alleen fokuspunt - en hier verskil dié benadering van ander benaderings - binne 'n sosiale of interaksiekonteks waarin konformerende persone ook pertinent en deurslaggewend figureer. Aangesien die etiketteringseksponente dan primêr daarin belangstel om die invloed van ander, konformerende persone op afwykendes vas te stel, is die afwykende persone volgens die mening van die skrywer steeds die afhanklike veranderlike en daarom ook die sentrale fokuspunt van die benadering.

Tweedens: In 'n variërende mate is die etiketteringseksponente ook van mening dat die maak of totstandkoming van die reëls, en veral die rol wat die gesagvoerders hierin speel, ook by die terrein van afwykende gedrag ingesluit moet word. Matza gee meer aandag aan hierdie faset, maar dieselfde gedagte word ook by Becker, Lemert en Erikson op meer implisiete wyse aangetref.

In noue aansluiting by bogenoemde, trouens, onlosmaaklik daaraan verbonde, is die eenstemmige gedagte van die etiketteringseksponente dat afwyking alleen binne sosiale konteks, dus slegs met die verrakenig van sosiale interaksie en die beïnvloeding deur betekenisvolle ander,

begryp en verklaar kan word. Verder kan daar alleen van afwyking sprake wees indien die mens as kultuurwese beskou word; dus indien subjektiewe simboliese prosesse tussen die betekenisvolle ander en die afwykende akteur medieer. Sonder die definisie van die betrokke situasie en die subjektiewe prosesse van betekenishegting sou 'n persoon homself waarskynlik baie selde as afwykend beskou.

Deur die werking van hierdie simboliese en interaksionistiese prosesse verkry die verskynsel van afwykende gedrag dan voorts vir die etiketteringseksponente 'n prosesuele aard. Afwyking is dus 'n verskynsel wat in die meeste gevalle prosesueel geleidelik en progressief ontwikkel; dieselfde geld ook vir die afwykende identiteit. Die blote skuldig-maak aan 'n bepaalde daad is nog geensins genoeg om 'n persoon as afwykend te beskou nie. Deur komplekse tussenwerkende faktore, waarin veral die reaksies van ander 'n besonder belangrike rol speel, ontwikkel die akteur geleidelik 'n afwykende selfbegrip wat tot toenemende afwyking aanleiding kan gee.

Alhoewel in kern reeds hierbo vermeld moet 'n verdere deurlopende punt van ooreenkoms by eksponente van die etiketteringsbenadering tog hier meer pertinent uitgelig word, aangesien dit seker dié belangrikste enkele veranderlike is wat deur sodanige eksponente in hul definisie en verklaring van afwykende gedrag aangewend word. Hier word natuurlik verwys na ander se reaksies. Alhoewel die verskillende eksponente hierdie reaksies in wisselende mate van pertinensie ontleed, beskou hulle nogtans almal hierdie reaksies as die deurslaggewende faktor in die kwalifisering van gedrag as afwykend. Volgens hulle moet daar te alle tye teenoor 'n bepaalde vorm van gedrag of persoon gereageer word voordat die gedrag of persoon afwykend kan wees. Met uitsondering van Kitsuse meld alle eksponente van die etiketterings-

benadering dat gedrag sonder reaksies minder ernstig afwykend, en inderdaad nie van veel belang vir sosioloë is nie. Kitsuse huldig in hierdie verband selfs 'n meer ekstreme standpunt deurdat hy daardie gedrag eintlik glad nie as afwykend beskou nie.

In teenstelling met die oortuiging van baie kritici verreken die etiketteringsbenadering inderdaad wel normoortreding in hul begrip en verklaring van afwykende gedrag, soms eksplisiet, soms egter slegs implisiet. Hierdie element van gedrag is egter beslis nie vir hulle die bepalende faktor in afwykende gedrag nie. So definieer Lemert afwykende gedrag as gedrag wat van modale gedrag afwyk en waarteenoor daar op negatiewe wyse gereageer word. Becker noem reëloortreding pertinent as kriterium vir die bepaling van afwykende gedrag in sy tipologie. Matza gee toe dat daar van reëloortreding sprake is, alhoewel hierdie reëloortredende gedrag, sonder ander se ingryping, nie ernstig van aard is nie. Schur maak in sy definisie melding van die afwyking van normatiewe verwagtings. Erikson verreken reëloortreding op dieselfde wyse as Schur deurdat hy dit as kriterium vir afwyking meld, maar beskou nietemin reëloortredende gedrag, sonder ander se reaksies en optrede, nie in 'n ernstige lig en van sosiologiese belang nie. Hieruit blyk dat die etiketteringseksponente reëloortreding nie totaal in hul definisie en verklaring van afwykende gedrag negeer nie, maar dit nogtans as kriterium ondergeskik aan ander se reaksies beskou. Hiervan kan ook afgelei word dat eksponente van die etiketteringsbenadering wel reëloortreding veronderstel voordat daar enige reaksie op gedrag is.

Wat opsigtelike verskille in die beskouinge van eksponente van die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag betref, val veral die volgende op: Eerstens is daar 'n gebrek aan die gebruik van eenvormige konsepte.

So gebruik Lemert byvoorbeeld die konsep "sosiopatiese individuasie", Becker die konsep "career" en Matza die konsep "signification" om die proses van afwykend-word aan te dui. Hierdie gebrek aan eenvormige konsepte is 'n leemte in die etiketteringsbenadering wat nie alleen kan lei tot verwarring nie, maar ook die benadering se moontlikhede as 'n teoretiese verklaring van afwykende gedrag kortwiek.

Tweedens: Alhoewel die etiketteringseksponente dit in die breë eens is dat ander konformerende persone en hul reaksies en optrede teenoor nie-konformeerders by die studieveld van afwykende gedrag ingesluit moet word, is daar tog ook verskille in die soort konformeerders wat deur die eksponente in hul aanbieding van die verklaring van afwyking beklemtoon word. So lê Matza slegs klem op die staat se rol in die verband; terwyl Becker, ofskoon hy beide formele en informele instansies en persone verreken, tog meer die informele en portuurgroep se invloed in hierdie verband benadruk. Derdens is daar verskille in die mate waartoe die verskillende eksponente die klem laat val op die kerngedagte van die Simboliese Interaksionisme, naamlik die subjektiewe werking van simboliese prosesse by die proses van afwykend-word. Becker ontleed die rol van hierdie prosesse glad nie eksplisiet nie, alhoewel dit tog implisiet verreken word; terwyl Lemert en veral Matza meer eksplisiet en in detail aandag hieraan skenk. Gesien vanuit simboliese-interaksionistiese oogpunt, is hierdie weglating van die pertinente ontleding van simboliese prosesse beslis 'n leemte in Becker se werk.

B. KRITIEK

Een van die mees algemene kritiekpunte wat teen die etiketteringsbenadering ingebring word, is die aantyging dat die benadering die indruk skep dat die afwykende persoon self geen verantwoordelikheid vir sy optrede dra nie, en dat die skuld vir afwykende optrede by nie-afwykendes berus. In hierdie verband sê Gibbons & Jones¹⁾ dat die etiketteringseksponente die indruk weergee dat daar geen verskil is tussen die gedrag van afwykendes en nie-afwykendes nie, en dat dit slegs die samelewingsreaksie is wat differensieer tussen hierdie twee kategorieë persone. Akers²⁾ druk dieselfde gedagte soos volg uit: "One sometimes gets the impression from reading the literature on labeling that people go about, minding their own business, and then wham - bad society comes along and slaps on them a stigmatized label. Thus forced into the role of deviant, the individual has little choice but to be deviant. The 'good' guys become the 'bad' guys, and the bad become the good."

Hierdie oënskynlike sosiale determinisme van die etiketteringseksponente laat Bordua³⁾ tot die gevolgtrekking kom dat dié eksponente die mens as 'n leë organisme veronderstel met weinig, indien enige outonome vermoë om sy eie gedrag te bepaal. Hy sê verder: "The process of developing deviance seems all societal response and no deviant stimulus".⁴⁾

Schur⁵⁾ opponeer weer Bordua se aantyging. Hy voer tereg aan dat die etiketteringsbenadering se wortels stewig in die Simboliese Interaksionisme gegrondves is en dat hierdie besondere teoretiese raamwerk juis die mens as 'n dinamiese wese beskou, wat, ná die subjektiewe oorweging van die fisiese sowel as sosiale objekte in die omgewing ten opsigte van sy totale omgewing reageer. Hy sê verder in hierdie verband:

"In stressing that deviance outcomes emerge from the continuous interaction between the individual's behavior and the response of others, labeling analysts, far from treating individuals as passive objects, appear to challenge the tendency of other theorists to treat them as such and do in fact recognise significant measures of freedom and personal dignity".⁶⁾

Afgesien daarvan dat die blote geworteldheid van die etiketteringsbenadering in die Simboliese Interaksionisme alreeds Bordua se kritiek in beginsel weerlê, vind ons ook daadwerklike weerlegging daarvan in die volgende:

- (i) Daar kan weinig twyfel bestaan omtrent Edwin Lemert, een van die prominente eksponente van die etiketteringsbenadering, se siening aangaande die aard van die mens.⁷⁾
- (ii) Die daadwerklike differensiasie van oorsake by Becker, maar veral by Lemert wat wel ruimte laat vir nie-sosiale oorsake, alhoewel gekonsentreer word op die sosiale oorsake weens die streng sosiologiese afbakening van die verskynsel van sosiale afwyking.
- (iii) Soos elders aangetoon, lê ook Matza besondere klem op die akteur se vryheid van keuse en handeling in die proses van afwykend-word⁸⁾. Matza gaan sover as om te sê dat in sekere stadia van die proses van afwykend-word die akteur "makes up his mind, literally".⁹⁾

'n Verdere leemte in die simbolies-interaksionistiese benadering tot afwykende gedrag wat 'n belangrike rol speel in die verwarring wat dikwels ten opsigte van die benadering ontstaan, is die gebrek aan 'n duidelik-omskrewe en eenvormige definisie van afwykende gedrag¹⁰⁾. Veral

die onduidelikhede en selfs teenstrydighede ten opsigte van die plek en rol van normoortreding in die definisie van afwykende gedrag is hier pertinent, en dra ook veel by tot die definisie-verwarring. Hierdie leemte in die etiketteringsbenadering het onder andere tot gevolg dat daar geen definisie bestaan wat in werklikheid vir navorsingsdoeleindes bruikbaar gemaak kan word en ook sodanige navorsing kan rig nie. Voordat daar nie eenstemmigheid en ook konsepsuele duidelikheid ten opsigte van 'n definisie is nie, sal daar weinig daadwerklike vooruitgang in die rigting van 'n volwaardige simbolies-interaksionistiese teorie aangaande afwykende gedrag gemaak kan word.

Jack Gibbs ¹¹⁾ is van mening dat etiketteringseksponente hoelwat verwarring skep deurdat hulle nie duidelik spesifiseer wat hul eintlike doel is nie. Is hulle op soek na 'n verklaring van afwykende gedrag of poog hulle om die reaksies daarop te verklaar? Ten opsigte van hierdie probleem of onduidelikheid wat Gibbs met die etiketteringsbenadering ondervind, moet bedenkinge uitgespreek word: Benewens die feit dat geen enkele eksponent van etikettering eksplisiet verklaar dat hy op soek is na 'n verklaring van, of 'n teorie aangaande, ander se reaksies nie, bly die sentrale fokus van die benadering op die afwykende en sy afwyking.¹²⁾ Op grond hiervan kan 'n prominente eksponent soos Lemert dan ook duidelik en eksplisiet sê dat hy op soek is na 'n teorie aangaande sosiopatiese gedrag. By die noukeurige bestudering van die werke van etiketteringseksponente blyk dit baie duidelik dat dié benadering se fokus primêr op die verklaring van afwykende gedrag gerig is, maar dan toegegee dat dit geskied vanuit 'n oogpunt waarin ander se reaksies die oorwegende rol speel.

Vir Gibbs¹³⁾ bestaan daar ook onduidelikheid of die etiketteringsbenadering bedoel om 'n verklaring van die verskynsel "afwykende gedrag" te gee en of dit slegs poog

om 'n konsepsuele hantering daarvan te wees. Volgens Gibbs blyk dit uit vele stellings van die meeste eksponente van die benadering dat dit inderdaad meer as bloot 'n definisie van afwykende gedrag is. Word die etiketteringsbenadering egter beoordeel as 'n verklaring van afwykende gedrag, is daar weer etlike tekortkominge en verskaf die benadering dan veral onvoldoende antwoorde op die volgende vrae:

- (i) Waarom verskil die voorkoms van 'n bepaalde afwykende handeling van een bevolking tot 'n ander? Sou die benadering met ander woorde kon verklaar waarom die voorkoms van 'n bepaalde afwyking by twee verskillende bevolking verskil, ten spyte daarvan dat die aard en tipe reaksie op gedrag dieselfde is? Volgens Gibbs kan die etiketteringsbenadering hierdie vraag nie beantwoord nie.
- (ii) Waarom begaan sekere persone die afwykende handeling en ander nie? Volgens Gibbs is dié benadering ook glad nie in staat om hierop 'n antwoord te verskaf nie. Daar moet egter toegegee word dat die eksponente van die etiketteringsbenadering ten minste 'n gedeeltelike antwoord op hierdie vraag sou kon verskaf deur aan te voer dat sekere persone, byvoorbeeld diegene in 'n laer gesagsposisie, meer blootgestel is aan die reaksie van ander. Dit is egter hoogstens 'n gedeeltelike antwoord op Gibbs se probleemvraag en daarom besliss ook nie 'n volkome bevredigende een nie.
- (iii) Waarom word 'n bepaalde afwykende handeling in sekere samelewings as afwykend beskou en in ander nie? Selfs al sou afwykende gedrag in terme van ander se reaksies tot gedrag gedefinieer word, kan hierdie identifisering nie 'n antwoord op die

gestelde vraag verskaf nie, "after all", sê Gibbs, "a certain kind of reaction may identify behavior as deviant, but it obviously does not explain why the behavior is deviant".¹⁴⁾

Gibbs kom dan tot die gevolgtrekking - en in 'n sekere sin tereg - dat die etiketteringsbenadering 'n vae benadering eerder as 'n werklik verklarende teorie vir afwykende gedrag is. Voordat daar sprake van so 'n teorie kan wees, is daar, volgens hom heelwat konsepsuele uitbreiding en opheldering asook meer empiriese ondersoeke nodig. Op dergelike kritiek gee beide Schur¹⁵⁾ en Becker¹⁶⁾ geredelik toe dat die eksponente van die etiketteringsbenadering nie 'n volwaardige sistematiese teorie aangaande afwykende gedrag daargestel het nie. Trouens, Becker voer self verder aan dat hy nooit onder die indruk was dat sy eie en anderse oorspronklike stellings 'n teorie is of moet wees nie.

Daar moet dus met Gibbs saamgestem word dat die etiketteringsbenadering op hierdie stadium nie 'n volwaardige teorie aangaande afwykende gedrag is nie, maar eerder as 'n bepaalde breë oriëntasie of perspektief beskou moet word. Dit is natuurlik ook in ooreenstemming met Skidmore¹⁷⁾ se beskouing van Simboliese Interaksionisme in die breë wat hy eweneens - om dieselde redes - as 'n perspektief tipeer. Weens sy gebrek aan duidelik omskrewe definisies, 'n stel interverwante proposisies en toetsbare hipoteses word die etiketteringsbenadering weliswaar op hierdie stadium van sy ontwikkeling as 'n volwaardige teorie gediskwalifiseer. Dat die benadering egter beslis die potensiaal vir 'n teorie inhou, mits sekere toepaslike wysigings en uitbreidings by sy huidige vorm aangebring word, is ewe waar. Daar sou in elk geval op hierdie stadium reeds van 'n teorie-in-wording gepraat kon word. Per slot van rekening is so 'n breë oriëntasie nie vreemd aan die sosiologiese teorie nie.

Trouens, so 'n oriëntasie gaan dikwels substantiewe teorie vooraf.

Ofskoon die eksponente van die benadering wel diepgaande aandag skenk aan die proses van afwykend-word is daar geen daadwerklike poging om die aanvanklike oortreding te verklaar nie, en speel die reaksies van ander eers 'n oorsaaklike rol nadat die aanvanklike oortreding reeds begaan is.¹⁸⁾ In hierdie verband sê Akers dat afwykende gedrag altyd in die eerste plek gepleeg word "because of the particular contingencies and circumstances in their lives, quite apart from or in combination with the labels which others apply to them. The labeling process is not completely arbitrary and unrelated to the behavior of those detected and labeled".¹⁹⁾ Die gedrag gaan dus in normale gevalle die etiket vooraf, en in hierdie gevalle skeep die gedrag in der waarheid die etiket. In die opsig dat daar inderdaad slegs van reaksies sprake kan wees ná die aanvanklike oortreding is eksponente van die etiketteringseksponente natuurlik logies korrek. Ook moet 'n mens in die beoordeling van die benadering ten opsigte van hierdie aspek steeds Becker se regverdiging in gedagte hou dat dit nooit die idee van skrywers in die etiketteringstradisie was om oplossings vir die etiologiese vraagstukke te probeer bied nie. Hierdie skrywers het, volgens hom, meer beskeie oogmerke gehad, naamlik slegs om die terrein van die Sosiologie van Afwykende Gedrag te vergroot deur bykomende ter saaklike verskynsels daarby in te sluit.²⁰⁾

Daar kan weinig twyfel bestaan dat die etiketteringsbenadering vir die primêre etiologie van afwykende gedrag in sy raamwerk sal moet plek maak voordat dit 'n maksimum-bruikbaarheid as verklaring vir afwykende gedrag sal kan bied. Tegelykertyd egter toegegee dat daar beslis 'n verskil is tussen 'n meer algemene of omvattende verklaring van afwykende gedrag en 'n spesifieke selfs sosiologies-eng verklaring van die proses van afwykend-word, en dat alles-omvattende verklarings en

enger vakwetenskaplike verklarings ewe geregverdig binne die vakkaders van wetenskapsbeoefening is.

Daar bestaan klaarblyklik by etiketteringseksponente verwarring en 'n onduidelikheid aangaande die rol wat normoortreding enersyds en samelewingsreaksies andersyds in die verklaring van afwykende gedrag speel. Soos elders reeds aangetoon, is dit veral Becker wat die skuld vir hierdie vaagheid en selfs verwarring moet kry.²¹⁾ Wat hierdie konsepsuele vaagheid en verwarring verder aanhelp, is die feit dat daar ten opsigte van die rol wat ander se reaksies in die definisie van afwykende gedrag speel ook nie by verskillende eksponente eenstemmigheid bestaan nie.²²⁾ Om weg te kom van hierdie kritiek probeer Becker hierdie eensydigheid self regstel. In sy artikel "Labeling Theory Reconsidered" sê hy die volgende: "Further, the act of labeling, as carried out by modern entrepreneurs, while important, cannot possibly be conceived as the sole explanation of what alleged deviants actually do. It would be foolish to propose that stick-up men stick people up simply because someone has labelled them stick-up men, or that everything a homosexual does result from someone having called him a homosexual".²³⁾ Becker gee dus hierdeur te kenne dat die etiket of ander se reaksies nie voldoende is vir die verklaring van sosiale afwyking nie. Ten spyte van hierdie toegewing blyk die teenoorgestelde oortuiging egter ooglopend uit sy publikasies, naamlik dat hy blykbaar wel die reaksies van ander as 'n voldoende kriterium vir afwykende gedrag beskou.

Davis²⁴⁾ kritiseer die etiketteringsbenadering omdat dit, na haar mening, oorwegend 'n akteur-dominante eerder as 'n organisasie-gesentreerde ontleding van afwyking bied. Hiermee bedoel sy dat etiketteringshipoteses die uitwerking van etikettering op die akteur beklemtoon en selfs oorbeklemtoon, terwyl die organisatoriese aspek van sosiale kontrole grootliks geïgnoreer word. Sy motiveer

soos volg: "The core propositions of Lemert's social control model included the structural emphasis on social differentiation, power exchanges, and conflict as a basis for the sociologist's coming to terms with social control and social change".²⁵⁾ Deur die kern van Lemert se sienswyse aangaande sosiale kontrole só te sien, is Davis dus van mening dat Lemert ten opsigte van sosiale kontrole 'n ryk veld vir ontginning blootgestel het, waarin veral magsdifferensiasie en konflik sterk figurer. Hierdeur het Lemert dus vir sosioloë die geleentheid geskep om sosiale konflik in afwyking-situasie, asook in sosiale kontrole-burokrasieë te bestudeer.²⁶⁾ Volgens Davis ontgin die etiketterings-eksponente egter nie hierdie veld genoegsaam nie.

Indedaad moet Davis gelyk gegee word daarin dat Lemert wel in sy uiteensetting van sosiale kontrole hoofsaaklik aan die verskynsels van konflikpotensiaal en magsverskille aandag skenk. Hierdeur lê hy inderdaad 'n nuwe perspektief ten opsigte van sosiale kontrole bloot. Dit wil egter voorkom asof Davis die ander, teenoorge-stelde fasct van sosiale kontrole op die agtergrond wil skuif; 'n modus operandi wat eweneens 'n eensydige beeld van hierdie sosiale kontroleproses in die hand sal werk, en hierteen moet gewaak word. Dat etiketterings-eksponente eerder geneë is om aandag aan ander se reaksies in hul bestudering van afwykende gedrag te skenk as aan die sogenaamde "organisasie"-aspek van sosiale kontrole, is egter nie vreemd nie. Hierdie fasct van afwyking, naamlik ander se reaksies, is tog eie aan dié benadering en die verdienste daarvan is juis daarin geleë dat dit net so 'n ryke veld vir sosiologiese ondersoek blootgestel het. 'n Veld wat ook nie sonder verrekening van die meer bekende fasette van afwyking 'n getroue totaalbeeld van afwykende gedrag kan gee nie.

Alle eksponente van die etiketteringsbenadering tot sosiale afwyking is in hul beskouinge besonder sensitief

vir die respons van die afwykende op ander se reaksies. Hierdie sensitiwiteit is egter grotendeels negatief-eensydig, aangesien die etiketteringsproses veelal uitgebeeld word as sou dit in oordrewe mate die versterking en kristallisering van afwykende gedrag as 'n leefwyse tot gevolg hê. "Hierdie negatiewe nasleep word toegeskryf aan wat beskou word as tipiese gevolge van die etiketteringsproses, naamlik die isolasie van die afwykende van nie-afwykende sosiale verhoudings en 'n gevolglike aanvaarding van 'n definisie van die self as 'n afwykende persoon".²⁷⁾ Alhoewel hierdie versterkings-effek belangrik is, en die etiketteringsbenadering juis deur die identifisering en beklemtoning daarvan 'n beslissende bydrae tot die verklaringsbegrip van afwykende gedrag lewer, is daar ongetwyfeld ook ander, meer positiewe gevolge van die etiketteringsproses waaraan geen aandag geskenk word nie en by gebrek waaraan 'n onvolledige en negatief-eensydige beeld in hierdie verband geskep word.

Vir Thorsell en Klemke²⁸⁾ is dit onbegryplik waarom die benadering so 'n eensydige fokus stel, aangesien daar in literatuur, asook in persoonlike ervaring tog genoegsame aanduidings van die positiewe uitwerking van die etiketteringsproses is. Hulle stel dit soos volg: "Moreover, one's own everyday experiences and observations and common sense all lend support to the general contention that labeling by friends, peers, colleagues, and other associates often does result in a cessation of deviant behavior and can deter future deviance".²⁹⁾

Gloobaal beskou kan die etiketteringsproses dus beide positiewe sowel as negatiewe gevolge hê, afhangende van sekere voorwaardes verbonde aan die etiketteringsproses. Om hierdie wanbalans in die etiketteringsbenadering op daadwerklike wyse te illustreer en reg te stel, kom Thorsell en Klemke na 'n literatuurverkenning tot die gevolgtrekking dat die etiketteringsproses in

die volgende gevalle 'n einde sal bring aan afwykende gedrag en toekomstige afwyking sal verhoed eerder as om dit te versterk:³⁰⁾

- (i) As die geëtketteerde persoon 'n primêr-afwykende eerder as 'n sekondêr-afwykende is.
- (ii) As die etiketering uitgevoer is deur 'n lid van die "in-groep" of betekenisvolle ander.
- (iii) As die etikettering in vertroulike konteks uitgevoer word met die verstandhouding dat toekomstige afwyking openbaar gemaak sal word.
- (iv) As die etiket maklik verwyder kan word nadat die afwyking gestaak is.
- (v) As die etikettering daarin slaag om die afwykende in die gemeenskap te herintegreer.
- (vi) As die etiket meer gunstig as nadelig is.

Op sy beurt is Bordua³¹⁾ weer van mening dat die etiketteringsbenadering deur 'n oordrewe beklemtoning van die negatiewe gevolge van etikettering noodwendig ook die negatiewe uitwerking van sosiale kontrole-instansies oorbeklemtoon. Geen aandag word aan die positiewe resultate van sosiale kontrole geskenk nie; terwyl daar tog geen twyfel kan bestaan dat agense van sosiale kontrole dikwels afwykende gedrag voorkom en ook persone wat reeds afgewyk het, rehabiliteer. Andermaal verdedig Becker³²⁾ ook in hierdie verband die standpunt van die etiketteringsbenadering as hy sê dat hierdie benadering nie die positiewe uitwerking van sosiale kontrole-agense wil ontken nie, maar dat die oogmerk van die benadering weer eens slegs is om ook 'n regmatige plek aan die ander sy van die saak - wat in ander benaderings grotendeels negeer word - te gee. Gesien in die lig van hierdie standpunt van Becker, is Bordua se kritiek nie heeltemaal geregtig nie, aangesien die etiketteringsbenadering nie die positiewe resultate van sosiale kontrole misken nie, alhoewel hierdie indruk tog in literatuur geskep word, juis omdat dit die positiewe resultate nie eksplisiet stel nie. Bordua

moet egter gelyk gegee word in sy sienswyse dat 'n volledige teorie aangaande afwykende gedrag wel beide positiewe en negatiewe gevolge van sosiale kontrole sal moet verreken. In die mate waartoe die etiketteringsbenadering dus slegs op die negatiewe gevolge klem lê, bestaan daar wel 'n leemte en selfs 'n moontlikheid van eensydige interpretasie.

Die feit dat die etiketteringsbenadering soveel konsentreer op ander persone se reaksie in die verklaring van afwykende gedrag het in 'n groot mate tot gevolg dat die afwyking in werklikheid vanuit die oogpunt van die afwykende gesien word, met die verdere gevolg dat die benadering dikwels gekritiseer word as sou dit 'n soort "underdog"-sosiologie voorkom en afwyking sodoende in 'n kleed van romantisisme beklee,³³⁾ In hierdie verband sê Gibbons en Jones: "... labelers becloud the phenomena of deviance in romanticism, as when it offers up a picture of 'Hell's Angels' members as noble ruffians or prostitutes as 'happy hookers', rather than describing these individuals more accurately".³⁴⁾

In sy bekende artikel "Whose side are we on?"³⁵⁾ verdedig Becker hierdie "underdog" - stellingname van die etiketteringsbenadering. Hy voer aan dat enige sosioloog wat afwykende gedrag wil bestudeer noodwendig moet kant kies; dit wil sê die afwyking vanuit óf die "underdog" óf die "upperdog" se gesigspunt moet bestudeer. Die meeste benaderings tot die bestudering van afwykende gedrag verkies egter om die afwyking vanuit die oogpunt van die "upperdog" te bestudeer. Hierdie benaderings aanvaar dus 'n bepaalde "hiërargie van geloofwaardigheid," naamlik dat sekere persone, veral diegene in gesagsposisies, weet wat reg en wat verkeerd is en verder ook die reg het om hul sienswyse daaromtrent op ander af te dwing. Die etiketteringseksponente weier egter om hierdie "hiërargie van geloofwaardigheid" te aanvaar - en dit is hierdie weiering wat daartoe aanleiding gee

dat hulle as "underdog" sosioloë bestempel word. Wat verder vir Becker interessant en onverstaanbaar is, is dat diegene wat afwyking vanuit die oogpunt van die "upperdog" bestudeer, nooit van partydigheid beskuldig word nie; terwyl 'n "underdog"-standpunt altyd as sydig en subjektief gekritiseer word. Vir Becker is dit nie van veel belang watter kant -- die van die "underdog" of die "upperdog"- gekies word nie. Maar dit is vir hom belangriker dat beide kante wel toegelig moet word ten einde 'n eensydige beeld van afwykende gedrag te verhoed. Indien wetenskaplikes met hulleself eerlik is ten opsigte van die aanwending van wetenskaplike standaarde in die toepassing van geldige prosedures en tegnieke, hoef 'n skewe beeld van afwyking nie noodwendig te volg indien die standpunt van die afwykende ingeneem word nie.

Waar die meeste kritici die etiketteringseksponente dan as "underdog"-sosioloë en verder selfs as polities-radikaal beskou, is Alvin Gouldner die teenoorgestelde mening toegedaan. Volgens hom getuig die etiketteringsbenadering eerder van 'n konserwatiewe perspektief op die samelewing en sy probleme.³⁶⁾ Gouldner beskuldig etiketteringseksponente daarvan dat hulle sekere nie-politiese afwykings verromantiseer en die kruks van die saak, naamlik indringende kritiek teen politieke instellings en die sosiale sisteem in die geheel, vermy. Hy voer verder aan dat die benadering onnodiglik op die aktiwiteite van minder belangrike lokale amptenare ag slaan, terwyl die direkte ontleding van die nasionale "establishment" liefs vermy word. Dié leemte in die werkswyse van die etiketteringseksponente spruit volgens Gouldner uit hul vrees vir die belangrike gesagvoerders, aangesien hierdie gesagvoerders of "establishment" oor die beheer van belangrike fasiliteite soos onder andere ook navorsingsfondse beskik.

Schur³⁷⁾ voel dat Gouldner se kritiek ongegrond is, dat dit spruit uit sy eie politieke-radikale ingesteldheid en ook uit die feit dat sy belangstellingsveld van die van die etiketteringseksponente verskil. Gouldner se belangstellingsterrein lê vir Schur veeleer op die terrein van politieke-, sosio-ekonomiese- en rassekonflik. Verder - aldus Schur - konsentreer die etiketteringsbenadering ook nie slegs op die aktiwiteite van plaaslike amptenare nie. Daar word eweneens aandag geskenk aan die optrede en reaksies van nasionale reaktors. Wat egter volgens hom wel gebeur - en wat ook geregverdig is - is dat meer aandag aan plaaslike reaktors verleen word, aangesien dit juis hierdie plaaslike amptenare en instansies is wat die grootste etiketteerders van afwykendes is. Voorts - alhoewel Schur nie daarvan melding maak nie - sou Gouldner se siening van die etiketteringsbenadering heelwaarskynlik ook spruit uit sy radikale siening van die taak van die Sosiologie.

Daar moet toegegee word dat die etiketteringsbenadering, in die geheel gesien, wel die indruk van 'n "underdog"-sosiologie, asook van 'n radikale en linkse politieke oriëntasie skep.³⁸⁾ Dit is egter die mening van die skrywer dat hierdie oriëntasie nie inherent in die benadering opgesluit is nie,³⁹⁾ maar eerder gekoppel is, en aldus toe te skryf is, aan die uitgangspunte van individuele eksponente.

Nanette Davis⁴⁰⁾ beskuldig die etiketteringsbenadering van 'n "metodologiese inhibisie". Hierdie "metodologiese inhibisie" kan volgens haar toegeskryf word aan die onvermoë van die benadering om die losstaande proposisies waaroor dit beskik, empiries te verifieer. Dergelyke onvoldoende empiriese verifikasie kan weer toegeskryf word aan die benadering se beklemtoning van Blumer se gedagte van "direkte ondersoek van die empiriese wêreld"⁴¹⁾ In hierdie verband sê Pretorius: "Blumer se gedagte van

direkte ondersoek van die empiriese wêreld ontwikkel soms in 'n oordrewe verkleefdheid aan deelnemende waarneming en 'n gevolglike preokkupasie met afwykendes. Alhoewel die individuele of gevallestudie-ontleding, wat algemeen in die geskifte van etiketteerders voorkom, insiggewend en suggestieryk is, gaan dit selde verder as 'n impressionistiese en enge gemocidheid met spesifieke afwykende kategorieë"⁴²⁾

Daar bestaan dus weliswaar weinig twyfel dat die "Verstennen"-benadering, en gepaard daarmee ook deelnemende waarneming, die oorwegende metodologiese benadering en navorsingshulpmiddel van die etiketteringsbenadering is. Nogtans stel Schur dit pertinent dat die gedagte nie daarom moet bestaan dat deelnemende waarneming die enigste hulpmiddel is wat deur die etiketteringsbenadering in navorsing aangewend kan word nie. Hy glo dat enige sosiologiese navorsingsprosedure en -tegniek ook met vrug deur hierdie benadering aangewend kan word.

Hierdie verkleefdheid van die etiketteringsbenadering aan deelnemende waarneming het egter vir kritici ook nog ander implikasies: Die verwerping van die "underdog"-etiket deur die etiketteringsbenadering, tesame met die kritiek dat die benadering afwykende gedrag in 'n kleed van romantisisme hul en ook hoofsaaklik aan sogenaamde eksotiese afwykings aandag skenk, is heelwaarskynlik na hierdie verkleefdheid terug te voer. In hierdie verband motiveer Davis: "But the cult-like adherence in some quarters to participant observation, and the ideology of involvement has tended to focus on the sociologist 'making the scene', 'getting where the action is', or achieving 'close-ups' of exotic deviants and their careers".⁴³⁾

C. BYDRAES

Afgesien van die voorgaande kritiek wat weliswaar met reg teen die etiketteringsbenadering geopper word, lewer die benadering tog ook sekere belangrike bydrae tot die Sosiologie van Afwykende Gedrag. Die hieropvolgende skenk dan meer pertinent aandag aan hierdie verdienste van die etiketteringsbenadering sover dit afwykende gedrag betref:

Sekerlik die belangrikste bydrae wat die etiketteringsbenadering tot die begrip en verklaring van afwykende gedrag lewer, is die feit dat dié benadering juis 'n skerp soeklig plaas op sekere van die tot dusver onontginde, en sodoende hoofsaaklik onbekende en verwaarloosde fasette van die verskynsel van afwykende gedrag. Veral deur afwykende gedrag vanuit die oogpunt van die afwykende te beskou en sodoende aandag te skenk aan die rol wat ander, nie-afwykende persone in afwykende gedrag speel, ontvou die etiketteringseksponente 'n aspek van die verskynsel van sosiale afwyking wat tot op hede weinig wetenskaplike aandag geniet het. Voorts word die volgende relatief onbekende fasette nadruklik onder die aandag van sosioloë gebring:

Etiketteringseksponente toon op ondubbelsinnige wyse dat nie slegs afwykende persone by sosiale afwyking betrokke is, en derhalwe by die bestudering daarvan betrek moet word nie, maar wys klemlegend daarop dat ook konformeerders onlosmaaklik by afwykende gedrag betrokke is, en derhalwe ook deel van die studieterrein van die Sosiologie van Afwykende Gedrag moet vorm. Daar word dus nie slegs aandag bestee aan dit wat die afwykende doen nie, maar veral ook klem gelê op die doen en late van die nie-afwykende.

Verder verskuif die etiketteringsbenadering die klem vanaf die soeke na die oorsake van afwykende gedrag na die

proses waarvolgens afwyking en afwykendes gedefinieer word - verskuif die klem dus na die proses van afwykend-word. Deur so 'n klemverskuiwing word verskeie belangrike en interessante interaksionistiese prosesse wat voorheen in ander benadering verwaarloos is onder die soeklig geplaas.

Alhoewel die onafskeidbaarheid van afwyking en kontrole reeds lankal deur sosioloë besef en erken word, lê die eksponente van die etiketteringsbenadering in die verhouding afwyking-sosiale kontrole veral groter klem op die sosiale kontrole-kant van die verhouding. Nie alleen word indringende aandag geskenk aan die optrede van sosiale kontrole-agense nie, maar word die verhouding selfs omgekeer, soos blyk uit die volgende sienswyse van Lemert: "... a large turn away from older sociology which tended to rest heavily upon the idea that deviance leads to social control. I have come to believe the reverse idea, i.e., social control leads to social deviance, is equally tenable and the potentially richer premise for studying deviance in modern society".⁴⁴⁾ So 'n benadering maak in die laaste instansie dan ook 'n herwaardering van sosiale kontrole-agense en hul hantering van die afwykende noodsaaklik, ten spyte van die ietwat onortodokse kleur wat dit dra.

Vanweë die sterk en wye invloed van die funksionele benadering in die moderne Sosiologie, het die belangrike faset van konflik op vele sosiologies-relevante terreine, met inbegrip van afwykende gedrag, grootliks agterweë gebly. Die interaksioniste- en veral by monde van die eksponente van die etiketteringsbenadering - bring egter die konflikaspek, tesame met die politieke aspek opnuut sterk onder die aandag van sosioloë deur die noue verband tussen konflik en sosiale afwyking en kontrole aan te toon.⁴⁵⁾ 'n Stelling van Becker is hier van belang: "In addition to recognizing that deviance is created by the responses of people to

particular kinds of behavior, by labeling of that behavior as deviant, we must also keep in mind that the rules created and maintained by such labeling are not universally agreed to. Instead, they are the object of conflict and disagreement, part of the political process of society".⁴⁶⁾ Ook Schur merk tereg op dat magsverskille en konflik vir die etiketteringsbenadering veral van belang is in die bepaling van die vatbaarheid vir en die weerstand teen die etiketteringsprose.⁴⁷⁾ Dit is egter veral John Lofland⁴⁸⁾ wat die konfliktelement betrokke by afwyking duidelik illustreer. Volgens hom sal dit van die verskillende konfigurasies van mag, vrees en bedreiging afhang of 'n situasie as afwykend beskou sal word, al dan nie. Die werklike bestaan van afwyking word, volgens hom, bepaal deur "the dynamics of what proportion of society, how well organized and how powerful, are fearful of, and feel threatened by, some other portion of society".⁴⁹⁾ Vir gedrag om doeltreffend as afwykend gedefinieer te kan word, moet daar volgens Lofland dan ten minste 'n groot minderheid wees wat deur hierdie besondere gedrag bedreig voel. Konflik is dus vir Lofland 'n integrale, onafskeidbare en noodwendige deel van afwykende gedrag. Alhoewel Lofland - en ook ander eendersdenkendes - die konflik aspek in die begrip van afwykende gedrag ooglopend en heelwat oordryf, moet nogtans erken word dat dit wel 'n rol in afwykende gedrag speel en aldus in enige konsepsuele skema aangaande sosiale afwyking op regmatige wyse verrcken moet word.

In 'n sekere mate slaag die etiketteringsbenadering daarin om ook die verband tussen afwyking en sosiale verandering skerper onder die aandag van sosioloë te bring. Deur na afwyking deur die bril van die afwykende te kyk, slaag etiketteringseksponente dikwels daarin om simpatie vir die afwykendes by die algemene publiek te wen, met die gevolg dat hierdie afwykendes na 'n sagmaak-proses dan ook dikwels deur die samelewing met simpatie aanvaar word. Hier word byvoorbeeld gedink aan die verandering wat alreeds

in Amerika en in sekere Eropese gemeenskappe, maar ook hier te lande, ten opsigte van die houding teenoor homoseksualisme, dwelmverslawing en veral alkoholisme ingetree het.

Die laaste verwaarloosde faset van afwykende gedrag wat deur die etiketteringseksponente onder sosioloë se aandag gebring word, is die feit dat die benadering erkenning verleen aan die algemeen aanvaarde, maar weinig gebruikte gedagte van kultuur as essensiële element van menslike en dus ook van afwykende gedrag. Die etiketteringsbenadering erken en gee ook eksplisiet aandag aan die belangrikheid van kultuur in menslike gedrag en aan die feit dat kultuur 'n belangrike tussenkomende veranderlike tussen die menslike organisme en sy omgewing is. Dit geld eweveel vir sover dit ook die afwykende gedrag van mense betref.

In noue aansluiting by die voorgaande lewer die etiketteringsbenadering ook 'n bydrae dáárin dat hulle aantoon en beklemtoon dat afwykende gedrag baie meer kompleks is as wat algemeen aanvaar word, en dat hierdie soort gedrag daarom ook nie so eenvoudig te verklaar en ook te beheer is as wat dikwels die algemene gevoel is nie. Meer nog: Schur⁵⁰⁾ wys daarop dat die etiketteringsbenadering ook veel bygedra het om weg te kom van die idee dat afwyking "either-or" is. Hy sê in dié verband: "The labeling theorists' stress on degrees of 'commitment' to deviant roles and on the distinction between deviating acts and deviating identities has helped to render conceptions less acceptable".⁵¹⁾

Verreweg die meeste benaderings tot sosiale afwyking lê veral klem op die statistiese bestudering en vergelyking van afwykende gedrag.⁵²⁾ Hierdie statistiese werkswyse het volgens Polsky dié nadeel dat sosioloë "can't see people anymore, except through punched cards and one-way mirrors"⁵³⁾ Vir Schur⁵⁴⁾ lewer die etiketterings-

benadering dan juis sy besondere metodologiese bydrae deur weg te kom van hierdie kwantifisering van gegevens, en spesifiek deur die feit dat die etiketterings-eksponente meesal, hoewel vir hom nie uitsluitlik nie, veral van deelnemende waarneming in navorsing gebruik maak. Op hierdie wyse word die waarde en bruikbaarheid van deelnemende waarneming natuurlik ook opnuut onder die aandag van sosioloë gebring. Inderdaad val hierdie waarde en bruikbaarheid van deelnemende waarneming - ook sover dit die studie van afwykende gedrag betref - maklik op as Severyn Bruyn juis met verwysing daarna sê: "By taking the role of his subjects he re-creates in his own imagination and experience the thoughts and feelings which are in the minds of those he studies. It is through a process of symbolic interpretation of the 'experienced culture' that the observer works with his data and discovers meanings in them".⁵⁵⁾ Op hierdie wyse kan navorsers dan inderdaad ook aangaande afwykende gedrag eerstehandse kennis opdoen.

'n Verdere besliste verdienste van die etiketteringsbenaderingen wat noue verband hou met die benadering se verbintenis aan die Simboliese Interaksionisme, is die feit dat hierdie benadering daarvoor pleit dat elke afwykende op sigself en volgens eie meriete bestudeer moet word. Hieraan is egter ook 'n besliste nadeel verbonde, naamlik dat dit terselfdertyd die veralgemeningstaak van die sosioloog bemoeilik.

D. GEVOLGTREKKING

Soos uit voorgaande reeds duidelik behoort te wees, is die verwantskap van die etiketteringsbenadering met die Simboliese Interaksionisme onmiskenbaar. Hierdie verbintenis blyk baie duidelik uit die wyse waarop die sentrale beginsels van die Simboliese Interaksionisme ook in die etiketteringsbenadering aangetref word. So

ontstaan nie alleen menslike handeling - in hierdie geval dan afwykende handeling - deur 'n refleksiewe, betekenisvolle interaksieproses nie, maar is ook die aard van die afwykende persoon en die ontwikkeling van 'n afwykende selfbeeld of -identiteit nie los te maak van 'n sosiale of interaksionistiese konteks nie.

Afgesien van die duidelike en noue verband tussen die etiketteringsbenadering en die Simboliese Interaksionisme vertoon die etiketteringsbenadering tog ook 'n eie individualiteit deurdat die benadering meer klem lê op sekere fasette van die Simboliese Interaksionisme - inderdaad sekere fasette oorbeklemtoon ten koste van ander. So word die rol wat die "ander" in die proses van afwykend-word speel, oorbeklemtoon terwyl 'n baie sentrale tema van die Simboliese Interaksionisme, naamlik die rol van die self, verwaarloos word (alhoewel nie heeltemal buite rekening gelaat nie). Hierdie bepaalde beklemtoning kan heelwaarskynlik aan een of beide van die volgende faktore toegeskryf word: Eerstens die "underdog"-simpatie van die etiketteringseksponente. Deurdat afwykende gedrag vanuit die afwykende se oogpunt bestudeer word, en daar sodoende 'n groot mate van simpatie vir die afwykende ontwikkel, is daar 'n klaarblyklike neiging by eksponente van die etiketteringsbenadering om "die skuld op ander te pak" en sodoende hulle rol in die persoon se afwyking te oorbeklemtoon. 'n Tweede rede vir die oorbeklemtoning van die rol van ander in sosiale afwyking kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat eksponente van die etiketteringsbenadering in so 'n groot mate teen die ander benaderings wat "die skuld weer op die afwykende wil pak" in opstand kom, dat hulle oorreageer teenoor hierdie benaderings en aldus weer die teenoorgestelde standpunt ooraksentueer.

Laasgenoemde verskynsel is natuurlik nie vreemd aan die sosiologiese teorie nie. Dit gebeur dikwels - soos ook

in die geval van die etiketteringsbenadering - dat eksponente en voorstanders van 'n "nuwer" benadering in só 'n mate op die leemtes en gebreke van die "ouere" benaderings ingestel is, dat hulle neig om hul eie standpunt te oordryf, en sodoende die veranderlikes wat na hulle mening betrek moet word in so 'n groot mate oorbeklemtoon dat hul benadering ekstremisties voorkom. Die etiketteringsbenadering, en ook die meer gevestigde benaderings tot sosiale afwyking, dit wil sê die huidige stand van teoretiese standpunte aangaande afwykende gedrag, waarsku die Sosiologie dus weer eens teen ekstremistiese standpunte waar sekere veranderlikes met uitsluiting van ander benadruk word.

'n Gevaar verbonde aan die evaluering van die etiketteringsbenadering is dat die benadering summier verwerp kan word ten spyte daarvan dat dit 'n belowende benadering tot die bestudering van afwykende gedrag is - afgesien van leemtes wat daarin voorkom. Kritici wat die etiketteringsbenadering op so 'n wyse wil verwerp, is geneig om die benadering as alternatiewe benadering tot die bestudering van afwykende gedrag te beskou. Dit is egter nie 'n korrekte beskouing nie. Die etiketteringsbenadering tot afwykende gedrag moet veeleer as 'n aanvullende benadering tot die studie van sosiale afwyking beskou word aangesien dit belangrike fasette van afwykende gedrag, wat nie deur ander benaderings toegelig word nie, onder die aandagbring en toelig. Waar die meer tradisionele benaderings konsentreer op die verklaring van aanvanklike afwykings, bied die etiketteringsbenadering 'n verklaring vir die verdere proses van afwykend-word. Dit kan nie betwis word dat die verklaring van beide hierdie fasette essensieel is vir 'n begrip van die verskynsel van menslike afwykende gedrag nie.

Die onbenydenswaardige maar essensiële taak wat dus nou op die sosioloog wat in die verklaring van afwykende gedrag belangstel se skouers rus, is om 'n sintese tussen

die tradisionele benadering en die etiketteringsbenadering te trof. So 'n sintese sal nie alleen aan die sosioloog 'n duideliker geheelbeeld van die verskynsel van afwykende gedrag gee nie, maar sal ook die sosiologiese verklaringsmoontlikhede en die begrip van die verskynsel verhoog.

VERWYSINGS

1. Gibbons, D.C. & Jones, J.F. The Study of Deviance: Perspectives and Problems, p. 31.
2. Akers, Ronald A. Deviant Behavior: A Social Learning Approach, p. 24.
3. Bordua, David J. "Recent Trends: Deviant Behavior and Social Control", The Annals of the American Academy of Political and Social Science, Vol.369, 1967, p. 153.
4. Ibid., p. 153
5. Schur, Edwin M. Labeling Deviant Behavior: Its Sociological Implications, p. 161.
6. Ibid., p. 162.
7. Vergelyk p. 36 van hierdie verhandeling.
8. Vergelyk p. 95 van hierdie verhandeling.
9. Matza, David. Becoming Deviant, p. 122.
10. Vergelyk die verskillende definisies van die eksponente wat in hierdie verhandeling bespreek word.
11. Gibbs, Jack. "A Critique of the Labeling Perspective" in Rubington, Earl & Weinberg, Martin S. (Eds) The Study of Social Problems, p. 201.
12. Vergelyk byvoorbeeld Lemert, Becker en Matza se proses van afwykend-word.
13. Gibbs, Jack. op. cit., p. 199.
14. Ibid., p. 201.
15. Schur, Edwin M. op. cit., pp. 19-20.
16. Becker, Howard S. "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul & McIntosh, Mary. Deviance and Social Control, p. 42.
17. Skidmore, William. Theoretical Thinking in Sociology, pp. 65-66.
18. Vergelyk ook Akers, Ronald A. op. cit., p. 25, en Bordua, David J. op. cit., p. 153.
19. Akers, Ronald A. op. cit., p. 25.

20. Becker, Howard S. "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul & McIntosh, Mary. op. cit., p. 42.
21. Vergelyk p. 65 van hierdie verhandeling.
22. Vergelyk byvoorbeeld die verskille tussen Schur, Erikson en Kitsuse.
23. Becker, Howard S. "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul & Mc Intosh, Mary. op. cit., p. 42
24. Davis, Nanette. "Labelling Theory in Deviance Research: A Critique and Resonsideration", The Sociological Quarterly, Vol. 13, 1972, p. 452.
25. Ibid., p. 452.
26. Gibbons, D.C, & Jones, J.F. op. cit., p. 133.
27. Pretorius, E. "Die Etiketteringsbenadering tot Afwykende Gedrag - 'n Literatuurverkenning", Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie, No. 14, 1976, p. 67.
28. Thorsell, Bernard A.& Klemke, Lloyd W. "The Labelling Process: Reinforcement and Detternet?", Law and Society Review, Vol 6, 1972, p. 394.
29. Ibid , p. 394.
30. Ibid., pp. 401-402.
31. Bordua, David J. op. cit., p. 155.
32. Becker, Howard S. "Labelling Theory Reconsidered" in Rock, Paul + McIntosh, Mary. op. cit., pp.42-43.
33. Davis, Nanette. op. cit., pp. 457-460, en ook Gibbons, D.C. & Jones, J.F. op. cit., p. 132.
34. Gibbons, D.C. & Jones, J.F. op. cit., p.132.
35. Becker, Howard S. "Whose Side are We on?", Social Problems, Vol. 14, 1967, pp. 239-247.
36. Gouldner, Alvin W. "The Sociologist as Partisan: Sociology and the Welfare State", American Sociologist, May 1968, pp. 103-104.
- 37 Schur, Edwin M. op. cit., p. 170.
38. Vergelyk veral Matza.
39. Vergelyk byvoorbeeld Lemert se teoretiese model.

40. Davis, Nanette, op. cit., pp. 457-460.
41. Ibid., p. 459.
42. Pretorius, E. op. cit., p. 75.
43. Davis, Nanette. op.cit., p. 459.
44. Lemert, Edwin M. Human Deviance, Social Problems, and Social Control, p. v.
45. Vergelyk Lemert se siening van sosiale kontrole, asook Matza se siening van die rol van die staat in die proses van afwykend-word.
46. Becker, Howard S. Outsiders, p. 18
47. Schur, Edwin M. op. cit., p. 31.
48. Lofland, John. Deviance and Identity.
49. Ibid., p. 13.
50. Schur, Edwin M. op. cit., p. 30.
51. Ibid., p. 32.
52. Vergelyk Ibid., p. 32.
53. Polsky, Ned. Hustlers, Beats and Others, p. 117.
54. Schur, Edwin M. op. cit., p. 34.
55. Bruyn, Severyn. The Human Perspective in Sociology, p. 12

G E R A A D P L E E G D E W E R K E

B O E K E

- Akers, Ronald L: Deviant Behavior: A Social Learning Approach, Wadsworth Publishing Co. Inc., Belmont, California, 1973.
- Barber, Bernard & Inkeles, Alex (Eds.): Stability and Social Change, Little, Brown & Co., Boston, 1971.
- Becker, Howard S: Outsiders: Studies in the Sociology of Deviance, The Free Press of Glencoe, New York, 1963.
- Becker, Howard S (Ed.): The Other Side, The Free Press of Glencoe, New York, 1964.
- Blumer, Herbert: Symbolic Interactionism: Perspective and Method, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.
- Box, Steven: Deviance, Reality and Society, Holt, Rinehart & Winston, Ltd., 1973. (tweede uitgawe)
- Bruyn, Severyn: The Human Perspective in Sociology, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1966.
- Clinard, Marshall B (Ed.): Anomie and Deviant Behavior: A Discussion and Critique, The Free Press of Glencoe, New York, 1964.
- Clinard, Marshall B: Sociology of Deviant Behavior, Rinehart & Co. Inc., New York, 1957.
- Davis, Nanette J: Deviance: Perspectives and Issues in the Field, Wm.C.Brown Co. Publishers, Dubuque, Iowa, 1975.
- Douglas, Jack D (Ed.): Research on Deviance, Random House, New York, 1972.
- Durkheim, Emile: The Division of Labor in Society, The Free Press, New York, 1956.
- Filstead, William J (Ed.): An Introduction to Deviance: Readings in the Process of Making Deviants, Markham Publishing Co., Chicago, 1972.
- Gibbons, Don C. & Jones, Joseph F: The Study of Deviance: Perspectives and Problems, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1975.
- Horton, Paul B & Leslie, Gerald R.: Studies in the Sociology of Social Problems, Appleton-Century Crofts, New York, 1971.

- Larson, Calvin J: Major themes in Sociological theory, David McKay Co., Inc., New York, 1973.
- Lemert, Edwin M: Human Deviance, Social Problems, and Social Control, Prentic-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1967.
- Lemert, Edwin M: Social Pathology, McGraw-hill Book Co., New York, 1951.
- Linton, Ralph: The Study of Man, D. Appleton-Century Co., New York, 1936.
- Lofland, John: Deviance and Identity, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.
- Matza, David: Becoming Deviant, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.
- Mead, George Herbert: Mind, Self and Society, University of Chicago Press, Chicago, 1934.
- Mead, George Herbert: On Social Psychology, University of Chicago Press, Chicago, 1964 (vyfde uitgawe).
- Meltzer, Bernard M., Petras, John W.S., & Reynolds, Larry T: Symbolic Interactionism: Genesis, Varieties, and Criticism, Routledge & Kegan Paul, London, 1975.
- Merton, Robert K. & Nisbet, Robert: Contemporary Social Problems, Harcourt Brace, New York, 1971.
- Polsky, Ned: Hustlers, Beats and Others, Aldine Publishing Co., Chicago, 1967.
- Rock, Paul: Deviant Behavior, Hutchinson & Co., London, 1973.
- Rock, Paul & McIntosh, Mary (Eds.): Deviance and Social Control, Tavistock Publications, London, 1974.
- Rose, Arnold M(Ed.): Human Behavior and Social Processes: An Interactionist Approach, Routledge & Kegan Paul, London, 1972 (tweede druk).
- Rubington, Earl & Weinberg, Martin S(Eds.): Deviance: The Interactionist Perspective, McMillan Co., New York, 1968.
- Rubington, Earl & Weinberg, Martin S: The Study of Social Problems, Oxford University Press, London, 1971.
- Rushing, William A: Deviant Behavior and Social Process, Rand McNally, Chicago, 1969.
- Scheff, Thomas J: Being Mentally Ill, Aldine Publishing Co., Chicago, 1966.

- Schur, Edwin M: Labeling Deviant Behavior: Its Sociological Implications, Harper 7 Row, New York, 1971.
- Schur, Edwin M & Bedau, Hugo Adam: Victimless Crimes, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
- Shibutani, Tomotsu (Ed.): Human Nature and Collective Behavior: Papers in honour of Herbert Blumer, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1970.
- Sjoberg, Gideon & Nett, Roger: A Methodology for Social Research, Harper & Row, New York, 1968.
- Skidmore, William: Theoretical Thinking in Sociology, Cambridge University Press, London, 1975.
- Tannenbaum, Frank: Crime and Community, Ginn Publishers, New York, 1938.
- Taylor, Ian, Watson, Paul & Young, Jack: The New Criminology, Routledge & Kegan Paul, London, 1973.
- Timms, Noel: A Sociological Approach to Social Problems, Routledge & Kegan Paul, New York, 1967.
- Turner, Jonathan H: The Structure of Sociological Theory, The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1974.
- Vold, George: Theoretical Criminology, Oxford University Press, New York, 1958.
- Wootton, Barbara: Social Science and Social Pathology, George Allen & Unwin Ltd., London, 1960 (tweede uitgawe).
- Zijderveld, A.C: De theorie van het Symbolisch Interactio-nisme, Boom Meppel, Amsterdam, 1973.

T Y D S K R I F T E

- Akers, Ronald L: "Problems in the Sociology of Deviance: Social Definitions and Behavior", Social Forces, Vol. 46, 1968, pp. 455-465.
- Becker, Howard S: "Whose side are we on?", Social Problems, Vol. 14, 1966, pp. 239-247.
- Bordua, David J: "Recent Trends: Deviant Behavior and Social Control", The Annals of the American Academy of Political & Social Science, Vol. 369, 1967, pp. 149-163.
- Chiricos, Theodore S., Jackson, Phillip D. & Waldo, Gordon P: "Inequality in the Position of a Criminal Label", Social Problems, Vol. 19, 1972, pp. 553-572.
- Coser, Lewis A: "Some Functions of Deviant Behavior and Normative Flexibility", American Journal of Sociology, Vol. 68, 1962.

- Davis, Nanette: "Labeling theory in Deviance Research: A Critique and Reconsideration", The Sociological Quarterly, Vol. 13, 1972, pp. 447-474.
- Erikson, Kai T: "Notes on the Sociology of Deviance", Social Problems, Vol. 9, 1962, pp.307-314.
- Garfinkel, Harold: "Conditions of Successful Degradation Ceremonies", American Journal of Sociology, Vol.61, 1956, pp. 420-424.
- Gibbs, Jack: "Conceptions of Deviant Behavior : The old and the New", Pacific Sociological Review, Vol. 9, 1966, pp. 9-14.
- Glaser, Barney G. & Strauss, Anselm L: "Awareness Contexts and Social Interaction", American Sociological Review, Vol. 29, 1964, pp. 669-679.
- Goffman, Erving: "The Moral Career of the Mental Patient", Psychiatry, Vol. 22, 1959, pp. 123-142.
- Gouldner, Alvin: "The Sociologist as Partisan: Sociology and the Welfare State", American Sociologist, May, 1968, pp. 103-116.
- Gusfield, Joseph R: "Moral Passage: The Symbolic Process in Public Designations of Deviance", Social Problems, Vol. 15, 1967, pp. 175-188.
- Hagan, John: "Labeling and Deviance: A Case Study in the Sociology of the Interesting", Social Problems, Vol.20, 1973, pp. 447-458.
- Hepburn, John R: "The Role of the Audience in Deviant Behavior and Deviant Identity", Sociology and Social Research, Vol. 59, 1975, pp.385-396.
- Hughes, Everett C: "Dilemmas and Contradictions of Status", American Journal of Sociology, Vol. 50, 1945, pp. 362-379.
- Kitsuse, John I: "Societal Reactions to Deviant Behavior : Problems of theory and Method," Social Problems, Vol.9, 1962, pp. 247-256.
- Lemert, Edwin M: "Beyond Mead: The Societal Reaction to Deviance," Social Problems, Vol.21, 1974, pp.457-468.
- Mankoff, Milton: "Societal Reaction and Career Deviance: A Critical Analysis" , Sociological Quarterly, Vol. 12, 1971, pp. 204-218.
- Mead, George Herbert: "The Psychology of Punitive Judgement", American Journal of Sociology, Vol. 23, 1928, pp. 577-602.

- Merton, Robert K: "Social Structure and Anomie", American Sociological Review, Vol.3, 1938, pp. 336-351.
- Schur, Edwin M: "Reactions to Deviance: A Critical Assessment", American Journal of Sociology, Vol. 65, 1969, pp. 309-322.
- Thorsell, B.A. & Klemke, L.W: "The Labeling Process: Reinforcement and Deterrent?", Law and Society Review, Vol. 6, 1972, pp. 393-403.
- Van Vechten, C: "The Tolerance Quotient as a Device for Defining Certain Social Concepts", American Journal of Sociology, Vol.46, 1946, pp. 35-42.
- Wallace, Walter L (Ed.): Sociological Theory: An Introduction, Heinemann Educational Books, London, 1969.

P R O E F S K R I F

- Van Rensburg, H.C.J.: Die Persoonlikheidskonsep in die in die Sosiologiese Teorie, D.Phil. -proefskrif, Bloemfontein, 1972.

